

Verslag A3.1: Tweede Verslag van die Sinodale Regskommis­sie

Geagte Voorsitter, Broers en Susters,

1. Veranderinge wat aan die Bepalings van die sinode van Namibië aangebring moet word nav wysigings van Artikels van die Kerkorde en ander besluite van die Algemene Sinode 2002

OPMERKINGS: 1. Hierdie aanbevelings moet met 'n twee-derde meerderheid goedgekeur word.

2. Aangesien die wysigings wat in hierdie verslag asook agv die herstrukturering van die Sinode aangebring word, heelwat veranderinge in die numering van die bepalinge gaan meebring, word daar nie telkens gesê dat die numering aangepas moet word nie. Die Sinodale Regskommis­sie sal dit met die samestelling van die nuwe uitgawe regstel.

AANBEVELINGS

1.1 Bepaling 7

1.1.1 Die Sinode skrap die huidige Bepaling 7.1

1.1.2 Die huidige Bepaling 7.2 word vervang met:

7.2 Omruil van standplase

7.2.1 Leraars wat weens buitengewone omstandighede daartoe verplig word of wat 'n omruiling van standplase begeer, kan in oorleg met die betrokke kerkrade reëlings tref vir die omruiling van hulle standplase.

7.2.2 Sodanige reëlings moet met 'n geskrewe ooreenkoms deur die betrokke kerkrade goedgekeur word waarna dit vir goedkeuring aan die ring/ringskommis­sie voorgelê word.

7.2.3 Hierdie ooreenkoms tot omruiling moet eers deur die betrokke ringskommis­sie goedgekeur word voordat uitvoering daaraan gegee mag word.

7.2.4 Kennisgewing hiervan word in die amptelike blad van die kerk gegee.

7.2.5 Die bepalinge ten opsigte van die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente is ook hier van toepassing. (Sien ook die Besluit van die AS 2002)

1.1.3 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 7.5.2.

1.1.4 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 7.6.2

1.1.5 Die Sinode verwys Bepaling 7.6.3, 7.6.4, 8.3.5 en 8.3.6 na die Sinodale Regskommis­sie vir studie en verslag aan die Sinode. Dié bepalinge word in die nuwe uitgawe van die Bepalinge en Reglemente opgeneem met 'n voetnoot wat lui: "Kerkvergadering wat van hierdie bepalinge gebruik wil maak, moet let op die ter sake reglemente en besluite van die Algemene Sinode."

1.1.6 Die Sinode voeg 'n nuwe bepaling na Bepaling 7.7 in wat lui:

7.7 Termynposte

7.7.1 'n Kerkraad mag, in gevalle waar dit nie om 'n permanente pos gaan nie, 'n predikant vir 'n bepaalde termyn en 'n bepaalde taak beroep.

7.7.2 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring / ringskommis­sie wat hom van die meriete daarvan moet vergewis.

7.7.3 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voordat die pos ontstaan het.

1.1.7 Die Sinode voeg in Bepaling 7.8.1 tussen die woorde "bring" en "Regl" die woorde: "Besluit 7b by Artikel 7 en" in.

1.1.8 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.8.3 met:

bring die reëlings van Bepaling 13 (oor lewensonderhoud, pensioen-en mediese fonds, verlof, aanvang van verantwoordelikheid en verhuiskoste) onder die aandag van die beroepende vergadering.

1.1.9 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 7.8.4

1.1.10 Die Sinode skrap die woorde "en Kerklike Inligtingsburo" in Bepaling 7.8.5

1.1.11 Die Sinode voeg tussen Bepaling 7.8.6 en 7.8.7 'n nuwe bepaling in wat lui:

"besorg onmiddellik na die tweede afkondiging van die beroep en nadat die tyd vir besware deur die gemeente verstreke is, die volgende stukke aan die voorsitter/skriba van die Ringskommis­sie waaronder die beroepende gemeente ressorteer, vir bevestiging, namens die ring, dat daar aan al die vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is:

- die beroepsbrief/konsepdienssooreenkoms,
- 'n verklaring dat
 - * alles in verband met die beroeping volgens die kerklike voorskrifte geskied het;
 - * die beroep twee keer in die gemeente afgekondig is;
 - * geen besware in verband met die beroeping ontvang is nie, of dat besware wat ontvang is, volgens die kerklike voorskrifte hanteer is,

1.1.12 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.8.7 met:

Stuur, nadat goedkeuring vir die beroep van die gemeente en die ring/ ringskommissie verkry is, onverwyld die beroepsbrief/konsepdienssooreenkoms aan die beroepene, en versoek hom om ontvangs daarvan sonder versuim telegrafies of telefonies te erken en om binne een week na ontvangs van die beroepsbrief/konsepdienssooreenkoms aan te dui of hy die beroep aanvaar/bedank of verder oor die dienssooreenkoms wil onderhandel. Hierdie onderhandelinge moet binne 'n redelike tydperk afgehandel word.

1.1.13 Die Sinode vervang die woord "kerkraad" in Bepaling 7.9.1 en 7.10.1 met: die woord: "ring"

1.1.14 Die Sinode voeg 'n nuwe Bepaling 7.9.2 in wat lui:

Beswaar teen 'n beroep kan ook uit eie beweging gemaak word deur die ringskommissie wat op grond van enige onreëlmatigheid weier om die beroep goed te keur.

1.1.15 Die Sinode voeg 'n nuwe Bepaling 7.10.2 in wat lui:

'n Beswaar op grond van 'n onreëlmatigheid by die uitbring van die beroep, word deur die Ringskommissie beslis en die beslissing word aan die kerkraad bekend gemaak.

1.1.16 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.10.3 met:

Indien die beswaar in verband met die leer of wandel van die beroepene staan, doen die ring/ringskommissie navraag by die ring onder wie se opsig en tug die beroepene staan. Blyk dit uit die inligting wat deur daardie ring verskaf word dat die beswaar ongegrond is, beslis die ring/ringskommissie dienssooreenkoms en gee kennis dat die beroep voortgaan. Blyk dit egter dat die beswaar gegrond is, word die beroep as verval-

verklaar. Indien die beroep om hierdie rede as vervalde verklaar word, word daarvan kennis gegee aan die ring onder wie se opsig die beroepe staan.

1.1.17 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.10.4 met:

Indien die ring/ringskommissie beslis dat 'n bepaalde beroep as vervalde beskou moet word, gee die kerkraad aan die beroepene daarvan kennis en belê dadelik weer 'n vergadering om 'n ander beroep uit te bring.

1.2 Bepaling 8

1.2.1 Die Sinode vervang die woorde "al die lede" in Bepaling 8.2.1 met "die skriba".

1.2.2 Die Sinode vervang die woorde "nadat die volgende . . . ingedien is" in Bep 8.3.2 met

nadat die volgende stukke deur die beroepende kerkraad aan die voorsitter/ skriba van die Ringskommissie voorgelê is en die Ringskommissie bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is, te wete:

1.2.3 Die Sinode voeg vóór die bestaande Bepaling 8.3.2.1 'n nuwe bepaling in wat lees:

die finale dienssooreenkoms

1.2.4 Die Sinode vervang die woord "beroepsbrief" in die bestaande Bepaling 8.3.2.1 met die woord "dienssooreenkoms".

1.3 Kerkorde Artikel 12

Aangesien die Algemene Sinode KO Art 12 ingrypend gewysig het, dra die Sinode dit met volmag aan die Diensgroep Administrasie op om, in oorleg met die Sinodale Regskommissie, die Konsepdienssooreenkoms vir predikante te hersien.

1.4 Bepaling 13

1.4.1 Die Sinode voeg die woord "samesmelting" in Bepaling 13.1.4.4 in na die woord "eenwording".

1.5 Bepaling 14.2.3

Die Sinode vervang die woorde "die kerkraad . . . diensverhoudinge": met: die woorde "die ring dit na oorleg met, en verslag aan die kerkraad of die betrokke kommissie".

1.6 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 15.5.2 met:

15.5.2 Die bevestiging geskied namens die kerkraad deur die plaaslike leraar, die konsulent of 'n aflosleraar met predikantsbevoegdheid wat kontraktueel verbind is tot diens aan die gemeente. Die kerkraad, of in die geval van 'n

vakature, die konsulent in oorleg met die kerkraad, kan ook 'n predikant van 'n ander gemeente in die sinodale gebied versoek om die bevestiging waar te neem.

1.7 Appèlkommissies en ondersoekliggame [Vgl Besluite by KO art 23 en KO Art 63.1]

Die Sinode verwys die vraag of ondersoekliggame en appèlkommissies staande of ad hoc kommissies moet wees na die Sinodale Regskommissie vir studie en verslag.

1.8 Bepaling 23

Die Sinode vervang "Sinodale Kommissie" met "Sinodale Regskommissie".

1.9 Die Sinode skrap Bepaling 28.2.3

1.10 Bepaling 49.1 Die Doop

1.10.1 Die Sinode skrap die huidige Bepalings 49.1.6, 49.1.7 & 49.1.11

1.10.2 Die Sinode neem die Algemene Sinode se besluit oor die doop van kinders uit die buiteland in Bepaling 49.1 op. Die besluit lui:

1. As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hul kind in 'n ander gemeente as hulle tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle tuisgemeente verkry.

2. As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by 'n gemeente inskakel, hul kind hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

2.1 Hulle moet toestemming van hulle gemeente in die buiteland verkry

2.2 Daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer

3. As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by 'n gemeente kan inskakel nie, maar hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

3.1 Die kerkraad waar hulle wil laat doop, vra hulle attestaat aan van die gemeente waar hulle lidmaat was totdat hulle geëmigreer het;

3.2 Daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer;

3.3 Hulle word tydens die gesprek gevra na die redes waarom hulle nie by 'n gemeente kan inskakel nie, en hulle word aangespoor om wel by 'n gemeente in die buiteland in te skakel.

1.10.3 Die Sinode skrap die huidige Bepaling 49.1.8.1 tot 49.1.8.3.

1.1.0.4 Die Sinode vervang die woord "Hierdie" in die huidige Bepaling 49.1.8.4 met die woord "die"

1.10.5 Die Sinode vervang die huidige Bepaling 49.1.13 tot 49.1.15.1 met:

Herdoop

1. Die Ned Geref Kerk herbevestig die gereformeerde geloofsoortuiging oor die genadeverbond en oor die doop wat in die vorm van grootdoop (as sendingdoop) mense buite die kerk wat tot geloof kom, in die genadeverbond inlyf, en in die vorm van die kinderdoop kinders van gelowige ouers in dieselfde verbond inlyf.

2. Die herdoop van lidmate doen die eenmalige betekenis van die doop geweld aan. In beginsel moet dit egter as "n dwaling binne die Christenskap" gesien word en daarom pastoraal hanteer word.

3. Die pastoraat rondom herdoop sluit 'n algemene en persoonlike faset in wat in ooreenstemming met die besluite van die Algemene Sinode hanteer moet word (Vgl) *Voeg verwysing in.*

4. Indien dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantast, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word, wat uiteindelik ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop.

5. Ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, kan voorlopig in hulle amp gestuit word totdat die saak ondersoek en opgelos is.

1.11 Die SRK kry opdrag om deeglike aandag te skenk aan die herrangskikking van die sake wat in Bep 49.1 aan die orde kom.

1.12 Bepaling 49.2 Die Nagmaal

1.12.1 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 49.2.1 tot 49.2.1.2

1.12.2 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 49.2.2 met:

"Kerkrade moet sorg dra dat die elemente van selfondersoek en danksegging by die nagmaalsviering tot hulle reg kom in die nagmaalsliturgie en, indien die kerkraad so besluit, óók tydens aparte voorbereidings- en dankseggingsdienste.

1.13 Bepaling 50.1 Die Kategese

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om Bepaling 50.1 in oorleg met die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping te hersien en die volgende vergadering van die Sinode met voorstelle hieroor te dien.

1.14 Bepaling 68

Die Sinode skrap Bepaling 68.1

2. Reglement vir die Ringskommissie

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie volmag om die Reglement vir die Ringskommissie aan die hand van die nuwe bepalinge te hersien en in die nuwe uitgawe van die Bepalinge en Reglemente op te neem.

3. Werkzaamhede van die Aktuaris

3.1 Die Aktuaris het, in ooreenstemming met die Reglement, aan die kommissie verslag gedoen van die skriftelike en telefoniese adviese wat hy gegee het, asook van onderhoude wat hy gevoer het.

3.2 Aktes van Bevestiging is aan di Elmo Evert en Adolf Schwirzer uitgereik.

4. Vorms

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie volmag om, in oorleg met die Saakgelastigde, al die vorms aan die hand van die Kerkorde en die goedgekeurde bepalinge en Reglemente te hersien. Slegs vorms wat algemeen gebruik word, word in die uitgawe van die Bepalinge en Reglemente opgeneem word met 'n verwysing dat die ander by die by die Sinodale Kantoor beskikbaar is.

Dr GL Buys (Voorsitter)

Dr HS Grobler (Aktuaris - skriba)

10-10-2003

Verslag C1: Tydelike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake

Die volgende twee sake is behandel :

1. Skrifgesag (Verwys: Agenda bl.84. Verslag van SKLAS)

(Ds A Bezuidenhout het 'n skriftelike kommentaar ingehandig by TKLAS aangeheg as bylae)

1.1 Die Sinode neem kennis van ds. A Bezuidenhout van Hentiesbaai se kommentaar aangaande die studiestuk van die Algemene Sinode oor die gesag van die Skrif.

1.2 Die Sinode gee aan ds Bezuidenhout geleentheid om kortliks sy kommentaar op die Skrifgesag deur die Algemene Sinode te motiveer.

1.3 Die Sinode versoek Kerkrade om opnuut die NGB Art 2 tot 7 te bestudeer as riglyn aangaande skrifgesag en dan hulle kommentaar oor die Algemene Sinode se verklaring insake

Skrifgesag deur te gee aan die Taakgroep vir Leerstellige Sake voor 31 Maart 2004.

1.4 Die Sinode versoek die Taakgroep vir Leerstellige sake om 'n verslag op te stel nav die kommentaar deur kerkrade en dit voor te lê aan die volgende Sinode van Namibië vir besinning.

2. Grondhervorming (Verwys: Agenda bl. 95. Verslag van SKLAS)

2.1 Die Sinode versoek Kerkrade om hulleself op hoogte te bring van die studiestuk oor Grondhervorming deur AKLAS.

2.2 Die Sinode gee opdrag aan die Taakgroep vir Leerstellige sake om die studiestuk van AKLAS te kontekstualiseer vir die Namibiese situasie.

Voorsitter :Ds W. Oosthuizen
Skriba: Ds. R.M. Smit

Bylae tot Verslag C1

Ons getuienis: die Bybel is God se Woord

As afgevaardigdes na die NGK se Sinode in Windhoek, wil ons 'n duidelike getuienis aangaande die Bybel lewer.

Ons is oortuig dat die korrekte Skrifbeskouing noodsaaklik is vir die korrekte verstaan van die Evangelie van verlossing in ons Here Jesus Christus.

Ons uitgangspunt is dat die gereformeerde Skrifbeskouing gegrond is op die selfgetuienis van die Bybel. Dit wil sê: Ons glo onvoorwaardelik wat die Bybel oor homself sê!

Daarom wil ons sekere waarhede duidelik teenoor die wêreld en ons mede-Christene bely en daarmee ook sekere dwaalleringe bestry.

1. Die Bybel is God se geopenbaarde Woord

1.1 Ons bely dat die Bybel die selfopenbaring van God Drie-enig is. Alhoewel mense die verskillende boeke van die Bybel geskryf het, is dit ten diepste God wat aan die woord is. Daarin is vir ons 'n diepe geheimenis geleë.

Ons bestry elke standpunt dat ons in die Bybel slegs met geloofsinsigte en getuienisse van mense aangaande God te doen het.

1.2 Ons bely dat God se openbaring progressief was. Hy het Homself en sy Raadsplan stelselmatig deur die loop van eeue op baie verskillende maniere al hoe duideliker aan die mens bekend gemaak. Die teboekstelling van Sy openbaring is daarom deur verskillende skrywers in verskillende tye en bedelings van die heilsgeskiedenis gedoen.

Ons bestry die gedagte dat latere openbarings vroeëre openbarings weerspreek of regstel.

2. Die Bybel is God se geïnspireerde Woord

2.1 Ons bely dat God in Sy selfopenbarende werk mense deur Sy Heilige Gees geïnspireer het om Sy Woord korrek en betroubaar neer te skryf. Wat geskryf moes word, het Hy aan die mense geopenbaar. Die Bybel het sy oorsprong dus in God – Hy is en bly die Groot Outeur.

Ons bestry elke poging om die menslike karakter van die Bybel so sterk te beklemtoon dat God se outeurskap daardeur in gedrang kom.

2.2 Ons bely dat die Heilige Gees sodanig van die Bybelskrywers besit geneem het dat nie net die boodskap nie, maar ook die vorm waarin die woorde waarmee die boodskap deurgegee is, die geïnspireerde Woord van God is.. Daarmee bely ons die verbale inspirasie van die Bybel.

Ons bestry elke gedagte dat ons in die Bybel met 'n dualistiese inspirasie te doen het, naamlik dat sekere dele onmiskenbaar deur die Heilige Gees ingegee is, maar ander dele op feilbare manier deur mense geskryf is.

2.3 Ons bely dat God in sy inspirerende werk ten volle gebruik gemaak het van die unieke persoonlikheid en literêre vermoëns van elke menslike skrywer van die Bybel.

Ons bestry die gedagte dat die Bybelskrywers op meganiese wyse maar net neergepen het wat God gedikteer het.

2.4 Ons bely dat inspirasie, streng gesproke, net betrekking het op die oorspronklike teks van die Bybel [die *outographa*]. Alhoewel ons nie meer die oorspronklike teks het nie, kan ons dit uit beskikbare manuskripte deur noukeurige navorsing bepaal. Ons bely verder dat vertalings van die Bybel die Woord van God is na die mate wat dit die oorspronklike teks betroubaar weergee.

Ons bestry die gedagte dat die afwesigheid van die oorspronklike teks van die Bybel die foutloosheid en betroubaarheid daarvan ongeldig of irrelevant maak.

3. Die Bybelse kanon is afgesluit

Ons bely dat net die 66 kanonieke boeke, volledig en alleen, die Woord van God is. Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is.

Ons bestry elke gedagte dat die kanon nie afgesluit is nie en dat die Here, na die vasstelling van die kanon, nog besondere openbarings buite die Skrif om gee.

4. Die Bybel vorm 'n eenheid

Ons bely dat die Bybel, ten spyte van die feit dat verskillende skrywers in verskillende tye en omstandighede geskryf het, 'n wonderlike eenheid vorm. Dit beskryf die een heilsgeskiedenis wat met die skepping begin het en met die wederkoms van Christus sy voltooiing sal vind.

Ons bestry pogings om die Bybel so as 'n samevoeging van verskeie bronne en teologieë voor te stel dat die eenheid daardeur verduister en selfs ontken word.

5. Die Bybel is gesagvol

Ons bely dat die Bybel as die Woord van God die gesag van God dra. Wat die Bybel sê, sê God! Daarom bly dit die finale maatstaf waaraan die leer en lewe van die kerk getoets moet word. Net dit wat die Bybel beveel, mag in die kerk beveel word, en net dit wat die Bybel verbied, mag in die kerk verbied word.

Ons bestry elke poging om kerklike uitsprake, besluite en tradisies aan die Woord van God gelyk te stel.

6. Die Bybel is betroubaar

6.1 Ons bely dat die Bybel in sy geheel en al sy dele die geïnspireerde en onfeilbare Woord van God is. Daarom is dit volkome betroubaar.

Ons, bestry pogings om die betroubaarheid van die Bybel onder verdenking te bring deur oa te verklaar dat die Bybel klaarblyklik nie aanspraak maak op historiese korrektheid nie.

6.2 Ons bely dat die Bybel, hoewel dit geen wetenskaplike of historiese handboek is nie, en hoewel die kultuurhistoriese situasie van die ontstaantyd ten volle verreken moet word, ten volle betroubaar is wanneer dit uitsprake oor die natuur en geskiedenis maak.

Ons bestry die gedagte dat die onfeilbaarheid van die Bybel beperk is tot geestelike, godsdienstige of heilstemas. In die lig hiervan verwerp ons die idee

(a) dat wetenskaplike teorieë oor die aarde se ontstaan en geskiedenis gebruik kan word om die Bybelse lering oor die skepping en sondvloed ongeldig te verklaar,

(b) dat geesteswetenskaplike teorieë gebruik kan word om die Bybelse lering oor die sedelike lewe van die mens ongeldig te maak

(c) dat die kultuur- en tydgerigheid van die Bybel beteken dat dit kultuurbepaald en tydgebonde is.

7. Die Bybel is noodsaaklik

Ons bely dat die Bybel noodsaaklik is omdat dit ons die kennis kan meedeel wat tot verlossing deur die geloof in Christus Jesus lei. Verder is die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe, sodat ons tot Sy eer kan lewe. Sonder die Bybel kan

ons God dus nie reg leer ken en Sy wil vir ons lewe verstaan nie.

Ons bestry die gedagte dat aanhangers van ander “godsdiensdienste” die ware God buite die Bybel om kan leer ken en dien.

8. Die Bybel is genoegsaam

Ons bely dat die Bybel die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Daarmee bely ons die volkome genoegsaamheid van die Skrif. Ons bestry enige poging om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te neem. In hierdie verband kan ons die verskraling van die Bybel deur die verswyging van bepaalde waarhede en die vervanging van die Bybel deur sommige moderne vertalings en parafrases noem. Verder kan ons op die verwaarlosing van sekere gedeeltes van die Bybel (bv die Ou Testament) wys.

9. Die Bybel is duidelik

Ons bely dat die Bybel duidelik genoeg is sodat enige gelowige sy basiese boodskap kan

verstaan. Alhoewel dit so is dat sekere gedeeltes ingewikkelder is as ander, is dit egter waar dat God dit wat ons moet weet om gered te word en gehoorsaam aan Hom te lewe, duidelik genoeg laat neerskryf het.

Ons bestry die gedagte dat die insigte van die Bybelwetenskaplikes noodsaaklik is om die boodskap vir ons verstaanbaar te maak.

10. Die Bybel is uniek

Ons bely dat die Bybel ‘n unieke boek is. Dit is die enigste boek wat met reg die Woord van God genoem kan word omdat dit waarlik sy geïnspireerde Woord is.

Ons bestry die gebruik wat al hoe meer voorkom om die Bybel deur parafrases of geestelike dagboeke in die godsdiens-oefeninge in kerk, skool en samelewing te vervang. Ons bestry verder elke poging om die boeke of geskrifte van ander “godsdiensdienste” aan die Bybel gelyk te stel,

Voorsteller: AJ Bezuidenhout

Sekondant: C Sutton

Verlag C2.1: Eerste Verslag Tydelike Regskommissie

Geagte Voorsitter, Broers en Susters,

1. Beskrywingspunt B.1 Verpligting om deel te neem aan Pensioenfonds (Agenda p 102)

1.1 Ter Inligting:

1.1.1 Tydens 'n gesamentlike vergadering van die Tydelike Fondse Kommissie en die Tydelike Regskommissie het die verteenwoordigers van Leonard die geleentheid gehad om die beskrywingspunt toe te lig en die saak is deeglik bespreek.

1.1.2 Die vergadering het kennisgeneem van die herformulering van Bepaling 13.2 wat die Sinodale Kommissie vir Administrasie aanbeveel (Agenda p 59, punt 7.3.2)

1.1.3 Die algemen gevoel was dat deelname aan die sinodaal voorgeskrewe pensioenfonds nie moet verval nie, maar dat dit duidelik gestel moet word dat daar ruimte is vir onderhandeling en aanpassing volgens individuele behoeftes en voorkeure.

1.2 Aanbeveling:

Die Sinode herformuleer die bestaande Bepaling 13.2.1 (en daarmee ook die voorgestelde nuwe Bepaling 13.2) om te lees:

Die kerkvergadering voorsien vir elke werknemer in sy diens 'n pensioen in die Dutch Reformed Church Retirement Fund. Die werkgever en werknemer onderhandel, in

ooreenstemming met die reëls van dié fonds, oor die pensioenbydrae.

2. Beskrywingspunt B.4 Dienstyd van Kerkraadslede (Agenda p 103)

2.1 Ter Inligting:

2.1.1 Die Tydelike Regskommissie het verteenwoordigers van betrokke ring (tans die Ring van Walvisbaai) ontmoet en die saak is deeglik bespreek.

2.1.1 Wysiging van Bepaling 15.4.1.1 noodsaak dat die res van Bepaling 15.4.1 ook aandag moet kry.

2.2 Aanbeveling:

2.2.1 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 15.4.1.1 met:

Kerkraadslede word vir 'n termyn soos deur die kerkraad bepaal verkies ('n maksimum van 5 jaar). By die verstryking van hierdie termyn kan die betrokke herkies word. Na twee termyne kan 'n persoon slegs vir 'n derde of verdere termyn herkies word na motivering aan en goedkeuring deur die ring/ringskommissie.

2.2.2 Die Sinode skrap die tweede sin van Bepaling 15.4.1.3

2.2.3 Die Sinode skrap Bepaling 15.4.1.4

Dr GL Buys (Voorsitter)
Dr HS Grobler Skriba)

Verslag C2.2: Tweede Verslag van die Tydelike Regskommissie

Broer Voorsitter, Broers en Susters,

1. Prosedure

1.1 Inleiding

1.1.1 Die Tydelike Kommissies vir Fondse, Renovaré en Regte het ooreengekom dat alle aanbevelings rondom die herstrukturering van die Sinode in hierdie verslag opgeneem word om dit vir die vergadering makliker te maak.

1.1.2 Die Tydelike Regskommissie het voorgestelde wysigings aan die voorgestelde bepalinge en reglemente wat skriftelik of mondeling ingedien of gemotiveer is, deeglik bespreek en waar nodig die teks van die aanbevele wysigings reggestel. Regstellings / veranderings word in punt 2 van hierdie verslag omraam. Punt twee van hierdie verslag vervang dus Bylae 4 (bladsy 24 – 34 van die Agenda).

1.1.3 Slegs dié aanbevelings oor die herstrukturering wat by 1.3 en 3.1 van hierdie verslag voorkom, dien dus voor die vergadering. Veranderinge wat aan die dokument in bylae 4 (Agenda p 24 – 34) aangebring is, word in hierdie verslag in raampies geplaas om vergelyking tevergemaaklik.

1.1.4 Dit het onder die kommissie se aandag gekom dat die indruk by sommige afgevaardigdes bestaan dat die **pakket**, waarna die Verslag van die Sinodale Regskommissie (Agenda p 53 punt 7.1.5.3 en 7.1.5.4) verwys, alle aanbevelings rondom die voorgestelde herstrukturering insluit. Dit is nie korrek nie. Dit gaan in die pakket **slegs oor die wysiging van bepalinge en reglemente (Vgl ook Aanbeveling 1.2.1) van hierdie verslag.**

1.1.5 Die TRK wys ook weereens daarop dat daar ruim geleentheid geskep is vir inspraak deur lede van die vergadering.

1.2 Ter Inligting

1.2.1 Die Sinodale Kommissie se aanbevelings (Agenda p 10-11) hieroor lui:

AANBEVELLING: Die Sinode

10.1 keur die nuwe organisasie-patrone goed;

10.2 keur die wysigings aan die Kerkorde, soos voorgelê deur die Sinodale Regskommissie, goed;

10.3 gee opdrag aan die Kommissie vir Kommissies om sy werk teen hierdie agtergrond af te handel.

1.2.2 Die Sinodale Regskommissie se aanbevelings (Agenda p 53) lui:

7.1.5 AANBEVELINGS

7.1.5.1 Die wysigings word as 'n pakket aan die Sinode voorgelê.

7.1.5.2 Afgevaardigdes kry die volgende geleentheid om inligting oor die voorgestelde struktuur te verkry en amendemente en voorstelle in te dien en te motiveer:

7.1.5.2.1 Vrydagaand 10 Oktober vanaf 19:30 by die Kerkgebou van Pionierspark kan enige afgevaardigde die Tydelike Regskommissie ontmoet.

7.1.5.2.2 Saterdag 11 Oktober tydens die verslag van Renovaré word die nuwe struktuur verduidelik en toegelig en afgevaardigdes kry die geleentheid om vrae, voorstelle, en amendemente op indekskaarte deur te gee.

7.1.5.2.3 Sondagaand 12 Oktober na die aanddiens kry afgevaardigdes nog 'n keer die geleentheid om die Tydelike Regskommissie te ontmoet en voorstelle in te dien.

7.1.5.3 Die Tydelike Regskommissie werk amendemente en voorstelle in die pakket in en lê op Maandag 13 Oktober 'n nuwe dokument aan die Sinode voor vir bespreking en besluitneming. Aangesien afgevaardigdes van Vrydag tot Sondag ruim geleentheid het om voorstelle en amendemente in te dien en te motiveer, word daar Maandag nie verdere voorstelle of amendemente ontvang nie.

7.1.5.4 Die vergadering stem nie oor elke punt in die pakket nie, maar oor die geheel.

7.1.5.5 Die Sinode wys die eerste verteenwoordigers van die taakspanne in die Diens-Groepe aan aangesien daar nog nie taakspanne bestaan wat dit kan doen nie.

1.2.3 In die Renovaré-verslag (p 114) verskyn die volgende aanbevelings wat die implementering van die nuwe struktuur raak:

7.1 Die Moderatuur en Renovaré-span ontvang opdrag, mandaat en afhandelingsbevoegdheid om die struktuur en funksionering van die sinode in terme van beskikbare kapasiteit en bronne so volledig as moontlik in ooreenstemming te bring met die Roepingsverklaring van die 2003-Sinode

7.2 Die Struktuur vir besluitneming soos voorgestel deur die Moderatuur dien as vertrekpunt vir bogenoemde opdrag in 7.1

7.4 Die voorgestelde Bestuursdiensgroep van die Sinode herevalueer die verantwoordelikheid en taakomsrywing van die pos van Saakgelastigde en herstruktureer die pos dienooreenkomstig.

7.5 Die voorgestelde Bestuursdiensgroep van die sinode ontvang opdrag om 'n pos te skep met die oog op die ontwikkelingshulp wat Renovaré die afgelope twee jaar aan gemeentes, leraars en ander gemeente leiers bied. Hierdie pos het ten doel om genoemde hulp uit te brei, te bestuur, en te struktureer sodat diens op 'n volhoubare wyse aand die gemeentes van die NGKN en moontlik selfs ander belangstellende genootskappe gelewer kan word. 'n Strategie wat gemeentes instaat stel om hulself te verstaan en uit te leef as geskenke van God aan die land en sy mense

7.6 Ten opsigte van die sinodale werksaamhede van onder andere die gemeente-, leierskap- en gemeenskapsontwikkeling, besluit die sinode om samewerking te soek met bestaande rolspelers op die terrein van kerklike en ander hulp-instansies, koördinasie, vennootskappe en samewerking met organisasies soos byvoorbeeld CCN, Namibiese Sendingsentrum, Life Change Centre, NETS, BUVTON en ander ekumenies gemotiveerde diensorganisasies behoort prioriteit te geniet.

7.7 Ten opsigte van persone wat spesialisdiens lewer binne die hulpprogram aan gemeentes, word oorweging geskenk aan die moontlikheid van kontrak werk en deeltydse diens. Die kapasiteit ten opsigte van gawes en ervaring van die kerk se lidmate en predikante moet so volledig as moontlik benut word.

7.8 Die bedryfsbegroting vir die werksaamhede soos besluit deur die sinode word opgedra aan die voorgestelde Bestuursdiensgroep met dien verstande dat die eweredige bydraes (wat tans nagenoeg 6% van die totale bruto inkomste van die gemeentes beloop), nie meer as 10% van die totale bruto inkomste van die gemeentes sal beloop nie. Die bedrag wat só as persentasie van die totale bruto inkomste bereken is, word op eweredige basis van gemeentes verhaal.

1.2.4 Die SRK sal na die Sinode die rangskikking en numering van die bepalinge en reglemente, asook verwysings in bepalinge en reglemente ens na ander bepalinge, Kerkorde-Artikels, Reglemente en ander besluite regstel. Lede van die vergadering hoef dus nie nou daarvoor bekommerd te wees nie.

1.2.5 Die Kommissie wys daarop dat dit nodig is dat die Sinode besluite oor die tyd-stip waarop na die nuwe struktuur oorgeskakel word asook oor die interpretasie van die nuwe Bepaling 35.2.3.1.1.3 sal neem.

1.3 Aanbevelings:

1.3.1 Die Sinode keur die nuwe organisasiepatrone goed.

1.3.2 Die Sinode keur die wysiging aan die bepalinge en reglemente, soos deur die Tydelike Regskommissie in punt 2 van hierdie verslag voorgelê, goed.

2 Wysiging en aanvulling van bepalinge en reglemente wat nodig is vir die nuwe organisasiepatrone

2.1 Algemeen

2.1.1 Vervang die bestaande Bepaling 25 met:

Bepaling 25: Kerkvergaderings

Kerkvergaderinge kan van staande, tydelike en ad hoc kommissies, diensgroepe, taak- en aksiespanne gebruik maak om hom te adviseer en opdragte uit te voer. Kerkvergaderinge kan hiervoor ook lidmate wat nie lid van die betrokke vergadering is nie, gebruik. Kommissies, taak- en aksiegroepe is beperk tot hulle opdrag en moet aan die betrokke kerkvergadering verslag van hulle werksaamhede doen. (vgl Regl A1:11.9)

2.2 Bepalinge tov die sinode

2.2.1 Vervang die bestaande Bepaling 33.1 met:

Bepaling 33.1 Samestelling

Gemeentes word in die Sinode verteenwoordig deur hulle leraar(s) en een ouderling/diaken vir elke predikantspos in die gemeente. Vir elke afgevaardigde (sowel leraars as ouderlinge/diakens) word 'n sekondus aangewys.

2.2.2 Vervang die bestaande Bepaling 33.2.1 met:

Bepaling 33.2.1

Die geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moet ten minste twee weke voor die aanvang van die vergadering aan die skriba van die Sinode gestuur word. Afgevaardigdes word tydens 'n gekonstitueerde kerkradsvergadering aangewys.

2.2.3 Verskuif die bestaande Bepaling 33.2.7 om 'n nuwe 33.1.2 te word

2.2.4 Vervang die bestaande Bepaling 33.2.8 met:

Bepaling 33.2.8

Die konstituering van die Sinode geskied in ooreenstemming met die voorskrifte van Reglement A1.

2.2.5 Vervang die bestaande Bepaling 34.1 met:

Bepaling 34.1

Die Sinode vergader normaalweg elke tweede jaar in Oktober. Hierdie vergaderings vind waar moontlik plaas in jare waarin die Algemene Sinode nie vergader nie. Die skriba van die Sinodale Kommissie roep die vergadering minstens ses maande tevore byeen deur 'n kennisgewing aan al die kerkrade.

2.2.6 Vervang die bestaande Bepaling 35 met:

Bepaling 35 Werksaamhede van die Sinode

Algemeen

35.1.1 Take en bevoegdhede van die vergadering

Benewens die gewone take en bevoegdhede van die Sinode ooreenkomstig Artikel 35

35.1.1.1 is die Sinode daar om gemeentes daadwerklik te help om voor God en met mekaar as missionêre kerk te leef en te werk deur

- hoop in gemeentes te skep;
- ondersteunende verhoudings te skep;
- gemeentes se leierskap- gemeente- en gemeenskapsroeping te bevorder.

35.1.1.2 bied die samekoms van die Sinode aan gemeentes die geleentheid om die kerk verband te vier.

35.1.2 Sake vir behandeling deur die Sinode

35.1.2.1 Sake vir behandeling deur die Sinode moet minstens drie maande voor die datum van die aanvang van die Sinode in die hande van die skriba van die Sinodale Kommissie vir die Agenda wees en kan ingedien word deur kerkrade, ringe en kommissies van die Sinode. Lidmate van gemeentes binne die sinodale gebied kan hulle by wyse van versoekskrif tot die Sinode wend. Die Sinode besluit of laat ingekome stukke behandel sal word.

35.1.2.2 Verslae van kommissies, diens- en taakspanne van die Sinode moet minstens drie maande voor die aanvang van die Sinode by die skriba ingedien word.

35.1.2.3 Die Kommissie vir die Agenda het die bevoegdheid om verslae wat ontvang is, te laat verkort as dit onnodig lank is.

35.1.2.4 Beskrywingspunte, voorstelle of amendemente wat veranderinge in die Kerkorde en Bepalinge ten doel het, moet, alvorens hulle bespreek kan word, in sodanige vorm wees waarin die voorstellers meen dat hulle in die Bepalinge opgeneem moet word.

35.1.2.5 Die skriba laat die agenda druk nadat die Kommissie vir die Agenda insae gehad het in die stukke wat ontvang is en hy versprei die agenda betyds onder al die afgevaardigdes.

35.1.3 Leiding van die vergadering

35.1.3.1 Die vergadering van die Sinode word gelei deur die Dagbestuur van die Moderatuur. (Vgl 35.2.3.1.1)

35.1.3.2 Die Moderatuur sorg vir die ordelike verloop van die vergadering en onderteken die goedgekeurde notule na elke sitting.

35.1.3.3 Behalwe die behartiging van alles wat normaalweg die taak van 'n skriba is, gee die Scriba Synodi ook uitvoering aan alles wat in Reglement A2 aan hom/haar opgedra is.

35.1.3.4 Die pligte van die Actuaris Synodi is volledig uiteengesit in Reglement A3.

35.1.4 Aanwys van afgevaardigdes na die Algemene Sinode

35.1.4.1 Die Sinode wys sy afvaardiging na die Algemene Sinode aan. Die afvaardiging bestaan uit:

35.1.4.1.1 Die Moderatuur met sekundi (die Sinode moet seker maak dat die beginsel van 'n

gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens volgens Artikel 38.1 gehandhaaf word);

35.1.4.1.2 een predikant en een ouderling/diakon uit elke ring op voordrag van die afgevaardigdes van die onderskeie ringe (met sekundi);

35.1.4.2 Indien die Sinode so besluit, kan die afvaardiging, in ooreenstemming met Artikel 38.1, vergroot word met inagneming van die beginsel dat 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens aangewys word. Indien die afvaardiging vergroot word, word die ontbrekende getal waarop die Sinode besluit, uit twee aparte groslyste, waarop die name van al die oorblywende predikante en ouderlinge / diakens (vgl 35.1.3.1.1 en 35.1.3.1.2) onderskeidelik verskyn, verkies.

35.1.4.3 Die Sinodale Kommissie / Moderatuur mag vakatures in die afvaardiging aanvul met inagneming van voorskrifte vervat in Bep 35.1.3.1.1

35.1.5 Opskorting van Bepalings

Die Sinode mag voorskrifte van sy Bepalings en Reglemente, in so verre dit administratiewe aangeleenthede raak, opskort of daarvan vrystelling verleen. Hiervoor is 'n twee-derde meerderheid nodig.

35.2 Kommissies, Diens-, Taak- en Aksiegroepe

35.2.1 Algemeen

35.2.1.1 Tydens vergaderings wys die Sinode tydelike kommissies na behoefte aan.

35.2.1.2 Vir die uitvoering van sy koninklike, priesterlike en profetiese roeping tussen vergaderings maak die Sinode, na die eis van die omstandighede, gebruik van 'n netwerk van kommissies, forums, diensgroepe, taak- en aksiespanne, persone en gemeentes wat onder leiding van 'n Sentrale Bestuursdiensgroep funksioneer.

35.2.2 Sinodale Kommissie

35.2.2.1 Samestelling

Tydens elke gewone vergadering benoem die Sinode 'n Sinodale Kommissie wat bestaan uit die Moderatuur en een leraar en een ouderling/diakon uit elke ring met sekundi. Die ringsvertegenwoordigers word deur die Sinode aangewys op voordrag van die afgevaardigdes van die onderskeie ringe.

35.2.2.2 Vergaderings

Die Sinodale Kommissie word deur die Moderatuur byeengeroep en vergader onder leiding van die dagbestuur van die Moderatuur. Spoedeisende sake kan per rondskrywe afgehandel word. Skriftelike kennisgewing van vergaderings word minstens twee weke vooraf deur die skriba van die Moderatuur aan elke lid gestuur. Wanneer minstens vyf lede skriftelik daarvoor vra, is die Moderatuur verplig om die Sinodale Kommissie byeën te roep.

35.2.2.3 Opdrag

Aan die Sinodale Kommissie word opgedra om

35.2.2.3.1 uitvoering te gee aan alle opdragte van die Sinode;

35.2.2.3.2 spoedeisende sake wat tot die bevoegdheid van die Sinode behoort, met inagneming van die kerklike bepalinge, te hanteer;

35.2.2.3.3 buitengewone vergaderings van die Sinode byeën te roep wanneer die belange van die kerk in die algemeen of sake van groot gewig in die besonder dit vereis.

35.2.3 Sentrale Bestuursdiensgroep

35.2.3.1 Moderatuur

35.2.3.1.1 Samestelling

35.2.3.1.1.1 Die Sinode kies elke vier jaar, aan die einde van sy vergadering, 'n moderatuur wat bestaan uit 'n

- moderator
- assessor
- aktuaris
- skriba
- twee addisionele lede
- die Saakgelastigde (ampshalwe, advise-rend)

35.2.3.1.1.2 Die moderator, assessor, aktuaris en skriba vorm die dagbestuur van die Moderatuur.

35.2.3.1.1.3 Dieselfde persoon mag nie twee keer agtereenvolgens as moderator verkies word nie. Die persoon mag wel in enigen van die ander poste in die Moderatuur verkies word.

35.2.3.1.1.4 Vakatures in die Moderatuur word deur die Sinode/Sinodale Kommissie aangevul.

35.2.3.1.2 Opdrag

Die Moderatuur is tussen vergaderings van die Sinode verantwoordelik om

35.2.3.1.2.1 dringende sake wat nie by een van die diensgroepe/taakspanne/kommissies tuis-

hoort nie en van algemene belang vir die kerk is, te hanteer;

35.2.3.1.2.2 die Sinodale Kommissie byeen te roep indien nodig;

35.2.3.1.2.3 na gelang van die tydsomstandighede dank- en biddae te bepaal;

35.2.3.1.2.4 as Sinodale Kommissie vir die Agenda in samewerking met die personeel van die Sinodale Kerkkantoor en ander gekoöpteerde lede die volgende vergadering van die Sinode te reël;

35.2.3.1.2.5 opdragte van die Sinode en Sinodale Kommissie uit te voer;

35.2.3.1.2.6 alle sake op die terrein van die ekumene, met die reg van koöpsie, te hanteer.

35.2.3.1.2.7 as visie-draers in die sinodale gebied op te tree (Hulle dui die agenda vir die kerk aan);

35.2.3.1.2.8 na behoefte strategiese byeenkomste in die sinodale gebied te reël;

35.2.3.1.2.9 kommunikasie in en van die Sinode te behartig;

35.2.3.1.2.10 in oorleg met die Admin-Groep approbasie te verleen vir die wysiging/aanvulling van die personeel van kommissies/taakgroepe, en

35.2.3.1.2.11 van sy werksaamhede aan die Sinode verslag te doen en aanbevelings te maak oor die pad vorentoe.

Voeg twee nuwe bepalings in wat lui:

1. amptelike gesprekke met regerings- en gemeenskapsinstansies te voer
2. saam met die Diensgroep Administrasie te waak oor die funksionering van die Sinode se agenda

Nota: SRK moet dit op regte plekke plaas.

35.2.3.2 Diensgroep Administrasie

35.2.3.2.1 Samestelling

Die Diensgroep-Administrasie bestaan uit

* vyf lede deur die Sinode aangewys (drie moet kundiges tov finansies, mannekrag en administrasie – insluitende argief – wees)

* een verteenwoordiger uit elk van die Diensgroepe vir Leierskap-, Gemeente- en Gemeenskapsroeping.

* die Aktuaris

* die Saakgelastigde (adviserend)

* die Finansiële Bestuurder (adviserend)

* die Administratiewe Bestuurder (adviserend)

35.2.3.2.2 Opdrag

Die Diensgroep-Administrasie

* waak saam met die Moderatuur oor die funksionering van die Sinode se agenda

* bedryf die Sinodale Kerkkantoor

* hanteer kerkordelike sake deur middel van die Sinodale Regskommissie

* reël die diensverhoudinge van die personeel van die Sinodale Kerkkantoor en Inrigtings van die Sinode en adviseer kerkrade, ringe en kommissies/taakgroepe oor diensverhoudinge,

* is verantwoordelik vir die bedryf van die Sinodale Argief

35.2.3.3 Gesamentlike vergaderings van die Sentrale Bestuursdiensgroep

35.2.3.3.1 Die Moderatuur en die Diensgroep-Administrasie kan na die eis van omstandighede gesamentlik vergader onder voorsitterskap van die Moderator

35.2.3.3.2 Die Dagbestuur van die Moderatuur, die Dagbestuur van die Diensgroep-Administrasie en die voorsitters van die Diensgroepe vir Leiers-roeping, Gemeentelike Roeping en Gemeenskapsroeping vergader minstens elke twee maande gesamentlik onder voorsitterskap van die Moderator.

35.2.3.4 Sinodale Regskommissie

35.2.3.4.1 Samestelling

Die Sinode benoem 'n Regskommissie wat bestaan uit sewe lede met twee sekundi. Minstens een van die lede moet 'n regsgeleerde wees. Die aktuaris is lid en skriba van die Regskommissie. Die Saakgelastigde is amptshalwe adviserende lid van die kommissie.

35.2.3.4.2 Opdrag

Aan die Sinodale Regskommissie word opgedra om

35.2.3.4.2.1 na behoefte 'n uitgawe van die Namibiese Bepalings en Reglemente by die Kerkorde van die Ned Geref Kerk voor te berei en te publiseer;

35.2.3.4.2.2 na afloop van elke Algemene Sinode die besluite wat veranderinge aan die bepalinge en reglemente van Namibië meebring, te verwerk en aan die Sinode voor te lê;

35.2.3.4.2.3 wanneer dit verlang word, kerkvergaderinge en/of hulle kommissies te

dien met voorligting en raad in sake van kerkregtelike aard;

35.2.3.4.2.4 'n studie te maak van sake wat deur die Sinode na hom verwys is en die Sinode te dien met 'n verslag en aanbevelings in dié verband;

35.2.3.4.2.5 voortdurend 'n studie te maak van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente in die lig van die Gereformeerde Kerkreg en kerkregering en die Sinode met aanbevelings te dien; en

35.2.3.4.2.6 as gevolmagtigde appèlriggaam [=appèlkommissie] van die Sinode van Namibië te dien (vgl Art 23.1, Besluit 23b.3 en 4, Art 65).

35.2.3.4.3 Magte

Die Regskommisjie mag regsadvies op koste van die Sinode inwin na oorlegpleging met die Diensgroep-Administrasie.

35.2.3.5 Sinodale Kommissie vir die Agenda (SKAG)

35.2.3.5.1 Samestelling

Vgl Bep 35.2.3.1.2.4

35.2.3.5.2 Opdrag

Die Kommissie vir die Agenda

35.2.3.5.2.1 tref die reëlings vir die volgende vergadering van die Sinode;

35.2.3.5.2.2 doen aanbevelings aan die Sinode oor

* die orde waarin sake behandel word;

* die indeling van tyd;

* die verwysing van sake na tydelike kommissies;

* tydelike kommissies en hulle personeel; en

* alles wat kan dien om die vergadering te bespoedig;

35.2.3.5.2.3 dra sorg dat viering en aanbidding in die vergadering tot sy reg kom, en

35.2.3.5.2.4 hanteer verhoë en laat ingekome stukke met verslag aan die Sinode.

35.2.4 Diensgroepe

35.2.4.1 Algemeen

35.2.4.1.1 Diensgroepe bestaan normaalweg uit 'n minimum van vier en 'n maksimum van agt lede, konstitueer aan die einde van elke gewone vergadering van die Sinode en beplan hulle werksaamhede so gou moontlik na die sinodesitting. 'n Voorsitter en skriba neem die leiding in die diensgroepe.

35.2.4.1.2 Diensgroepe maak gebruik van taak- en aksiespanne om hulle opdrag uit te voer.

35.2.4.1.3 Taak- en aksiespanne bestaan normaalweg uit vier lede.

35.2.4.1.4 Toestemming kan van die Sentrale Bestuursgroep verkry word om nuwe taak- en/of aksiespanne te vorm en om die ledetal van Leiersgroepe, taak- en/of aksiespanne te wysig.

35.2.4.1.5 Diensgroepe moet sorg dra dat hulle binne die begroting wat die Diensgroep-Administrasie goedgekeur het, bly.

35.2.4.1.6 Diensgroepe moet sorg dat hulle op die hoogte bly van studiestukke, besluite en aktiwiteite van die Algemene Sinode wat hulle werksterrein raak.

35.2.4.1.7 Diensgroepe en taak- en aksiespanne skakel waar nodig met ringe en/of gemeentes.

35.2.4.1.8 Diensgroepe doen aan die Sinode verslag van hulle werksaamhede en adviseer die Sinode oor toekomstige beplanning op hulle werksterrein

35.2.4.2 Diensgroep vir Leierskapsroeping

35.2.4.2.1 Samestelling

Die Diensgroep vir Leierskapsroeping word saamgestel uit

* 'n voorsitter deur die Sinode benoem

* een verteenwoordiger, van elke taakspan: waarvan die diensgroep gebruik maak.

+ Die Diensgroep vir Leierskapsroeping kan onder andere die volgende taakspanne gebruik:

+ Predikanteversorging (onder andere: Mentoraatskap en standplaas-verwisseling)

+ Ontwikkeling van administratiewe personeel

+ Ontwikkeling van kerkrade, kerkradslede en gemeentelieers

35.2.4.2.2 Opdrag

Die Diensgroep vir Leierskapsroeping beplan, stimuleer, inisieer, koördineer en beheer die werksaamhede van die Sinode op hierdie terrein.

35.2.4.3 Diensgroep vir Gemeentelike Roeping

35.2.4.3.1 Samestelling

Die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping word saamgestel uit

* 'n voorsitter deur die Sinode benoem

* een verteenwoordiger, van elke taakspan waarvan die diensgroep gebruik maak.

Die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping kan onder andere die volgende taakspanne gebruik:

- * Jeug en families
- * Spiritualiteit en erediens
- * Fasilitering
- * Fokusbediening (Koördineer eenderssoortige gemeentes en bediening, bv klein en meerkoppige gemeentes, Boesmans)
- * Vrouebediening
- * Mannebediening
- * Leerstellige besinning

35.2.4.3.2 Opdrag

Die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping beplan, stimuleer, koördineer en beheer die werksaamhede van die Sinode op hierdie terrein.

35.2.4.4 Diensgroep vir Gemeenskapsroeping

35.2.4.4.1 Samestelling

Die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping word saamgestel uit

- * 'n voorsitter deur die Sinode benoem
- * een verteenwoordiger, van elke taakspan waarvan die diensgroep gebruik maak.
- * die Hoof Maatskaplike Werker (adviserend)
- * die hoof van die NG Kinderhuis (Adviserend)

Die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping kan onder andere die volgende taakspanne gebruik:

- * Maatskaplike Werk
- * Bejaardesorg
- * Getuienis
- * Publieke gesprek (Stimuleer en inisieer waar nodig gesprek binne die kerk en met regerings- en gemeenskapsinstansies oor aktuele sake wat in die kerk en samelewing aan die orde kom, stel geskikte materiaal bekend en doen waar nodig grondige studie daarvoor.)

35.2.4.4.2 Opdrag

Die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping beplan, stimuleer, inisieer, koördineer en beheer die werksaamhede van die Sinode op hierdie terrein, en tree op as die voortsetting van die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid wat die geregistreerde Welsynsorganisasie van die Ned Geref Kerk in Namibië is.

35.2.4.5 Verteenwoordigers van die Sinode

Sinodale verteenwoordigers word soos volg aangewys:

35.2.4.5.1 Kuratoria (aangewys deur die Sinode)

1. Teologiese Fakulteit Stellenbosch – Kuratorium, Eksamenkommissie en Kies-kollege: Een primariuslid met sekundus.
2. Teologiese Fakulteit Pretoria – Kuratorium, Eksamenkommissie en Kies-kollege: Een primariuslid met sekundus.
3. Teologiese Fakulteit UOVS – Kuratorium, Eksamenkommissie en Kies-kollege: Een primariuslid met sekundus.

35.2.4.5.2 Bybelgenootskap van Namibië: een lid met sekundus (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.4.5.3 Tussenkerklike Kommissie Namibië (TKKN) (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.4.5.4 Council of Churches in Namibia (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.4.5.5 Namibia Evangelical Theological Seminary (aangewys deur die Taakspan vir Getuienis)

35.2.4.5.6 Na raadpleging met die voorsitters van Kommissies en die voorsitters van Diensgroepe gee die assessor die name deur van verteenwoordigers van Namibië wat in kommissies van die Algemene Sinode moet dien.

2.3 Hantering van Reglemente

2.3.1 Reglement A1 Orde

Die Sinode gee opdrag aan die Diensgroep-Administrasie om Reglement A1 te wysig in ooreenstemming met die nuwe struktuur vir goedkeuring deur die Sinodale Kommissie.

2.3.2 Reglement A2 Scriba Synodi

Word behou

2.3.3 Reglement A3 Actuarius Synodi

Word behou

2.3.4 Reglement A4 Skriba van die Ring

Word behou met verandering van die opskrif na: Reglement vir die skriba van die Ringskommissie.

2.3.5 Reglement A5 –7 (Ampsbevoegdheid, Verlof van predikante en tentmakerbediening)

Word behou

2.3.6 Reglement B1 – Reglement vir die Sinodale Kommissie vir Administrasie

Die Sinode vervang die bestaande Reglement vir die Sinodale Kommissie vir Administrasie met 'n nuwe reglement vir die Bestuursdiensgroep vir Administrasie, wat soos volg lui:

Reglement B1

REGLEMENT VIR DIE DIENSGROEP-ADMINISTRASIE (DGA)

1. NAAM

Diensgroep vir Administrasie vir die Sinode

2. SAMESTELLING

2.1 Die Diensgroep Administrasie bestaan uit

* vyf lede deur die Sinode aangewys (drie moet kundiges tov finansies, mannekrag en administrasie – insluitende argief – wees)

* een verteenwoordiger uit elk van die Diensgroepe vir Leierskap-, gemeente- en Gemeenskapsroeping

* die Aktuaris

* die Administratiewe Bestuurder (Adviserend)

* die Saakgelastigde (Adviserend)

* die Finansiële Bestuurder (Adviserend)

2.2 Die DGA kies sy eie voorsitter en ondervoorsitter. Die sekretariaat setel in die Sinodale Kerkkantoor.

2.3 Die DGA kies een addisionele lid om saam met die voorsitter en ondervoorsitter die Dagbestuur te vorm. Die Saakgelastigde, Finansiële Bestuurder en Administratiewe Bestuurder dien ampshalwe adviserend in die Dagbestuur.

2.4 Vakatures tov. kundige lede word deur die DGA self gevul, met kennisgewing aan die skriba van die sinode.

2.5 Die DGA het die reg om adviserende lede te koöpteer.

3. PLIGTE VAN DIE DIENSGROEP

Benewens sy opdrag soos vervat in Bep 35.2.3.2.2, moet die Diensgroep

3.1 die finansiële besluitneming en boekhouding van alle sinodale fondse behartig;

3.2 vaste eiendomme van die sinode beheer en versorg;

3.3 administratiewe personeel aanstel, toepaslike salarisskale bepaal, alle administratiewe werksaamhede van die sinode beheer en daarvoor toesig hou;

3.4 'n geregistreerde ouditeur (geoktrooieerde rekenmeester) aanstel wat jaarliks die finansiële rekords van die sinode ouditeer.

4. MAGTE VAN DIE DIENSGROEP

Die Diensgroep

4.1 mag Taakspanne aanwys na die eis van omstandighede;

4.2 besit die alleenbevoegdheid om vaste eiendom vir die Sinode te verkry, te beswaar, te verhuur of te vervreem;

4.3 keur jaarliks die begroting waarvolgens sinodaal-goedgekeurde werksaamhede in die daaropvolgende jaar gedoen moet word, goed;

4.4 mag namens die Sinode 'n regsproses in 'n geregshof instel of verdedig;

4.5 magtig die Saakgelastigde, of by sy afwesigheid die Voorsitter van die DGA, om prokurasies en ander dokumente wat vir 'n regsproses nodig is, te onderteken.

5. VERSLAG

Die Diensgroep lewer verslag aan die Sinode.

6. WYSIGING

Slegs die Sinode van die NGKN kan die reglement wysig.

2.3.7 Reglement B1 (A) – Reglement vir die Saakgelastigde

2.3.7.1 Hierdie reglement word nie weer in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente opgeneem nie.

2.3.7.2 Aangesien die sinodebesluit van 1999 nog nie uitgevoer is nie, besluit die Sinode:

2.3.7.2.1 Die Sinode behou Reglement B1(A) voorlopig as breë posbeskrywing.

2.3.7.2.2 Die Diensgroep vir Administrasie sien toe dat 'n personeelbeleid, posbeskrywing en diensooreenkoms opgestel word, vir goedkeuring deur die Sinodale Kommissie.

2.3.7.2.3 Na die goedkeuring van die bogenoemde stukke deur die Sinodale Kommissie verval Reglement B1(A)

2.3.7.2.4 Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om, nadat hierdie opdrag uitgevoer is, Bepaling 7.11 te bestudeer en die Sinode met aanbevelings te dien.

2.3.8 Reglement B2 – SKDB en Reglement B3 – SGK [Getuienis]

Word vervang met die volgende nuwe reglement B2: Reglement vir die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping. (NB Daar is heelwat

veranderinge aan die aanbevole Regl B2 wat in die Agenda opgeneem is, daarom is die hele reglement eintlik nuut.)

Reglement B2

REGLEMENT VIR DIE DIENSGROEP VIR GEMEENSKAPSRÖEPING (DGR)

1. NAAM

Diensgroep vir Gemeenskapsroeping van die NGKN (DGR)

2. DOELSTELLINGS

Om gemeentes en lidmate van die Ned Geref Kerk in Namibië voortdurend bewus te maak van hulle roeping ten opsigte van getuienis, diens en aktuele sake in die gemeenskap waarin hulle leef en werk.

3. SAMESTELLING

3.1 Die DGR word saamgestel uit

* 'n voorsitter deur die Sinode benoem

* een verteenwoordiger van elk van die volgende taakspanne, deur die taakspanne aangewy

+ Maatskaplike Werk

+ Bejaardesorg

+ Getuienis

+ Publieke gesprek

* die Hoof Maatskaplike Werker (adviserend)

* die hoof van die NG Kinderhuis (Adviserend)

3.2 Vakatures word deur die DGR gevul, met kennisgewing aan die skriba van die Moderatuur.

3.3 Die DGR het reg om adviserende lede te koöpteer.

4. VERGADERINGS

Die DGR

4.1 vergader minstens een keer per jaar;

4.2 kies sy eie dagbestuur wat na die eis van omstandighede vergader.

5. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

Die DGR

5.1 is die wettige voortsetting van die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (wat die geregistreerde Welsynsorganisasie van die Ned Geref Kerk in Namibië is) sowel as die Sinodale Kommissie vir Getuienis (vgl Bep 35.2.4.4.2);

5.1.1 as geregistreerde Welsynsorganisasie funksioneer die DGR binne die grense van die Republiek van Namibië.

5.1.2 beplan, stimuleer, inisieer, koördineer en beheer die werksaamhede van die Sinode op hierdie terrein;

5.1.3 dra, waar gemeentes en ringe nie daartoe in staat is nie, sorg vir

5.1.3.1 die lewering van kinder- en gesinsorgdienste;

5.1.3.2 die oprigting, instandhouding en bedryf van inrigtings vir sorgbehoewendes van alle ouderdomsgroepe;

5.1.4 oorweeg aansoeke om hulp uit die Gemeente-ondersteuningsfonds (GOF);

5.1.5 verteenwoordig die kerk by die owerheid en welsynsorganisasies tov barmhartighedsdiens;

5.1.6 sien toe dat geouditeerde state van alle KM-Rade en inrigtings wat staatsubsidie ontvang, jaarliks vóór 30 Junie aan die Ministerie vir Gesondheid en Maatskaplike Dienste voorgelê word;

5.2 verskaf Sending motivering, inspirasie en leiding binne die sinodale gebied.

5.3 wys taak- en/of aksiespanne aan na die eis van omstandighede;

5.4 lewer verslag aan die sinode.

6. WYSIGING VAN DIE REGLEMENT

Die sinode kan hierdie reglement wysig.

7. ONTBINDING

Die Sinode kan die DGR ontbind in welke geval enige bates van die DGR deur die Sinode aangewend moet word vir 'n soortgelyke doel as waarvoor dit byeengebring is.

2.3.9 Reglement B4 – SKG [Gemeentebediening]

Verval. Die sinode gee opdrag aan die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping om 'n reglement vir sy werksaamheid te ontwikkel en aan die sinode voor te lê vir goedkeuring.

2.3.10 Reglement B5 – SJK

Verval

2.3.11 Reglement B6 – SKLAS

Verval

2.3.12 Reglement B7 – TKK Namibië

Behou

2.3.13 Reglement B8 – Ringskommisjie

Afgehandel in die Tweede Verslag van die Sinodale Regskommissee.

2.3.14 Reglement C1-4 (Beheer en administrasie van kerklike goedere en fondse, stigting van gemeentes, kombinasie van gemeentes, eenwording van gemeentes.)

Vervang met:

2.3.14 Reglement C1 - Reglement vir die beheer en administrasie van kerklike goedere en fondse

2.3.14.1 Die bestaande reglement word in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente opgeneem.

2.3.14.2 Sinode verwys die reglement na die Regskommissee om dit in samewerking met die Diensgroep Administrasie aan die hand van die Algemene Sinode se Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse te hersien vir voorlegging aan die Sinode. Aandag moet veral gegee word aan regs persoonlikheid, die registrasie van eiendomme en die reëlings ivm predikante se pensioen, eggenote versekering en medies.

2.3.14(a) Reglemente C2-4

2.3.14(a).1 Die bestaande Reglemente vir die stigting, kombinasie en eenwording van gemeentes word vervang met die Reglement vir die vermeerdering, kombinasie, eenwording en samesmelting van gemeentes wat die Algemene Sinode in 2002 goedgekeur het.

2.3.14(a).2 Die Sinode dra dit aan die Sinodale Regskommissee op om te kontroleer of daar enige bepalinge in die bestaande Reglement C2 is wat behou moet word met volmag om dit op 'n geskikte plek in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente op te neem.

2.3.15 Reglement F1 – Pensioenfonds

2.3.15.1 Die Sinode vervang die bestaande bewoording in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente met:

Reglement vir die DR Church Namibia Retirement Fund (Bep 13.2.1)

Die Sinode van die Ned Geref Kerk in Namibië (alle konstituerende gemeentes inbegrepe) neem as werkgewers deel aan die DR Church Namibia Retirement Fund. Die Reëls van die Fonds is by die Sinodale Kerkkantoor in Windhoek verkrygbaar.

2.3.16 Reglement F2

Behou

2.3.17 Reglement F3 – Teologiese Toerustings-fonds

2.3.17.1 Die bestaande reglement word vervang met die volgende nuwe reglement:

Reglement F3

REGLEMENT VIR DIE TEOLOGIESE TOERUSTINGSFONDS

1. NAAM

Die naam van die fonds is “Die Teologiese Toerustingsfonds”

2. DOELSTELLINGS

2.1 Om persone te finansier wat in opdrag van die Sentrale Bestuursdiensgroep (Bep 35.2.3) met besondere studie besig is.

2.2 Om predikante van die kerkverband te finansier om kursusse, seminare, ensovoorts, by te woon met die doel om hom/haar binne die gerasionaliseerde opset van die Sinode as “spesialis(te)” op die terrein van ‘n bepaalde diensgroep, taak- en/of aksiespan op te lei/beter toe te rus.

2.3 Om manuskripte wat volgens die oordeel van die Sentrale Bestuursdiensgroep vir die Ned Geref Kerk in Namibië van besondere betekenis is en waarvoor geen ander uitgewer of finansier gevind kan word nie, te publiseer en te versprei.

3. BEHEER

Die fonds word deur die Diensgroep-Administrasie administreer en bestuur.

4. PROSEDURE VIR TOEKENNINGS

4.2.1 Diensgroep, taak- of aksiespan rig ‘n gemotiveerde aansoek vir ‘n toekenning uit die fonds aan die Diensgroep-Administrasie.

4.2.2 Die Diensgroep-Administrasie besluit finaal oor toekennings uit die fonds.

5. VERSLAG

Die betrokke diensgroep, taak- of aksiespan aan wie ‘n toekenning gedoen is, doen na afloop van elke studie/kursus/reis, ensovoorts, aan die Sentrale Bestuursdiensgroep verslag oor die resultate.

6. WYSIGING

Slegs die Sinode kan hierdie reglement wysig.

2.3.18 Reglement F4 – Gebeurlikheidsfonds

Behou

2.3.19 Reglement F5 – Fanan Sendingfonds

Die reglement word in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente opgeneem.

2.3.20 Riglyn R1 – Gemeentes wat te klein word

Hierdie riglyn word na die Diensgroep-Administrasie verwys om dit, met afhandelingsbevoegdheid, in ooreenstemming te bring met die huidige kerkorde-artikels, bepalings en reglemente.

2.3.21 Riglyn R2 – Registers

2.3.21.1 Die riglyn word in die volgende uitgawe van die Bepalings en Reglemente van die NGKN opgeneem.

2.3.21.2 Die Diensgroep-Administrasie kry opdrag om die riglyn deeglik te hersien met verslag aan die Sinode.

2.3.22 Riglyn R3 – Kerklike geskille

Behou

2.3.23 Beleidsbesluit BB1 – Die Ned Geref Kerk en ander Christelike Kerke en Groepe

Behou.

2.3.24 Beleidsbesluit BB2 – Ekumeniese Beleid van die NG Kerk

Verval aangesien dit nou as besluite van die Algemene Sinode by Kerkorde Artikel 70 gevoeg is.

2.4 Bepalings tov die Ring

2.4.1 Nuwe Bepaling 29.2.1 wat die bestaande 29.2.1 en 29.2.3 vervang:

Ringe vergader elke tweede jaar so gou moontlik na die afsluiting van die finansiële jaar op 'n tyd en plek deur die ring bepaal. Hierdie vergaderings word gehou in die jare waarin die Sinode nie vergader nie. Ringe vergader wel in die jaar waarin die Algemene Sinode vergader.

2.4.2 Nuwe Bepaling 29.4 wat die bestaande 29.4.1 en 29.4.2 vervang:

Buitengewone vergaderings van die ring word belê deur die voorsitter of skriba van die ringskommissie as die ringskommissie so besluit of op versoek van minstens twee kerkrade uit die ringsgebied.

2.4.3 Nuwe Bepalings wat die bestaande 29.5.2 en 29.5.3 vervang:

29.5.2 By die konstituering en opening van die ringsvergadering word die voorskrifte van die Reglement van Orde (Regl A1) gevolg.

29.5.3 Die ringsvergadering word deur die Ringskommissie gelei.

2.4.4 Woord verandering in Bepaling 30.1:

Kerkraadslid word: ouderling/diaken

2.4.5 Nuwe Bepaling wat voor die bestaande Bepaling 31.1 ingevoeg word:

Taak van die ring

(i) Die NGKN verstaan die roeping van die ring so:

* Die ring bied aan die gemeentes in die ringsgebied die geleentheid om kerkverband te vier.

* Die ring voer sy opsigtaak uit deur na gemeentes om te sien, hulle aan te moedig, raad te gee, by te staan en waar nodig te vermaan.

(ii) Die ring moet sorg dra dat al die fasette van sy roeping wat in Artikel 31 genoem word en die hele terrein van die kerklike lewe in die gemeentes (vgl Hoofstuk 4 van die Kerkorde) aandag kry en so sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping uitvoer.

(iii) Die ring moet steeds op die hoogte bly van besluite en aksies van die Algemene Sinode en die Sinode van Namibië wat die kerklike lewe in die ringsgebied raak.

(NB die numering van die hele bepaling word aangepas)

2.4.6 Vervang die bestaande Bepaling 31.3.1 met:

Om sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping uit te voer kan die ring, na behoefte, gebruik maak van kommissies en/of taakgroepe. Hulle hoef nie 'n replika te wees van die kommissies/taakgroepe wat die Sinode of Algemene Sinode gebruik nie. Die ring moet sorg dra dat aan Kerkorde Artikels 50, 52, 53 en 54 uitvoering gegee word.

NB Hierdie nuwe bepaling bring mee dat Bep 50.2.2, 52.2, 53.2 en 54.4 verval.

2.4.7 Vervang die bestaande Bepaling 31.3.2 met:

31.3.2 Ringskommissie:

31.3.2.1 Die ring kies elke vier jaar, aan die einde van sy vergadering, 'n ringskommissie bestaande uit 'n voorsitter, skriba en een addisionele lid met drie sekundi. 'n Persoon mag nie meer as twee keer agtereenvolgens as voorsitter van die ringskommissie verkies word nie. Die skriba mag eweneens nie twee keer agtereenvolgens as skriba verkies word nie. Hulle mag wel in 'n ander posisie verkies word.

31.3.2.2 Die ringskommissie voer opdragte van die ring uit, neem spoedeisende sake in

behandeling, gee uitvoering aan Reglement B8 en doen aan die volgende ringsvergadering verslag van sy werksaamhede. Die pligte van die skriba van die ringskommissie word in Reglement A4 uiteengesit. Hy ontvang jaarliks 'n honorarium soos deur die Sinode vasgestel.

2.5 Bepalings tov die Kerkraad

2.5.1 Wysiging van Bepaling 26.1.7

Ampsbediening en evangelisasie word: gemeentebediening

2.5.2 Wysiging van Bepaling 26.2.1.1

Kerkraadslid(lede) word: ouderling(e)/diaken(s)

NUUT: Die Sinode skrap die woorde "met uitsondering van vorm C1 wat deur 'n kworum van die kerkraad onderteken moet word" in Bepaling 26.2.2

2.5.3 Wysiging van Bepaling 26.3.1

Vir die uitvoering van sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping kan die kerkraad gebruik maak van staande, tydelike (dws tydens 'n vergadering) en ad hoc-kommissies of taakspanne, aksiegroepe om hom te adviseer of opdragte uit te voer. Kommissies/ taakgroepe kan ook lidmate en kundiges wat nie lede van die kerkraad is nie, insluit.

NB Bep 50.2.1, 52.1, 53.1 en 54.3 verval

3. Implementering

3.1 Die Sinode besluit dat die nuwe bepalinge onmiddelik in werking tree met inagneming van 3.5 hier onder.

3.2 Die Sinode besluit dat vorige termyne wat 'n persoon as moderator gedien het (vgl nuwe Bepaling 35.2.3.1.1.3), nie by die oorskakeling na die nuwe struktuur in ag geneem word nie.

3.3 Die Sinode besluit dat die Renovaré-bestuur voortbestaan totdat die nuwe struktuur volledig in plek is en funksioneer.

3.4 Die Dagbestuur van die Moderatuur en die Renovaré-bestuur (vgl die nuwe Bep 35.2.3.3.2) begelei die proses om te verseker dat

* die struktuur en funksionering van die Sinode, met inagneming van die beskikbare bronne en kapasiteit, so volledig as moontlik ooreenstem met die Roepingsverklaring van die 2003-Sinode;

* die oorgang vanaf Renovaré na 'n normale sinodale funksionering volgens die nuwe strukture so gou en effektief moontlik realiseer.

3.5 Om die doelstellings in 3.2 genoem, te kan verwesentlik gee die Sinode aan die Sentrale

Bestuursdiensgroep volmag om noodsaaklike aanpassings aan die struktuur te doen of sekere nuwe bepalinge eers met verloop van tyd in werking te stel.

3.6 Die Moderatuur en Renovaré-bestuur onderhandel met die gemeente in wie se diens die moderator staan, om vir 'n sekere deel vandie leraar se gemeenteverpligtinge vrygestel te word ter wille van moderatuurspligte en ander verwante sinodale verantwoordelikhede.

3.7 Die Sentrale Bestuursdiensgroep van die sinode herevalueer die verantwoordelikheid en taakoms krywing van die pos van Saakgelastigde en herstruktureer die pos dienoreenkomstig.

3.8 Die Sinode skep 'n termynpos vir vier jaar vir 'n predikant in Sinodale diens met opdrag ontwikkelingshulp aan gemeentes. Die doel van die pos is om ontwikkelingshulp, wat Renovaré die afgelope twee jaar aan gemeentes gegee het, uit te brei, te bestuur, en te struktureer. Die strategie moet wees om gemeentes in staat te stel om hulself te verstaan en uit te leef as geskenke van God aan die land en sy mense.

3.9 Reserwefonds wat N\$1685125 bedra op 31/3/03 aangewend word vir die Renovaré aktiwiteite wat insluit die vergoeding van die beoogde nuwe termyn PSD-pos, en ook die vergoeding vir dienste van die Moderator.

3.10 Die sinode gee volmag aan die Sentrale Bestuursdiensgroep om die doelstellings van die Gemeente Ondersteuningsfonds te herdefinieer en aan te wend vir Renovaré projekte.

3.11 Ten opsigte van die sinodale werksaamhede van onder andere die gemeente-, leierskap- en gemeenskapontwikkeling, besluit die sinode om samewerking te soek met bestaande rolspelers op die terrein van kerklike en ander hulp-instansies, koördinasie, vennootskappe en samewerking met organisasies soos byvoorbeeld CCN, Namibiese Sendingsentrum, Life Change Centre, NETS, BUVTON en ander ekumenies gemotiveerde diensorganisasies behoort prioriteit te geniet.

3.12 Ten opsigte van persone wat spesialisdiens lewer binne die hulpprogram aan gemeentes, word oorweging geskenk aan die moontlikheid van kontrakwerk en deelyddiens. Die kapasiteit ten opsigte van gawes en ervaring van die kerk se lidmate en predikante moet so volledig as moontlik benut word.

Verslag C2.3: Derde Verslag Tydelike Regskommissie

Broer Voorsitter, Broers en Susters,

1. Korrektheid en geldigheid van vergaderingsprosedure

1.1 Uit van die indekskaarte wat ontvang is blyk dat daar afgevaardigdes is wat vrae het oor die wyse waarop die vergadering tot hier verloop het en daar word oa die gevoel uit gespreek dat Reglement A1 (Reglement van Orde) nie gevolg is nie.

1.2 Dit is vir die TRK nie duidelik wat alles hier bedoel word nie. 'n Aspek wat wel na vore gekom het, is die viering van die nagmaal buite 'n erediens, die mate waarin die plaaslike kerkraad en gemeente betrokke was en die deelname aan die sakrament en die gebruik van die woord "ritueel".

1.3 Tov van deelname aan die nagmaal wys die kommissie daarop dat slegs verteenwoordigers van kerke uit die eerste twee groeperinge wat in Beleidsbesluit BB1 Die Ned Geref Kerk en ander Christelike Kerke en Groepe genoem word (dws Gereformeerde Kerke en ander Protestantse Kerke) genooi is om aan die nagmaal deel te neem. Ander kerke is genooi om skriftelike groete boodskappe in te handig.

1.4 Vir die verkiesing van die Moderatuur is die voorskrifte van die betrokke Reglement ooreenkomstig Bep 35.1.4 wel opgeskort. Die konferensie styl waarvolgens die vergadering verloop is ook tydens die vergadering van die Sinode in 2001 gevolg.

1.5 Met betrekking tot ongelukkigheid rondom die aanbeveling dat die **wysiginge** van bepalinge as 'n pakket hanteer word en oor spreekbeurte, voorstelle amendemente wys die TRK in hierdie verslag op twee sake:

- Die Sinode het, as vergadering, nog geen besluit oor daardie prosedures geneem nie.
- Daar heers skynbaar 'n misverstand of minstens onduidelikheid oor wat met die "pakket" bedoel word en dit word in die Tweede Verslag van die TRK aangespreek.

1.6 Die TRK wys daarop dat die vergadering nie ingerig is soos in die verlede nie en nie altyd presies volgens die voorgeskrewe prosedures verloop het nie.

1.7 AANBEVELING (Tweederdemeerderheid nodig)

Die Sinode besluit om handeling tydens hierdie vergadering wat in stryd met die

Reglement van Orde was, te kondoneer en vir die res van die vergadering Reglement A1 in ooreenstemming met Bepaling 35.1.4 op te skort waar nodig.

2 Verkiesing van die Moderatuur

2.1 Dit is onder die TRK se aandag gebring dat die verkiesing van die Moderatuur wat na die vergadering werksaamhede het om voort te sit, vertraag word omdat die herstrukturering van die Sinode nog nie afgehandel is nie.

2.2 'n Uitbreiding van die ledetal van die moderatuur sou wel gedoen kon word al word die nuwe struktuur nie goedgekeur nie.

2.3 AANBEVELING (Tweederde meerderheid nodig)

Die Sinode besluit om die Moderatuur te vergroot deur die verkiesing van twee ouderlinge/diakens as addisionele lede. Die bestaande Bepaling 25.2.1.2.4 word dienoooreenkomstig gewysig.

3. Laatstuk van broer Gernot Schaaf van Swakopmund.

3.1 Die Moderatuur het 'n versoekskrif van br Schaaf wat laat ontvang is na die TRK verwys vir advies oor die hantering daarvan (vgl oa Bepaling 35.1.1.1). Die stuk wat ontvang is, word as Bylae 1 by die verslag aangeheg.

3.1.1 Die versoekskrif handel oor punt 8 (Gesprek oor Nagmaal aan Kinders) in die Verslag A2. Verslag van die Sinodale Kommissie en Moderatuur. Volgens die insender gee die verslag nie 'n korrekte weergawe van die gebeure nie, maar bevat dit verskeie "wanstellings" en vra hy dat sekere dele van die verslag verander of geskrap word.

3.1.2 Dit is duidelik dat die saak van kinders by die Nagmaal en die wyse waarop die Sinode die saak in 2001 hanteer het steeds die broer ongelukkig stem.

3.2 Die TRK oordeel dat dit moeilik sal wees om die saak tydens hierdie vergadering van die Sinode uit te klaar.

3.3 AANBEVELING

Die Sinode neem die versoekskrif van broer Gernot Schaaf in ontvangs en verwys die verslag na die Moderatuur vir gesprek met die broer.

**GERHARD BUYS : VOORSITTER
HENNIE GROBLER: SCRIBA**

Bylae tot die Derde Verslag Tydelike Regskommissie

Aan Die Moderatuur/Skriba

Swakopmund 9 Oktober 2003.

Rakende: Verslag van Moderatuur in Agenda van NGKN Sinode, Oktober 2003 ~ bls 8 en 9.

1. In reaksie op bg Verslag (Agenda 2003) wat baie onlangs eers **per toeval** onder my aandag as die sg "betrokke lidmaat van Swakopmund" gekom het, word ek genoop om op bepaalde onjuisthede regstellings te maak. Alhoewel dit **direk op my betrekking het**, waar ek vanaf AS 1998 as 'n dienende ouderling, en na my bedanking as ouderling November 2002, as lidmaat baie nou by die kwessie oor die Skrif- en Leerdwaling van die nagmaal aan kinders betrokke is, is ek **nogeens** nie amptelik van enige afskrif hieroor voorsien nie.

2. Dit is my pleidooi dat die "tegniese" ingewikkeldhede van die kerklike werkswyse nie die hantering en voorlegging van hierdie regstelling sal belet/belemmer nie. Dat die gees van die **waarheid** en **regverdigheid** sal geld. Op grond van KO Artikel 2.9 t.o.v. "**Lidmaatsregte**", en spesifiek 2.9.4. tot 2.9.6, dat toegelaat sal word dat hierdie skrywe sal dien **saam** met bg Verslag, **ter wille van die waarheid**.

3. Vir verdere gemaklike verwysing is my versoek dat elke para van bg Verslag (Agenda 2003) vanaf 1 tot 8 genommer word vir doeleindes van hierdie skrywe.

4. Ten eerste spreek ek my teleurstelling uit dat ek, as 'n direkte betrokke, vir die sovéélste keer op amptelike vlak negeer is tydens die hantering van die dwaalleer van die kindernagmaal in die NGK.

5. Ten tweede stel ek, kategorie, as woordvoerder namens die ondertekenaars van beswaarskrif getiteld B1 (gerig aan die NGKN sinode 2001) dat daar sonder dat aan my 'n afskrif besorg word, 'n **ONWARE stelling** in para 8 van die Verslag (Agenda 2003) rakend myself gemaak en verder die resort van die NGKN ingestuur word.

6. Die laaste sin van para 8 van die Verslag (Agenda 2003) is **ONWAAR**. Myself en die Moderatuur van 4 leraars het op bepaalde vrae van my uitmeekargegaan na die H/baai gesprek met die woorde van Ds Schalk Pienaar: " Oom Gernot, omdat nie een van ons hier teenwoordig was die dag by die TKLAS vergadering op Vrydag 19 Oktober 2001 nie, en nie weet wat TKLAS en die vorige Moderator daarna

bespreek en besluit het nie, kan ons nie nou vir u 'n antwoord gee nie. Ons sal moet teruggaan **en sal**, nadat ons hierdie aspekte waaroor u ons vra, uitgeklaar het, **so gou as moontlik a.s. jaar na u en die Swakopmund beswaarmakende lidmate terugkom**".

7. Met **hierdie** woorde is ons uitmekaar met daardie November 2002 gesprek. Daar was hoegenaamd **GEEN** sg "uitnodiging aan hom...." **NIE!** Daar was, by gebrek aan enige antwoord **van die kant van die Moderatuur**, 'n voorneme om die antwoord te kry en die gesprek voort te sit. **Dit is die feite**. Die moderatuurslede daar teenwoordig weet dit so **seker** as wat ek dit weet. Ongelukkig het Ds A. Bezuidenhout, wat deurlopend (as konsulent vir die betrokke Swakop lidmate) op hoogte was, nie hierdie gesprek bygewoon nie. Ek het dit trouens, teenoor die teenwoordiges daartydens gemeld.

8. Ek verseker die broeders teenwoordig op hierdie sitting, en enige leser hiervan, ondubbelsinnig dat, as dit was soos die Verslag (Agenda 2003) para 8, laaste sin, lees, sou ek daar en dan **sonder huiwering dadelik** "die opvolgesprek" mondeling aangevra het! Die diepe erns waarmee ek die **prinsiep** van nagmaal te bedien aan ongekatkiseerde persone wat nog nie sy/haar geloof in die openbaar bely het nie, as '**n Skrif- en Leerdwaling** beskou sedert AS 1998, en gevolglik sedertdien myself weerhou van Nagmaalgebruik juis dááror, getuig ondubbelsinnig dat ek sodanig sou gehandel het as dit die geval sou gewees het.

9. Die laaste sin van para 8 van die Verslag (Agenda 2003) moet dus geskrap word en vervang word met die stelling soos in die tweede sin van para 6 van hierdie skrywe.

10. Die verdere juistheid van die gehele Verslag (Agenda 2003) bly ter sprake, so-ook die nodigheid dat die leser op hoogte hiervan sal kom en weet waaroor die aktualiteit van my onbeantwoorde vrae (op H/baai gestel) gegaan het. Vir perspektief word vervolgens verwys na die volgende punte met 2001 NGKN sinode:

11. Op Vrydag 19 Okt 2001 het die Voors. van TKLAS, Dr DeW Strauss, aan die einde gevra dat die drie indieners van besware oor die

kindernagmaal die mees kritieke kwelvrae stel rakende hul standpunte.

11.1 My stelling/vraag namens B1 beswaarmakers was dat die lidmate steeds wag op die antwoord langs **welke bewese weg** het die saak van kindernagmaal op die tafel van AS 1982 beland? Hierdie hele optrede van die AS, en verder deur die kerklike hierargie, was 'n Rooms soortige eensydige pouslike besluit ~ lidmate vra "wie is dan nou die k-e-r-k....die duisendtalle lidmate, of die enkele honderde AS besluitnemers vir die kindernagmaal?"

11.2 Waarom was die lidmate van Swakopmund Gemeente nooit ingelig, ook nie geraadpleeg nie, oor die die besprekinge rakende kindernagmaal sedert 1982 tot 1998 nie?

11.3 Waarom was die lidmate van Swakopmund Gemeente insgelyks ook nie ingelig en geraadpleeg oor die bespreking ongeag die NGKN 1995 se besluit (Verslag A5:2.14) para 3.5 daarvan, dat"die sinode stuur die verslag....oor kinder-kommune aan gemeentes as 'n gespreksdokument"en nou word ons, en vele ander gemeentes in Namibië, vir die éérste maal net gekonfronteer met die klaar besluit van AS 1998?

11.4 Watter terugvoer, en van welke gemeentes in Namibië, is deur die NGKN Moderatuur tussen 1995 en 2001 Okt ontvang?

11.5 Die beswaarmakende lidmate van B1 maak staat op grond dat B1 in die Agenda opgeneem is, op grond van die diensweg gevolg oa. via die Ring Walvisbaai, asook KO 23b 4.3 en 23b 6.2 dat die voorlegging van B1 persoonlik aan die breë sitting sou kon voorgehou word.

12 Op die vrae soos per 11.3 en 11.4 het 'n leraar en sy ouderling wat op TKLAS gediën het en teenwoordig was, uitdruklik bevestig dat ook hulle geen kennis dra van Verslag A5:2.14 nie.

13. Die antwoord van TKLAS Voors. was dat hulle sal oorleg pleeg met die Moderator en "so gou as moontlik" die teenwoordige beswaarmakers sal inlig oor die moontlikheid om voorlegging aan die breë sitting te kan doen.

14 Niks het egter hiervan tereg gekom nie. Sels nie eens 'n dringende persoonlike brief op die laaste sittingsdag, van ondergetekende aan die Moderator, het enige reaksie tot gevolg gehad nie.

15 Hierop volg die weergawe van handeling soos in para 6 van hierdie regstellende skrywe uiteengesit.

16 Om aan te sluit by para 10 bo, t.w. korrektheid van die res van die Verslag (Agenda 2003):

16.1 Ongelukkig dra die NGKN sinode 2001 besluit, soos in para 1 van die Verslag (Agenda 2003) aangehaal, reeds die kiem tot dispuut, onenigheid en verwarring. Die kerkrade van Hentiesbaai en Swakopmund was nie die betrokkenes nie. Uiteindelik het die meerderheid op Swakopmund se kerkraad geen beswaar teen kindernagmaal gehad nie, trouens, hulle het heeltemal onchristelik en onregmatiglik 'n besluit geneem wat alle toekomstige bespreking oor kindernagmaal **belet** het. Die beswaarskrif is deur die minderheid op die kerkraad opgestel. Maar die sinode opdrag het gegaan oor **twee** kerkrade., terwyl dít onjuis was. Ongeag hierdie verwarring het die B1 lidmate reeds volgens "kerklike diensweg" voortgegaan met B1 ~ totdat dit a.g.v. die wanvoorstelling in die Verslag (Agenda 2003) para 8 gestrand het.

16.2 Die "belanghebbendes " by B1 is **geensins vooraf geraadpleeg** oor die konferensie in Maart 2002 te H/baai nie. Hulle is "toevallig", byna terloops, sowat 10 dae vooraf deur die Skriba verwittig so asof dit maar netso deur hulle as voldonge aanvaar sal (moet) word. Teen hierdie veronagsaming van redelike oorlegpleging is **baie sterk kapsie** gemaak want die meeste betrokkenes het op daardie laat stadium reeds ander reëlins vir daardie naweek getref gehad, wat bywoning prakties onmoontlik gemaak het.

16.3 Die laaste sin in Verslag (Agenda 2003) para 1 is onjuis, moet dus geskrap word en behoort te lees "Swakopmund is van die konferensie te H/baai in kennis gestel".

16.4 Insgelyks word die ware toedrag van sake verdoesel en en die hanteringstyl met woordspeling geplooi om 'n ander beeld voor te hou. Die eerste sin per Verslag (Agenda 2003) se para 5 behoort geskrap te word en te lees "Omdat daar nie met belanghebbendes op Swakopmund tydig en met begrip geraadpleeg is nie, kon niemand van Swakop die Maart gesprek op H/baai bywoon nie".

16.5 By die Verslag (Agenda 2003) para 7 behoort die volgende aan die einde van die para bygevoeg te word om die ware toedrag te weergee: "Een lidmaat van Swakopmund het

C2.3 Derde Verslag Tydelike Regskommissie

die gesprek bygewoon. Hy is vooraf deur die Moderatuur versoek om nie oor die kontroversie aangaande die kindernagmaal standpunt in te neem nie, maar moes hom tot die verslag tersprake en aan die orde, bepaal".

16.6 In Verslag (Agenda 2003) para 8, eerste sin, behoort die woord " 'n " vervang te word met die woord "die", om korrek te lees.

17. Ten slotte my opregte dank en waardering aan almal betrokke vir die geleentheid om die onjuisthede te kan regstel. Mag my (en u)

belydenisaflegging "dat hierdie 'n enige en ware leer is en dat ek my lewe lank daarin sal volhard en enige leringe wat daarvan afwyk (ons belofte voor die gemeente aan die Here) **sal verwerp**" ons fondament bly " as draers en beskermers van die waarheid (1 Tim 3:15)".

Reformasie groete en bede vir 'n gereformeerd begroonde sitting in ons Drieenige God en Heer!

Die uwe,

Gernot Schaaf.

Verslag C3.1: Eerste Verslag Tydelike Fondse en Administrasie Kommissie

Geagte Voorsitter,

1. Beskrywingspunt B2. Hersiening van Formule vir Eweredige Bydraes ingedien deur Mariental Gemeente.

Die kommissie het tot die gevolgtrekking gekom dat die rede vir die versoek van Mariental Gemeente om die formule vir eweredige bydraes te hersien dieper liggend is.

Die kommissie beveel aan dat die Sinode die Bestuursdiensgroep opdrag gee om;

1.1 die formule vir eweredige bydrae te hersien,

1.2 'n strategie daar te stel om die bedieningsbehoefte van lidmate in Namibië te bepaal, en indien nodig herontplooiing van gemeentes/bedieninge daarvolgens te inisieer.

2. Beskrywingspunt B3. Riglyne R2: 4.1 Registerafskrifte.

2.1 Die kommissie onderskryf die voorstel soos gestel in agenda

3. Versoek om Daggelde vir Sondagete aan te pas:

3.1 'n Voorstel van die vloer vra vir 'n addisionele N\$30.00 verblyfkoste vir Sondag 12 Oktober 2003 ter vergoeding vir die ete wat deur die gashere verskaf is.

3.2 Die kommissie is van oordeel dat volstaan word met die N\$50.00 per dag gesteun uit die lig dat die gashere normaalweg hul gasvryheid ook op hierdie terrein wil bewys.

VOORSITTER:

DS MJN VAN DER MERWE

SEKRETARIS:

MNR JH LE GRANGE

Verslag C3.2. Tweede Verslag Tydelike Fondse en Administrasie Kommissie

1. Navrae wat per indekskaart ingekom het

1.1 Verslag A 4 punt 7.3.1, Vraag oor wie die persone ter sprake is en hul meriete. Die kommissie antwoord: Mnr Derek Wright is 'n jarelange kundige op die terrein van pensioen administrasie en het wye ondervinding daar hy self in die terrein gewerk het vir sy hele loopbaan. Hy is afgetree en het as administrateur vir die NGKN se personeel pensioenfonds opgetree. Hy is 'n lidmaat van Windhoek gemeente. Mnr Hendrik Kruger is 'n professionele siviele ingenieur en lidmaat van Academia gemeente. Hy is tans trustee lid van 'n pensioenfonds en het in die terrein wye ondervinding. Mnr Kobus Groenewalt is 'n lidmaat van Windhoek-Eros gemeente, dien as hul finansiële bestuurder en is 'n geoktrooieerde rekenmeester.

1.2 Verslag A4 punt 10.1, Die vraag is of die kerk die geld ontvang het en teen watter rentekoers? Die kommissie antwoord: die eerste verband met die eiendom as sekuriteit verskans die kerk se posisie heeltemal. Hieroor is onafhanklike regsadviese ingewin. Die verband word per skuldbrief oor 5 jaar afbetaal teen 'n vaste rentekoers van 10,5%. Die gebou is verkoop vir die bedrag wat die vorige sinode bepaal het.

1.3 Verslag A4 State van Schanzenoord. Die finale state sal aan die einde van die boekjaar

2003/04 eers beskikbaar wees. Interim verslag sal mondeling ter vergadering deur die ondervoorsitter van die SKA gedoen word.

1.4 Verslag A4 Schanzenoord: Opmerking ontvang: Die Schanzenoord projek was beslis 'n groot sukses. Die kommissie neem met dank kennis van die opmerking.

1.5 Verslag A4 Punt 10.5, Waarheen is die inkomste verkry uit die verkope van woonhuise? Die kommissie antwoord: Dit word in die reserwefonds soos gerapporteer gereflekteer.

1.6 Verslag A4 punt 12, Vraag oor reisgeld vir leraars wat nie toelae ontvang nie. Die kommissie antwoord dat die formule juis die leraars ten goede kom - soos deur die vorige sinode bepaal in 'n besluit.

1.7 Verslag A4 punt 13, Sinodale kollekte tov skoolverlaterskampe gestaak vs nuwe een onder Verslag A 10, Laat stukke p 116, waar weer 'n deurkollekte gevra word. Die kommissie het sy fondse gekombineer en vra nou vir JEUGWERK in die sinodale resort 'n deurkollekte.

VOORSITTER:
DS MJN VAN DER MERWE

SEKRETARIS:
MNR JH LE GRANGE

Verslag C4. Tydelike Kommissie vir Algemene Sake en Renovaré

1. Algemene navrae

Die Kommissie reageer soos volg op algemene navrae en opmerkings wat per indekskaart ontvang is:

1.1 Verslag A1: *“Maandag is onprakties aangesien dit die begin van ‘n ekonomiese werkweek is wat krities is om werksaamhede te reël.”* Dit bly ‘n krisis om ‘n tyd te kry wat almal pas! Vanweë probleme wat afgevaardigdes het met verlof, word die vergadering rondom ‘n naweek gereël. By die vorige sinode was daar klagtes dat beide die Vrydag en die Maandag deel van die vergadering was, omdat dit beteken het baie mense moes ook vir Saterdag en Sondag verlof neem. Hierdie keer is net die Maandag benut. Hierdie dilemma blyk ‘n probleem te wees wat waarskynlik altyd met ons sal wees!

1.2 Verslag A2, punt 6: *“Media – verdraaide weergawes behoort deur amptelike verklarings reggestel word (in media).”* Wanneer in die media reageer word op ‘n verklaring, is dit dikwels kontra-produktief. Persepsies wat deur ‘n verklaring geskep is, word *nie* met ‘n tweede verklaring reggestel nie. Daarom het die Moderatuur doelbewus besluit om *nie* in ‘n openbare media-debat betrokke te raak nie.

1.3 Verslag A2, punt 8: *“Ontevredenhede (bv Kinderkommunie) wat blyk nie opgelos is – of dat daar nie rustigheid is nie. – Vraag: hoe gaan dit hanteer word?”* Die Moderatuur bly oop vir gesprekvoering. Die Tydelike Regskommissie vra juis in ‘n ander verslag dat die saak spesifiek weer die gesprek opneem.

1.4 Verslag A2, punt 4: *“(CCN) Lê dit enigsins op die terrein van die kerk om ‘n kerklike ondersoek na die swak dienslewering by staatsdepartemente te loods?”* Ter verduideliking kan net gemeld word dat die optrede van die CCN gemotiveer is uit ‘n debat oor arbeidsetiek. Die optrede moet verstaan word as ‘n profetiese stem wat gehoor moet word.

1.5 Verslag A2, punt 11: *“Onafgehandelde saak met Gochas gemeente ten opsigte van demissie – wat is die pad vorentoe? Is die saak opgelos?”* Die saak is wat die Moderatuur betref afgehandel. Ds Louw is reeds bevestig in

‘n volgende werkkring. Enige verdere navrae kan direk aan die Ring van Mariental of by die konsulent, ds Gerhard Liebenberg, gerig word.

1.6 Verslag A7, punt 2.4.1: *“Beheerraad wat afgeskaf is – wie oefen beheer uit oor JT Potgieter Tehuis.”* Die Tehuis staan tans direk onder beheer van die Sinodale Kommissie vir Administrasie.

2. Goedkeuring van die handeling van die Sinodale Kommissie

Verslag A2, Moderatuur en Sinodale Kommissie, is nie voorsien van ‘n aanbeveling dat die werk wat gedoen is, goedgekeur word nie. Dit is ‘n leemte.

AANBEVELING: Die Sinode keur die handeling van die Moderatuur en Sinodale Kommissie, soos gerapporteer in Verslag A2, goed.

3. Brief van Moderator aan gemeentes (Verslag A2, punt 12.3)

Die Kommissie het kennis geneem daarvan dat sekere formuleringe in die brief vatbaar kan wees vir verskillende interpretasies. Dit sou kon lyk of die integriteit van individuele kerkleiers van die verlede, betwyfel word. By terugskou kan verstaan word dat so ‘n persepsie kon ontstaan, en dit word betreur. Die openheid om egter hieroor te kan praat, en persepsies te kan regstel, is verblydend. Dit beklemtoon die belangrikheid daarvan dat gesprekvoering voortdurend moet aangaan. Dit is immers wat die Bybel van ons vra.

4. Brief van Moderator van die Algemene Sinode (Verslag A2, Bylae 1)

‘n Afgevaardigde wys daarop dat daar inligting in die brief van Dr Burger verskyn wat nie feitlik korrek is nie. Na wat beweer word, is die stelling in die eerste paragraaf van die twee punt van die brief, nie in ooreenstemming met die oorspronklike Verslag van die Algemene Sinode (parae 13.2.2 en 13.2.3) nie.

Die Kommissie was nie in staat om hom van die feite te vergewis nie.

AANBEVELING: Die sinode verwys die beweerde feitelike foute in die brief van dr

Coenie Burger na die Taakspan vir Leerstellige Sake vir ondersoek, met verslag aan die Moderatuur. Die Moderatuur moet dan handel na bevind van sake.

5. Amendement: Verslag A2, punt 3

Die Kommissie beveel aan dat die aanbeveling by Verslag A2, punt 3 (p 7 van die Agenda), soos volg geamendeer word:

AANBEVELING:

1. Die Sinode herbevestig die belangrikheid van bilaterale gesprekke tussen die NG Kerk en VGKSA (Namibië).

2. Die Sinode spreek die behoefte uit dat die volgende Skrifgetuienis in die verhouding tussen die twee kerke waar sal word:

2.1 In 1 Joh 1:9 lees ons: “As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig”. Die Here vergewe ten volle.

2.2 In Mat 6:14 en 15 leer ons: “As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.” Kan ons ‘n rede aanvoer waarom ons dus mekaar nie kan vergewe nie?

2.3 In Jes 43:25 lees ons: “Ek, Ek is dit wat jou oortredings uitdelf om My ontwil, en aan jou sondes dink ek nie.” Ons is so bly dat die Here ons sondes vergeet en nie aanhoudend ou koeie uit die sloot grawe nie. Waarom sal ons dan aanhou om die rowe af te krap?

2.4 In Kol 3:12 – 15 lees ons: “Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.”

Hierdie drievoudige opdrag: “Vergewe mekaar,” “julle moet mekaar liefhê” en “julle is immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe” moet

ons vertrekpunt, ons dryfkrag en ons doel wees.

3 Die Moderatuur word gevra om spesifiek navraag te doen oor wat verhoor hierdie Skrifgetuienis om waar te word .

4 Gemeentes word eweneens gevra om op plaaslike vlak hieroor gesprekke te voer met VGK-burgemeentes.

6 Bagani-gemeente

In ‘n indekskaart word twee vrae oor die Bagani-gemeente gevra.

6.1 Hulp met oprigting van kerkgebou

AANBEVELING: Die sinode versoek die Taakspan vir Getuienis om deur die OKC-Beheerraad hulp te fasiliteer met die oprigting van ‘n kerkgebou te Bagani.

6.2 Ampsbevoegdheid: Alfred Marinda

Broer Marinda werk tans as Evangelis te Bagani. Hy het beperkte opleiding, maar verrig die werk van ‘n predikant, met uitsondering van sakramentsbediening. Dat hy nie kan sakramente bedien nie, werk baie stremmend in op die bediening.

AANBEVELING: Die sinode versoek die Sinodale Regskommissie om weë te probeer vind waarlangs Broer Marinda predikantsbevoegdheid kan bekom – al is dit ook net beperkte bevoegdheid vir bediening aan Samense.

7. Roepingsverklaring

AANBEVELING: Die sinode keur die volgende roepingsverklaring goed:

1. Ons glo die lewende Here het Hom aan ons verbind. Aan hierdie verbintenis hou ons vas. Net die evangelie van Jesus Christus bring heelheid en vrede. Christus maak ons profete wat hierdie evangelie oral met integriteit verkondig. Ons getuig van hierdie hoop wat in ons leef.

2. Jesus het gesê ons moet mekaar liefhê. Soos Christus ons liefhet, moet ons ook mekaar liefhê. As ons mekaar liefhet, sal almal weet dat ons sy dissipels is. In gehoorsaamheid aan ons Koning Jesus, vat ons met alle Christene hande om saam te werk sodat die Koninkryk kan kom.

3. God roep ons om hier in Namibië die volheid van Christus se liefde te leef. Dit doen ons as priesters deur daadwerklike aksies van diens en opoffering. Ons is geroep

om te wees wie ons in Christus is: Sout vir die aarde en lig vir die wêreld.

4. Ons glo in Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel, wat sit aan die regterhand van die Vader, wat weer sal kom in heerlijkheid, wie se Koningsheerskappy geen einde sal hê nie.

Daarom gaan ons die toekoms hoopvol en met verwagting tegemoet.

Ons het 'n Here. Ons is sy Kerk. Ons het 'n toekoms.

Ds SW Pienaar (Voorsitter)

Ds C Marais (Skriba)

Verslag C5. Kommissie vir Kommissies

Die verslag veronderstel dat die Bepalings, soos wat dit aan die vergadering voorgehou word, goedgekeur is.

1. Diensgroep: Administrasie

Ds. MJN v/d Merwe, Br NC (Nico) Tromp, Br AJ (Albie) Basson, Br Kobus Lombard, Br Basie Engelbrecht

2. Sinodale Regskommissie

Primarii: Aktuaris, Dr GL Buys, Ds HJ van Zyl, Ds HZM Oosthuizen, Ds SS Hansen, Br MWG Liebenberg, Br MD Strydom. **Sekundi:** Br W Brisley, Ds GP Davids

3. Diensgroep: Leierskapsroeping

Dr M van Tonder

4. Diensgroep: Gemeentelike Roe- ping

Ds JHG Maritz

5. Diensgroep: Gemeenskapsroe- ping

Ds MC van Rensburg

6. Verteenwoordigers: Kuratoria

Stellenbosch: Dr JC Woest (Prim) Dr JJdeW Strauss (Sek)

Pretoria: Ds SW Pienaar (Prim) Ds C Nel (Sek)

Bloemfontein: Ds PG Poggenpoel (Prim) Dr HS Grobler (Sek)

7. Afgevaardigdes: Algemene Sinode

Ring Gobabis:

Ds C James (Prim) Ds JHG Maritz (Sek)
Br Tokkie van Vuuren (Prim) Br Schalk Strauss (Sek)

Ring Grootfontein:

Ds JM de Beer (Prim) DeWL Mouton (Sek)
Br AJ Grobler (Prim) Br A Marinda (Sek)

Ring Keetmanshoop:

Ds RM Smit (Prim) Ds D Grove (Sek)
Br AC van Greunen (Prim) Br J Wasserfall (Sek)

Ring Mariental:

Ds DJ Goosen (Prim) Ds A Schwirzer (Sek)
Br JJJ van der Berg (Prim) Br J Theron (Sek)

Ring Otjiwarongo:

Ds C Thomas (Prim) Ds C Nel (Sek)
Br KA Esterhuizen (Prim) Br E Lee (Sek)

Ring Walvisbaai:

Ds SS Hansen (Prim) Ds HB Olivier (Sek)
Br GJ Kok (Prim) Sr JC Weyers (Sek)

Ring van Windhoek

Ds MJN van der Merwe (Prim) Ds JA Theron (Sek)
Br A Basson (Prim) Br Hennie du Toit (Sek)

7.1 AANBEVELING: Indien die formaat en vergaderplek van die Algemene Sinode 2004 sou verander, soos wat tans in beplanning is, kan die getal afgevaardigdes aangevul word deur die SK tot die regmatige konstitusionele getal. Die kostefaktor moet bepalend wees.

8. Sinodale Kommissie

Ring Gobabis:

Ds C James (Prim) Ds JHG Maritz (Sek)
Br Bertus Calitz (Prim) Br Andries de Man (Sek)

Ring Grootfontein:

Ds HJ Steyn (Prim) Ds JJ Pienaar (Sek)
Br JPB Keyser (Prim) Br AJ Grobler (Sek)

Ring Keetmanshoop:

Ds W Oosthuizen (Prim) Ds RM Smit (Sek)
Br A Oberholster (Prim) Br AC van Greunen (Sek)

Ring Mariental:

Ds G Liebenberg (Prim) Ds DJ Goosen (Sek)
Br T Kotzé (Prim) Br J v/d Berg (Sek)

Ring Otjiwarongo:

Ds JP Rossouw (Prim) Ds PG Poggenpoel (Sek)
Br KA Esterhuizen (Prim) Br JG Maritz (Sek)

Ring Walvisbaai:

Ds CJP v/d Heever (Prim) Ds GP Davids (Sek)
Br JM Vos (Prim) Br DK Rossouw (Prim)

Ring Windhoek:

Ds MJN van der Merwe (Prim) Ds JA Theron (Sek)
Br A Basson (Prim) Br H du Toit (Sek)

9. Renovarésan

Dr JJdeW Strauss, Di C Nel, JHG Maritz, MC vanRensburg, M van Tonder

10. Trustees vir Pensioenfonds

Brs D Wright, H Kruger, K Groenewald.

Verslag C6. Tydelike Kommissie vir Getuienis

1. Foute in Verslag A5

1.1 Bladsy 63. “Okahandja met Opuwa (ds Mutambo) moet lees “Okahandja met Opuwa met B Mutambo NGKN”.

1.2 Bladsy 62. Windhoek-Oos koppel nie met Takuasa nie, maar wel met Sauyemwa (ds Hausiku).

2 Koppeling pt 3

Vraag: “Kan die kerkverband nie meer doen om die Koppelings te motiveer en ondersteun nie?”

Antwoord: Die Sinode doen nie meer koppeling nie. Gemeentes reël dit self onderling. Om die koppeling te ondersteun kan ook nie. Daar is nie mannekrag om dit te doen nie.

3 Vraag

Watter relevante en toepaslike navorsingswerke vir die NGKN sou deur die NRI onderneem word?

Antwoord: Die sake sou in gesprek me die NRI uitgeklaar kon word.

4. Vraag

Is dr Buys se pos by NETS ‘n navorsingspos en nie meer opleiding nie?

Antwoord: Kyk weer na paragraaf7, bladsy 66 wat lui:

In 1999 het NETS besluit om ‘n Instituut vir Navorsing te begin, wat al meer geblyk het ‘n baie groot behoefte te wees. Ongelukkig was daar gaan personeel beskikbaar wat die regte ervaring en toerusting vir die pos gehad het nie. Na die aanstelling van Ds. Martin Khoaseb as nuwe Prinsipaal van NETS in Januarie 2003, **het die Raad besluit om Dr Buys weer as normale dosent aan te wend.** Terwyl alle NETS dosente egter ‘n *50% administratiewe verantwoordelikheid* het (sien hierbo), het die Raad hom gekies om hoof te word van die lang verwagte instituut. Die werk van die instituut het amptelik op 1 Junie 2003 begin, en het reeds aansienlike ondersteuning van hoofstroom Kerke in Namibië verwerf.

Die werksaamhede van die instituut kan vergelyk word met dié van BUVTON op Stellenbosch, hoewel dit gerig bly op ondersteuningsdienste aan Kerkgroepe in Namibië. Met die oog op navorsing is samewerking met ander teologiese inrigtings baie noodsaaklik. Daarom het NETS reeds met ander inrigtings soos Paulinum begin saamwerk – soos ook voorheen in die TEE program. Hoewel die NETS Navorsingsinstituut veral met sy eie lidkerke werk, word daar ook met alle Kerke wat belangstel saamgewerk. **Ten spyte van die samewerking met ander groepe bly Dr Buys primer ‘n NETS dosent, wat steeds sekere klasse by NETS hanteer.**

5. Vraag

Waarom resorteer NETS steeds onder Getuienis? Hoort dit nie eerder by die Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers nie?

Antwoord: NETS het vanuit die geskiedenis onder die getuieniskommissie tuisgekom. Dit sou goedskiks na die Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers kon tuiskom. Die implikasies kan in die reses uitgewerk word.

Aanbeveling: Die Sinode keur in beginsel goed dat Teologiese Opleiding na die Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers verskuif.

6. Teologiese Opleiding

Opmerking: Die Sinode gee aandag deur sy Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers aan die ver-namibisering van teologiese opleiding vir die NGKN.

7. Nuwe Reglement: Reglement vir die Diensgroep van Uitbreiding

Die hele saak word ‘n agendapunt van die Getuienis Taakspan om die saak te ondersoek met verslag aan die Moderatuur.

Ds D de Vos – Sameroeper
Ds WHJ Coetzee – skriba

Bylae by die Tydelike Verslag vir Getuienis

BYVOEGING BY DIE VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE EN MODERATUUR

‘n Derde Reglement vir ‘n Diensgroep (sien pp 30 – 32 van Agenda)

Reglement B3

REGLEMENT VIR DIE DIENSGROEP VAN UITBREIDING

1. NAAM

Diensgorpe vir die geografiese / demografiese uitbreiding van die Koninkryk van God in Namibië, Afrika en Wêreldwyd.

2. DOELSTELLINGS

Om gemeentes en lidmate van die NGKN

- Bewus te maak van hul roeping om die Koninkryk van God geografies en demografies uit te brei;
- Te begelei en adviseer in prosesse daarop gerig om die Koninkryk van God geografies en demografies uit te brei;
- Te adviseer betreffende geleenthede om die Koninkryk van God uit te brei na gebiede en gemeenskappe wat geestelik verarm is.

3. PLIGTE

Die Diensgroep vir Uitbreiding moet:

- ‘n Opname maak van gebiede en gemeenskappe waarheen gemeentes van die NGKN reeds uitreik en waarby

gemeentes van die NGKN reeds betrokke is;

- navorsing doen oor prosesse betrokke by, asook Bybelse beginsels ten opsigte van die geografiese / demografiese uitbreiding van die Koninkryk van God;
- rolspelers en moontlik vennote identifiseer binne en buite Namibië;
- as koördineerder optree tussen gemeentes en die verskeidenheid vennote of individue wat wil bydra tot die uitbreiding van die Koninkryk van God in Namibië, Afrika en wêreldwyd.

4. SAMESTELLING

- Twee lede uit die Suide van Namibië
- Twee lede uit die Noorde van Namibië
- Twee lede uit Windhoek
- ‘n Sekretaris / sekretaresse in diens van die Sinode wat in die Sinodale Kantoor gesetel is.
- Die voorsitter word deur die sinode benoem.

5. VERSLAG

Die Diensgroep lewer verslag aan die Sinode.

6. WYSIGING

Slegs die sinode kan die reglement wysig.

D Notule

Eerste sittingsdag, Sessie 1: Met God op pad.

1. Aanvang

* Die vergadering begin om 11:00 deurdat ds Johann Serfontein 'n sessie van sang-aanbidding lei.

* **Ds Johannes Maritz neem die ontwikkeling** wat sedert die vorige vergadering in 2001 onder die Renovaré-projek tot stand gekom het, kortliks in oënskou. Hy fokus op hoogtepunte en "sukses-verhale" waarvoor ons die Here dankbaar kan wees.

* Sinodegangers kry **geleentheid om aan die tafels gesprek te voer** oor die vraag: *Wat was vir jou hoogtepunte in die gemeente die afgelope 2 jaar?* Reaksies word per indekskaart opgeneem met die oog op 'n "getuienis-collage" wat teen een muur van die saal aangebring sal word.

* **Ds Schalk Pienaar verwelkom die volgende gaste ter vergadering:**

- **Teologiese Opleiding:** Prof Jurgens Hendriks, Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch
- **Council of Churches in Namibia:** Dr Tshapaka Kapolo
- **Duits Evangelies Lutherse Kerk:** Biskop Reinard Keding en Pastor Erich Rust
- **Church of the Province of Southern Africa (Anglican):** Biskop Shihala Hamupembe.
- **Evangelical Lutheran Church in Namibia:** Pastor Theophilus Nelumbu.
- **Nederduitsch Hervormde Kerk in Suider Afrika:** Ds Rudie Denton
- **Verenigende Gereformeerde Kerk:** Dr Henry Platt
- **Gereformeerde Kerk:** Ds Johannes Bingle

2. Skriftelike groetboodskappe

2.1 Apostoliese Geloofsending van Namibië

GREETINGS TO SYNOD 2003

As co-laborers in the Kingdom of God we wish to greet you in the Name of our Lord, Jesus Christ.

We are thankful to the Lord to report that we had a fruitful leadership seminar at the end of May that was followed by our annual Workers Council meeting. The tri-annual election of our Executive Council also took place during the said meeting.

It is our heartfelt desire to convey to you the warm greetings of our national church at the occasion of your 13th synod meeting. Our prayer is that the God of wisdom will guide you in all deliberations. May He not only direct you to keep focused on the calling of his church but also empower you to obey the great commandment.

Allow me to express our gratitude for being able to complement each other in serving the people of our country with the Good News of Jesus Christ.

Our prayer is that God will grant Ephesians 3:16 to both you as delegates to this meeting as well as to the congregations entrusted to you.

Dr Martin van Niekerk
30-09-2003

2.2 Anglican Diocese of Namibia (Church of the Province of Southern Africa)

My brothers and Sisters in Christ,

As you assemble, as from today, in your Synod to take stock of the responsibilities entrusted to you (and us) by Our Lord and Saviour Jesus Christ (St Matthew 20; 19-20), I want you to know that prayers and best wishes go daily for you to Our Heavenly Father from your brothers and sisters in the Anglican Family of the Diocese of Namibia for the success of your Synod.

May God bless your deliberations and may you come to know His will concerning issues and challenges that face His Church and our Society today.

Our Christian love and greetings comes to all with this message.

Shihala N Hamupembe

2.3 United Congregational Church of Southern Africa, Namibia Synod

Dear Friends,

Thank you for the notification of your 13th Synod meeting and for the invitation to attend the opening service on Saturday. I will not be

able to attend and I have not been able to find someone to stand in for me.

However, please accept the attached greetings along with our prayers and best wishes for a successful Synod meeting.

Sincerely,

Rev A G Shipman
Secretary
Namibia Synod UCCSA

2.4 Roomse Katolieke Kerk

For our Diocesan Administrator of the Archdiocese of Windhoek, Bishop L.N. Nashenda, OMI, I would like to thank you very much for a fax of the General Secretary, Rev. Fr. Clem Marais, of the Dutch Reformed Church in Namibia concerning your Synod on October 11th this year.

Our Bishop being overseas for two month, I herewith, in his name, send kind and brotherly greetings to the instant Synod. May it bring God's blessings upon all the participants and encourage all the strife for more unity among the Reformed Family and among all Christians.

Be assured of our prayers!

Yours in the Lord for Bishop Nashenda,

Rev. Fr. Winfried Deing, OMI

2.5 Kerkraad: Otjiwarongo-gemeente

Wees verseker van ons gemeente en kerkraad se voorbidding vir krag, sterkte en wysheid met die sinodesitting.

Groete in Christus

2.6 Kerkraad: Outjo-gemeente

God wil hoor dat ons diep afhanklik is van hom en dat ons na sy wil vra. Mag ons in die dae wat voorlê die wysheid van God ontvang om te wees twat sy wil is.

Mag die Here u ryklik sien!

2.7 The Evangelical Lutheran Church in Namibia (ELCIN)

The grace of our Lord Jesus Christ, the love of God and Fellowship of the Holy Spirit be with you all dear fellow Christians, as you are assembled together as a body of Christ to discuss matters pertaining to the spreading and the growth of the Kingdom of God on earth.

The Evangelical Lutheran Church in Namibia hereby registers her profound gratitude to your invitation whereby Rev Clem Marais requested us to send a representative to attend the opening

ceremony of Synod on Saturday October 11, 2003. This invitation added more courage and hope to ELCIN to continue this journey of unity and fellowship in Christ as one body, a community which shares with others one faith in Christ Jesus. In responding to the General Secretary's request, it is therefore my distinct honor to inform you that Rev Theophilus Nelumbu from Windhoek, has been designated by the Church Council of 7 – 9 October 2003 which met at Oniipa to represent ELCIN in this occasion.

ELCIN wishes you God's rich blessings as you gather for His purpose to seek wisdom and discuss various matters serve to contribute to the spiritual growth of Christ's Church in Namibia in particular and in the world at large. As we have experienced the unity in the Spirit that has kept and still keeps us together in confessing Christ the Crucified, the Redeemer and the Triumphant, so should we continue with the same Spirit holding one's hand of faith and sharing together in the same glory of God; knowing that we all are children of God who are called by One Lord, the Savior of all humankind.

May God the Almighty give all what you may need, so that the synod may harvest fruitful end results. "All of us, whether Jews or Gentiles, whether slaves or free, have been baptized into the one body by the same Spirit, and we have been given the one Spirit to drink." 1 Cor 12:13.

Yours in Christ

Dr Veikko Munyika, General Secretary

2.8 Evangelisch-Lutherische Kirche in Namibia (DELK)

Namens Biskop Keding en die Kerkbestuur van die Evangelies-Lutherse Kerk in Namibia (DELK) dra ek graag ons hartlike wense vir Gods ryke seën en wysheid aan u oor.

Dit is in ons tyd 'n moeilike taak om sowel die kerk na binne toe op te bou en tegelykertyd die uitdagings van ons tyd op te neem. Dit is ons bede dat die Sinode die wysheid mag ontvang om beide op 'n goeie manier en in wysheid van die Heilige Gees te kan doen.

Ek mag ook ons hartlike dank uitspreek vir die vriendskap wat ons altyd weer ervaar van die afgevaardigdes van u kerk met interkerklike vergaderings en vir die goeie manier waarop u by die ekumeniese gesprekke in ons land betrokke is. Mag die Heer dit vir ons skenk om verder

saam in navoring van Hom op die pad van versoening in ons land te beweeg.

Ek groet u met die wagwoord volgens die tradisie van die Morawiese Broederkerk vir die dag van die spening van u Sinode:

“Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou ‘n verbond aangegaan, spreek die HERE, en jy het myne geword.” Eseg 16:8

Pastor Erich Rust

2.9 Gereformeerde Kerke in Namibië: Klassis Etosha

ONS GROET U BY DIE MENS IN MOOIPOORT

Geagtes en Geliefdes in Christus!

Die apostels Petrus en Johannes het in die kraakvars-tyd van die vervulde Evangelie, net ná Pinkster, ‘n middag om 15:00 ‘n verlamde bedelaarmens in die Mooipoort van die tempel gekry toe hulle op pad was om te gaan bid (Hand. 3:1-10). Hulle het duidelik verklaar dat hulle nie geld het om in die leë bedelaarshand te sit nie, maar dat hulle bereid is om te gee wat hulle het: “...in die Naam van Jesus van Nasaret: staan op en loop!” (Hand.3:6). Petrus het die verlamde se regterhand gevat en hom opgehelp. Hy het net daar letterlik sy voete gevind.

Namens die Gereformeerde Kerke in Namibië wil ons u vandag weer met waardering groet. Ons waardering spruit daaruit dat ons u in die Mooipoort vind – nie in die gestalte van die bedelaar nie, nie in die gestalte van ‘n weldoener wat maar onbetrokke ‘n stuiwer in die armebeurs gooi om so ‘n verbygaan-kaartjie te betaal nie, maar in die gestalte van die draers van dieselfde nuwe bevrydende Woord.

Ons waardeer die NG Kerk as ‘n kerkverband wat innoverend en effektief die evangelie wil uitdra. Daarvan getuig baie projekte wat u aanpak:

- die evangelie moet gehoor word – ver en naby
- die Woord word versprei – in die inheemse tale van ons suiderkontinent
- die ouer mense hoor – in die huis en tehuis en sentrum
- die jongmense word gevoed en opgevoed – in eietydse styl
- die wêreld in die nood van lamheid deur allerlei maatskaplike en samelewings-

krisisse hoor uit u mond: ‘*Staan op!*’ – terwyl u die regterhand reik.

Dit is ons bede dat hierdie Sinode ook weer die gemeenskaplike sake van u gemeentes in Namibië met omsigtigheid, ewewigtigheid en doelgerigtheid sal bespreek en aanspreek. As Gereformeerde Kerke wil ons u graag in Mooipoort bly sien (altdy op pad na die lewende tempeldiens van aanbidding), sodat die poort waar u met die Evangelie deurgaans inderdaad ‘n mooi poort vir die wêreld word. Dit is ons roeping as kerke in hierdie uitstrekland waar die Koning van die kerk ons saam geplaas het. Mag die mens in Mooipoort by die voete van die draers van die Evangelie sy voete vind!

Seën toegebid.

Johannes Bingle (ds.)
(Gereformeerde Kerke, Klassis Etosha)

2.10 Verenigende Gereformeerde Kerk

Ons wil u groet met die idee uit Efesiërs 4:13(c) nl. dat ons “sy kerk” soos ‘n volgroeiende mens (sal) wees, so volmaak en volwasse soos Christus”.

Ons wil u ook seën op u vergadering toebid. Ons sien uit met groot verwagting na die vrug van u beraadslagings.

U vergader in ‘n tyd waarin van die kerke gevra word om *moedige besluite* te maak, maar ook om die moed daarvan te hê om pro-aktief betrokke te wees in die meewerk tot die oplossings.

Die rede vir die groot uitdaging aan ons kerke is om verskillende redes. Ek meld maar net ‘n paar hiervan as voorbeelde waarmee u ook sekerlik sal moet worstel:

- Die *MIV/VIGS* *pandemie* het een van die grootste bedreiging vir mense lewens geword en roep om dringende optrede deur elkeen.
- Die gepaardgaande probleem van *wees- en kwesbare kinders* bring tegelyk op die tafel van die kerk ‘n werklikheidstoets vir die geloof, nl. hoe ons prakties optree om Christus se warmte en sorg tasbaar uit te dra.

Benewens hierdie krisis wat ons agenda begin oorweldig, mag ons tog ook nie die *uitdaging vir ware eenheid* as minder belangrik beskou nie. Hierdie saak om eenheid, veral met verwysing na die verhouding tussen die VGK en NGK, konfronteer ons albei met die kairo-

vraag om die tyd te versnel in ons ernstige soeke en najaag van hierdie sigbare merk (eenheid) van broederskap. Die afwesigheid van duidelike eenheid sal telkemale tydens die viering van die Heilige Nagmaal ons weer in belydenis moet dwing. En tog is dit duidelik dat sodanige belydenis ons moet laat opstaan tot die ernstige najaag van heling. Anders kan ons dalk die essensie van versoening misloop ... en mag ons daarvan behoed word!

Daar bestaan by die VGK 'n ongemaklike ervaring dat ons NGK broeders nie genoegsaam *voortuitgryp om sigbare eenheid te verwesenlik* nie. Die uitdaging vir die kerk sal moet wees om tydige besluite te neem wat God se versoeningsboodskap weerspieël.

Ons bid dat die droom (visioen) van *eenheid werklike gestalte sal* verkry deur groei na eenheid.

Ons bid om duidelike leiding vir hierdie vergadering wanneer u besluite moet neem in die lig van die Woord.

Broedergroete in Christus.

Henry G Platt (Moderator: VGK Namibië)

2.11 Nederduitsch Hervormde Kerk

Wees gegroet in die Naam van ons Here Jesus Christus, die Hoof van die kerk en Heer van die wêreld!

Die Ring van Dorsland van die Nederduitsch Hervormde Kerk dra hiermee aan u hartlike groete oor en wens u ryke seën toe van Hom wat sy kerk onmiddellik regeer deur sy Woord en Gees, en middellik deur ampsdraers wat ter vergadering kom om die kerk te regeer. As daaraan gedink word dat die kerk sy liggaam is, is dit meteens duidelik dat daar slegs een kerk in die wêreld is wat die taak en roeping het om uiting te gee aan die eiesoortigheid van die kerk wat is en bestaan deur sy genadige ontferming, selfs te midde van die mees onrustige omstandighede waarin die kerk hom mag bevind.

Daarom word u voorspoed toegewens op u werksaamhede tot die goeie voortgang van die verkondiging van die evangelie, die lig van die wêreld. Deur die waarheid van die Woord soos verwoord deur die belydenis wat deel vorm van ons Reformatoriese erfenis, beleef ons die eenheid van die kerk saam met u in die Naam van die Here.

Broederlike groete

Dr Barry van Wyk: Voorsitter: Ring van Dorsland

Dr S Kameeta van ELCRN het verskoning aangeteken. Hy kon ongelukkig weens onvoorsiene omstandighede nie teenwoordig wees nie.

3. Viering van die nagmaal

Ds Schalk Pienaar nooi alle sinodegangers en ekumeniese gaste teenwoordig om deel te neem aan die viering van die **nagmaal**. Só word God se goedheid gevier.

4. Konstituering

Ds AJ Bezuidenhout (die predikant wat die oudste in jare is) **konstitueer** die dertiende vergadering van die Namibiese Sinode met die volgende 117 afgevaardigdes uit 43 gemeentes:

GEMEENTE	LERAAR	OU DL / DIAKEN
Academia	JJdeW Strauss	W Venter
Aranos	M van Tonder	S Strauss
Ariamsvlei	-	-
Aroab	C Sutton	WJ Louw
Bagani	A Marinda	R Muyatwa
Bethanie	RM Smit	ACJC van Greunen
Gobabis	C James	B Calitz
Gobabis-Suid	JHG Maritz	AA de Man
Gochas	CAJ Burger	AJ Lausberg
Grootfontein	DJ de Vos	B van Wyk
Hentiesbaai	AJ Bezuidenhout	D Hanekom
Kalkrand	A Schwirzer	H Basson
Kamanjab	E Evert	JC Avis
	J Ngambwe	B Mutambo
Karasburg	WJ Oosthuizen	A Oberholster
Keetmanshoop	DJ Grové	JJN Wasserfall
	SJ Schoeman	CG Kotze
Koes	JJV Engelbrecht	AJ Vermeulen
Leonard	JC Woest	EZ van Vuuren
Lüderitz	HS Grobler	AS Bosman
Luhebu-Noord	HZM Oosthuizen	J Moyo
Maltahöhe	CB Knipe	HJ Verwey
Mariental	DJ Goosen	JP Theron
	D van Huyssteen	JJJ van der Berg
Okahandja	C Nel	H Maritz
	TM Venter	C Koorts
Omaruru	JP Rossouw	NGJ Roux
Otavi	De W Mouton	JJ Fourie
Otjiwarongo	PG Poggenpoel	CW Mouton
		E Lee (Me)
Outjo	DC Thomas	C Dames
Pionierspark	AJJ Burger	HJ du Toit
	WHJ Coetzee	PJ Maass
	C Marais	DJ Levin
	JA Theron	AC Coetzer
	JJ Schoeman	--
Rundu	JM de Beer	--
Stampriet	G Liebenberg	T Kotze
Suiderhof	EJ Strydom	V Marais
	HG Schaaf	--
Swakopmund	CJP van den Heever	Kobus Vos
	HB Olivier	JC Weyers (Me)
Tsumeb	MC van Rensburg	JPB Keyser
	PH Bosman	GW Bence
	JJ Pienaar	A Grobler
Tsumkwe	HJ van Zyl	K Bo
Usakos		KA Esterhuizen

Walvisbaai	GP Davids	DK Rossouw
Walvisbaai Meersig	SS Hansen	GJ Kok
Walvisbaai Noord	JL du Toit	C Coetzee (Me)
Warmbad	PJ van Zyl	NJ Pretorius
Wildevy	H Steyn	P Filipus
Windhoek	MJN van der Merwe	AP Roostee
	DA Louw	PZ van Vuuren
Windhoek-Eros	JF Serfontein	AJ Basson
	F v/d Berg	ME Grobler Dr
Windhoek-Oos	NA Louw	R Cloete (Me)
	HM Koekemoer	C Langford (Me)
Windhoek-Wes	SW Pienaar	G Lubbe
	GL Buys	T Slabbert
	F Burger	T van der Merwe
	RC Becker	A Burger
Zambezi	J Otto	S Coertzen

5. Verkiesing van Moderatuur

Die sinode besluit

1 om in terme van Bepaling 35.1.4 die bepaling insake die verkiesing van die Moderatuur (Reglement A1, Reglement van Orde, punt 6.1) op te skort. Goedgekeur met twee-derde meerderheid.

2 dat die uittredende Moderatuur die leiding van hierdie vergadering waarneem.

(Hiermee is Verslag A1, Kommissie vir die Agenda, punt 5.4 afgehandel.)

6. Tydelike Kommissies

Die sinode benoem die volgende predikante in tydelike kommissies en besluit dat die kerkraadslid wat saam met die lede van kommissies C.1 tot C.5 afgevaardig is, saam met die betrokke predikant in dieselfde tydelike kommissie dien (persone wie se name onderstreep is, tree as sameroepers op):

C.1 Leer en Aktuele Sake (TKLAS): Di W Oosthuizen, RM Smit, C Sutton, JP Rossouw.

C.2 Regte (Bep 35.2.6.2) (TRK): Drr GL Buys, HS Grobler di MC van Rensburg, HJ van Zyl, HZM Oosthuizen.

C.3 Kerkregtelike besluite (TKB): Di GP Davids, D van Huyssteen.

C.4 Fondse en Administrasie (Bep 35.2.6.1) (TKF): Di MJN van der Merwe, CJP van den Heever, PG Poggenpoel, Finansiële Bestuurder.

C.5 Algemene Sake en Renovaré: Di SW Pienaar, C Marais, J Serfontein, drr JJdeW Strauss, J Woest, M van Tonder, di C Nel, WHJ Coetzee, NA Louw, JA Theron, JHG Maritz.

C.6 Pers (Bep 35.2.6.4) (TKP): Moderatuur

C.7 Kommissie vir Kommissies (Bep 35.2.6.5) (TKK): Di JF Serfontein, J de Beer, MJN van der Merwe, GL Buys, F Burger, DJ de Vos, JHG Maritz, W Oosthuizen, dr J

Woest, di CJP vd Heever, PG Poggenpoel, G Liebenberg, F vd Berg.

C.8 Afkondiginge en verlof (Bep 35.2.6.3) (TKA): Di SS Hansen, AJJ Burger.

C.9 Notule (TKN): Di G Liebenberg, D Grové, NA Louw, dr M van Tonder.

C.10 Stemtelers: Di C Thomas, HJ Steyn, E Evert, TM Venter.

(Hiermee is Verslag A1, Kommissie vir die Agenda punt 12 sowel as Verslag A1.1 Kommissie vir die Agenda (2) punt 2 afgehandel.)

Die vergadering verdaag vir middagete.

Eerste sittingsdag, Sessie 2: Opnuut verbind aan die Here.

Die vergadering begin met sang-aanbidding onder leiding van die Liturgiespan.

7. Openingsrede

Ds Schalk Pienaar verwelkom die volgende predikante in die sinodale gebied, nl. Pine Pienaar, Elmo Evert en Adolf Schwirzer.

Ds Schalk Pienaar, Moderator van die twaalfde vergadering van die sinode, hou die amptelike openingsrede. (Bylaag 1)

8. Die Storie

Ds Johannes Maritz lewer kortliks verslag oor die verloop van die Renovaré proses. (Renovaré-verslag par 6.3.1)

9. Roepingsverklaring

Tafelent 2: Vertoef vir die volgende 20 minute by Miga 6:6-8. Wat sê dit vir jou oor verbintenis aan die Here? Terugvoering word op indekskaarte gegee.

Tafelent 3: Wat beteken dit prakties vir ons om vandag ons verbintenis aan die Here geloofwaardig uit te leef in Namibia? Terugvoering word op indekskaarte gegee.

Die Liturgiespan lei die sinode in 'n verbintisemoment waarna die vergadering verdaag vir verversings.

Eerste sittingsdag, Sessie 3: Opnuut verbind aan mekaar.

10. Die aanvang

Ds Johann Serfontein lees Joh 13 en gee sinodegangers die geleentheid om daarvoor na te dink.

11. Die Storie

Dr De Wet Strauss gee 'n kort inleiding t.o.v. die fokuspunt – versorging. Punt 6.3.2 die Renovaré-verslag word hanteer aan die hand van Rom 12.

Johannes Maritz lei die sinode aan die hand van **tafeltent 4**: Wat sê dit vir ons oor ons verbintenis aan mekaar? Terugvoering word op indekskaarte gegee.

Tafeltent 5: Wat beteken dit prakties vir ons om vandag ons verbintenis aan die medegelowiges geloofwaardig uit te leef as gemeentes teenoor mekaar en teenoor ander kerke? Terugvoering word op indekskaarte gegee.

Ds Johann Serfontein lei die sinode in sang.

Die vergadering verdaag vir aandete

Eerste sittingsdag, Sessie 4: Opnuut verbind aan land.

- **Die prinsipaal van NETS**, Past Martin Khoaseb, en sy vrou word aan die vergadering bekend gestel.
- In stilte, met klavierspel in die agtergrond, word **skyfies** oor natuurtonele oor Namibië vertoon en word afgesluit met samesang.

12. Fokus op die Realiteitsomstandighede in en om NG-gemeentes

* Ds Thijs van der Merwe stel **Dr Marieta Grobler**, voorsitter van die KMR aan die woord. Sy lig ons in oor die diens van barmhartigheidsomstandighede in Namibië. (Bylaag 2)

* **Tafeltent 6**: Wat hoor jy sê die Here vanaand vir ons oor die nood om ons? Terugvoering word op indekskaarte gegee.

* **Tafeltent 7**: Wat is die prioriteite in terme van die nood in ons land waaraan ons as kerk in die toekoms aandag sal moet skenk? Terugvoering word op indekskaarte gegee.

DAGSLUITING

Die dag se verrigtinge word afgesluit om 20h50 aan die hand van **Tafeltent 8**: Wat het vandag

met my gebeur? Gebedsafsluiting vind plaas by die onderskeie tafels.

Tweede sittingsdag: Sondag 12 Oktober

'n Massadiens word om 9 vm in die kerksaal van Suiderhofgemeente gehou. Ds Schalk Pienaar tree as prediker op. Die diens word deur nagenoeg 1000 mense bygewoon.

Tweede sittingsdag, Sessie 5: Sondag 15:00 – 17:30 Die pad vorentoe.

Spiritualiteit: Ds Johann Serfontein begelei die sinode in 'n spiritualiteits oefening.

13. Die Storie (Vgl A1:10: Sinodale struktuur; Bylae 4 by A1; A4:14 Sinodalestrukture; A9.7)

Dr Hennie Grobler begelei die sinode oor die verhaal van die ontwikkeling van die sinodale strukture tot op hede. Hy lees 1 Tim 3:14ev. Beklemtoon dat Paulus hier reeds in beginsel praat oor kerkorde, belydenis en erediens(liturgie). Hy verduidelik kortliks die verhaal vanaf 1998 en lig uit dat die strukturering van die sinodale werk toenemend onvoldoende is.

Ds Clem Marais verduidelik die noodsaaklikheid en die aard van die struktuurvoorstelle aan die sinode. Die bedoeling van die voorstel is veral om die gapings tussen die renovaré taakspan en kommissies te oorbrug. Hy verduidelik verder die verskil tussen die twee gesigte van die sinode nl. Die deurlopende verband (verhoudings tussen gemeentes), en vergaderings wat periodiek gehou word. 'n Nuwe element wat bygekome het by die huidige vergadering is die insig dat die sinodale vergadering in wese die viering van kerkverband is. Hierbenewens is die vergadering ingestel om die ruimte te skep vir die werk deur beginsel-besinning, en beleidvorming asook die saambinding tussen gemeentes te versterk.

14. Prioriteite en sake: Bespreking oor die struktuur

Voorsitter gee geleentheid dat voorstelle en aanbevelings tov. Art 35 op indekskaarte

ingehandig word. Tydelike kommissies verwerk dit verder en dit word beklemtoon dat enige persoon wat persoonlike insette wil lewer genooi word om saam met die kommissie te vergader.

15. Prioriteite en sake 2: Bespreking oor al die verslae

Die voorsitter gee geleentheid vir vroeë en aanbevelings op indekskaarte tov al die agendaverslae. (A1 – A10) Tydelike kommissies sal die sake verder hanteer.

Tydelike Kommissie vir Getuienis word goedgekeur: DJ de Vos, WHJ Coetsee, TM Venter, PG Poggenpoel, JJV Engelbrecht, Oudl AC Coetzee, JG Maritz.

Verbinteniss.

Liturgiese span lei die sinode aan die hand van geloofsbelydenis van Nicea en selfgeformuleerde geloofsverklaring. Die vergadering verdaag sodat die ringe kan vergader en vir die ere diens om 18:30 wat gelei word deur Prof. Jurgens Hendriks.

Derde sittingsdag, Sessie 6: Maandag 10:00 – 13:00. Die pad vorentoe (vervolg).

Spiritualiteit

Ds Johan Serfontein begelei die vergadering in 'n spiritualiteitsoefening. Die tafels bespreek die vraag: *Wat is die een ding wat jou van die sinode sal bybly?* Geleentheid vir gebed aan die tafel.

16. C2.3: Derde verslag van die Tydelike Regskommissie

1. Korrektheid en geldigheid van vergaderingsprosedure

Die sinode besluit om handelinge tydens hierdie vergadering wat in stryd met die reglement van Orde was, te kondoneer en vir die res van die vergadering Reglement A1 in ooreenstemming met Bepaling 35.1.4 op te kort waar nodig. Goedgekeur met tweederde meerderheid.

2. Verkiesing van Moderatuur

Die sinode besluit om die moderatuur te vergroot deur die verkiesing van twee ouderling/diakens as addisionele lede. Die bestaande bepaling 25.2.1.2.4. word dienoooreenkomstig gewysig. Goedgekeur met tweederdemeerderheid

3. Laatstuk van broer Gernot Schaaf, Swakopmund

Die sinode neem die versoekskrif van broer Gernot Schaaf in ontvangs en verwys dit na die Moderatuur vir gesprek met die broer.

Hiermee is verslag C2.3 afgehandel.

17. Verkiesing van Moderatuur

* Ds Schalk Pienaar word verkies as Moderator

* Ds Johann Serfontein word verkies as Assessor

* Dr Hennie Grobler word verkies as Aktuaris

* Ds Clem Marais word verkies as Skriba

* Op versoek van Dr Jan Woest dat – wat die twee addisionele lede in die moderatuur betref – 'n bekendstelling van persone of die samestelling van groslys plaasvind, gee die Tydelike Regskommissie die volgende leiding: Kerkraadslede wat geroepe voel om die Here op hierdie manier te dien, skryf hulle name op 'n indekskaart. Die name vorm die groslys, alhoewel voorstelle van die vloer af ook hanteer sal word.

* Die volgende groslys van dertien persone word saamgestel:

Johan van den Berg	Schalk Strauss
PZ van Vuuren	Adriaan Grobler
Coenie Kotze	Hardus Maritz
Koos Keyser	Anton Roostee
Cecil Koortz	Andries van Greunen
Tolla Coetzer	Albie Basson
Marieta Grobler	

18. Verslag A1: Kommissie vir die Agenda

Kennis geneem van die hele verslag. Die volgende besluite word geneem.

11 Verblyf aan afgevaardigdes, etes en verversings

Die Sinode besluit dat geen daggeld aan afgevaardigdes self uitbetaal word nie. Gashere wat afgevaardigdes huisves is geregtig op N\$50 per dag.

Hiermee is Verslag A1 afgehandel

19. Verslag A2: Sinodale Kommissie en Moderatuur.

Kennis geneem van die hele verslag. Die volgende besluite word geneem.

3 Verhouding met Verenigende Gereformeerde Kerk van Suider-Afrika (VGKSA)

Staan oor tot verslag van Tydelike Kommissie vir Algemene Sake.

10 Herbesinning oor Sinodale Strukture

Staan oor tot Tweede Verslag van Tydelike Regskommissie.

Hiermee is Verslag A2 afgehandel.

20. Verslag A3: Sinodale Regskommissie

Kennis geneem van die verslag in die geheel. Die volgende word besluite van die vergadering.

1.1 2001-uitgawe van Kerkorde, Bepalings en Reglemente van die NGKN

Die sinode keur die nie-publikasie van 'n nuwe uitgawe van die Kerkorde en Bepalings in 2001, goed.

4. Kerkordeboek 2003

Die sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om die rubriek *Keur van belangrike Sinodebesluite* deeglik te hersien.

5. Jurisdiksie van appèlliggame

Die sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om die jurisdiksie van appèlliggame wat buite Namibië gesetel is asook die implikasies van die feit dat Namibiese predikante se ampsbevoegdheid deur die Algemene Regskommissie hanteer word, te ondersoek met verslag aan die sinode. Die Algemene Regskommissie moet tydens die ondersoek geraadpleeg word.

6. Bepaling 8.4.1.3

Die sinode keur 'n nuwe punt 12 goed wat soos volg lui: "afskrif van paspoort sowel as werkspermitstempel waar van toepassing." (Twee-derde meerderheid.)

7. Herstrukturering van die sinode

Staan oor tot tweede verslag van die Tydelike Regskommissie.

Hiermee is Verslag A3 afgehandel.

21. Verslag A3.1: Tweede verslag van die Sinodale Regskommissie

1. Die volgende veranderinge aan die Bepalings van die Sinode van Namibië na aanleiding van wysigings van Artikels van

die Kerkorde en ander besluite van die Algemene Sinode 2002 word met twee-derde meerderheid goedgekeur.

1.1 Bepaling 7

1.1.1 Die Sinode skrap die huidige Bepaling 7.1

1.1.2 Die huidige Bepaling 7.2 word vervang met:

7.2 Omruil van standplase

7.2.1 Leraars wat weens buitengewone omstandighede daartoe verplig word of wat 'n omruiling van standplase begeer, kan in oorleg met die betrokke kerkrade reëlings tref vir die omruiling van hulle standplase.

7.2.2 Sodanige reëlings moet met 'n geskrewe ooreenkoms deur die betrokke kerkrade goedgekeur word waarna dit vir goedkeuring aan die ring/ringskommissie voorgelê word.

7.2.3 Hierdie ooreenkoms tot omruiling moet eers deur die betrokke ringskommissies goedgekeur word voordat uitvoering daaraan gegee mag word.

7.2.4 Kennisgewing hiervan word in die amptelike blad van die kerk gegee.

7.2.5 Die bepaling ten opsigte van die bevestiging van 'n leraar in 'n gemeente is ook hier van toepassing. (Sien ook die Besluit van die AS 2002)

1.1.3 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 7.5.2

1.1.4 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 7.6.2

1.1.5 Die Sinode verwys Bepaling 7.6.3, 7.6.4, 8.3.5 en 8.3.6 na die Sinodale Regskommissie vir studie en verslag aan die Sinode. Dié bepalinge word in die nuwe uitgawe van die Bepalings en Reglemente opgeneem met 'n voetnoot wat lui: "Kerkvergadering wat van hierdie bepalinge gebruik wil maak, moet let op die ter sake reglemente en besluite van die Algemene Sinode."

1.1.6 Die Sinode voeg 'n nuwe bepaling na Bepaling 7.7 in wat lui:

7.7 Termynposte

7.7.1 'n Kerkraad mag, in gevalle waar dit nie om 'n permanente pos gaan nie, 'n predikant vir 'n bepaalde termyn en 'n bepaalde taak beroep.

7.7.2 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring / ringskommissie wat hom van die meriete daarvan moet vergewis.

7.7.3 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voordat die pos ontstaan het.

1.1.7 Die Sinode voeg in Bepaling 7.8.1 tussen die woorde “bring” en “Regl “ die woorde: “Besluit 7b by Artikel 7 en” in.

1.1.8 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.8.3 met: *bring die reëlins van Bepaling 13 (oor lewensonderhoud, pensioen- en mediese fonds, verlof, aanvang van verantwoordelikheid en verhuisingskoste) onder die aandag van die beroepende vergadering.*

1.1.9 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 7.8.4

1.1.10 Die Sinode skrap die woorde “en Kerklike Inligtingsburo” in Bepaling 7.8.5

1.1.11 Die Sinode voeg tussen Bepaling 7.8.6 en 7.8.7 'n nuwe bepaling in wat lui: “*besorg onmiddellik na die tweede afkondiging van die beroep en nadat die tyd vir besware deur die gemeente verstreke is, die volgende stukke aan die voorsitter/skriba van die Ringskommissie waaronder die beroepende gemeente ressorteer, vir bevestiging, namens die ring, dat daar aan al die vereistes vir die uitbring van die beroep voldoen is:*

- *die beroepsbrief/konsepdiensooreenkoms,*
- *'n verklaring dat*
- * *alles in verband met die beroeping volgens die kerklike voorskrifte geskied het;*
- * *die beroep twee keer in die gemeente afgekondig is;*
- * *geen besware in verband met die beroeping ontvang is nie, of dat besware wat ontvang is, volgens die kerklike voorskrifte hanteer is,*

1.1.12 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.8.7 met: *Stuur, nadat goedkeuring vir die beroep van die gemeente en die ring/ringskommissie verkry is, onverwyld die beroepsbrief/konsepdiensoor-eenkoms aan die beroepende, en versoek hom om ontvangs daarvan sonder versuim telegrafies of telefonies te erken en om binne een week na ontvangs van die beroepsbrief / konsep-diensooreenkoms aan te dui of hy die beroep aanvaar/bedank of verder oor die diensooreenkoms wil onderhandel. Hierdie onderhandelinge moet binne 'n redelike tydperk afgehandel word.*

1.1.13 Die Sinode vervang die woord “kerkraad” in Bepaling 7.9.1 en 7.10.1 met: die woord: “ring”

1.1.14 Die Sinode voeg 'n nuwe Bepaling 7.9.2 in wat lui: *Beswaar teen 'n beroep kan ook uit eie beweging gemaak word deur die ringskommissie wat op grond van enige onreëlmatigheid weier om die beroep goed te keur.*

1.1.15 Die Sinode voeg 'n nuwe Bepaling 7.10.2 in wat lui: *'n Beswaar op grond van 'n onreëlmatigheid by die uitbring van die beroep, word deur die Ringskommissie beslis en die beslissing word aan die kerkraad bekend gemaak.*

1.1.16 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.10.3 met: *Indien die beswaar in verband met die leer of wandel van die beroepene staan, doen die ring/ringskommissie navraag by die ring onder wie se opsig en tug die beroepene staan. Blyk dit uit die inligting wat deur daardie ring verskaf word dat die beswaar ongegrond is, beslis die ring/ringskommissie dienooreen-komstig en gee kennis dat die beroep voortgaan. Blyk dit egter dat die beswaar gegrond is, word die beroep as vervalte verklaar. Indien die beroep om hierdie rede as vervalte verklaar word, word daarvan kennis gegee aan die ring onder wie se opsig die beroepene staan.*

1.1.17 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 7.10.4 met: *Indien die ring/ringskommissie beslis dat 'n bepaalde beroep as vervalte beskou moet word, gee die kerkraad aan die beroepene daarvan kennis en belê dadelik weer 'n vergadering om 'n ander beroep uit te bring.*

1.2 Bepaling 8

1.2.1 Die Sinode vervang die woorde “al die lede” in Bepaling 8.2.1 met “die skriba”.

1.2.2 Die Sinode vervang die woorde “nadat die volgende . . . ingedien is” in Bepaling 8.3.2 met: *nadat die volgende stukke deur die beroepende kerkraad aan die voorsitter/ skriba van die Ringskommissie voorgelê is en die Ringskommissie bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is, te wete:*

1.2.3 Die Sinode voeg vóór die bestaande Bepaling 8.3.2.1 'n nuwe bepaling in wat lees: *die finale diensooreenkoms*

1.2.4 Die Sinode vervang die woord “beroepsbrief” in die bestaande Bepaling 8.3.2.1 met die woord “diensooreenkoms”.

1.3 Kerkorde Artikel 12

Aangesien die Algemene Sinode KO Art 12 ingrypend gewysig het, dra die Sinode dit met volmag aan die Diensgroep Administrasie op om, in oorleg met die Sinodale Regskommissie, die Konsepdiensooreenkoms vir predikante te hersien.

1.4 Bepaling 13

Die Sinode voeg die woord “/ **samesmelting**” in Bepaling 13.1.4.4 in na die woord “**eenwording**”.

1.5 Bepaling 14.2.3

Die Sinode vervang die woorde “**die kerkraad . . . diensverhoudinge**”: met: die woorde “**die ring dit na oorleg met, en verslag aan die kerkraad of die betrokke kommissie**”.

1.6 Bepaling 15.5.2

1.6.1 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 15.5.2 met: *Die bevestiging geskied namens die kerkraad deur die plaaslike leraar, die konsulent of 'n aflosleraar met predikantsbevoegdheid wat kontraktueel verbind is tot diens aan die gemeente. Die kerkraad, of in die geval van 'n vakature, die konsulent in oorleg met die kerkraad, kan ook 'n predikant van 'n ander gemeente in die sinodale gebied versoek om die bevestiging waar te neem.*

1.7 Appèlkommissies en ondersoekliggame [Vgl Besluite by KO art 23 en KO Art 63.1]

Die Sinode verwys die vraag of ondersoekliggame en appèlkommissies staande of ad hoc kommissies moet wees na die Sinodale Regskommissie vir studie en verslag.

1.8 Bepaling 23

Die Sinode vervang “**Sinodale Kommissie**” met “**Sinodale Regskommissie**”.

1.9 Die Sinode skrap Bepaling 28.2.3

1.10 Bepaling 49.1 Die Doop

1.10.1 Die Sinode skrap die huidige Bepalings 49.1.6, 49.1.7 en 49.1.11

1.10.2 Die Sinode neem die Algemene Sinode se besluit oor die doop van kinders uit die buiteland in Bepaling 49.1 op. Die besluit lui:

1. As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hul kind in 'n ander gemeente as hulle tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle tuisgemeente verkry.

2. As lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by 'n gemeente inskakel, hul kind hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

2.1 Hulle moet toestemming van hulle gemeente in die buiteland verkry

2.2 Daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer

3. As lidmate wat permanent in die buiteland woon nie daar by 'n gemeente kan inskakel nie, maar hier wil laat doop, is die prosedure soos volg:

3.1 Die kerkraad waar hulle wil laat doop, vra hulle attestaat aan van die gemeente waar hulle lidmaat was totdat hulle geëmigreer het;

3.2 Daar word met hulle 'n doopgesprek gevoer;

3.3 Hulle word tydens die gesprek gevra na die redes waarom hulle nie by 'n gemeente kan inskakel nie, en hulle word aangespoor om wel by 'n gemeente in die buiteland in te skakel.

1.10.3 Die Sinode skrap die huidige Bepaling 49.1.8.1 tot 49.1.8.3.

1.10.4 Die Sinode vervang die woord: “**Hierdie**” in die huidige Bepaling 49.1.8.4 met die woord “**die**”

1.10.5 Die Sinode vervang die huidige Bepaling 49.1.13 tot 49.1.15.1 met:

Herdoop

1. Die Ned Geref Kerk herbevestig die gereformeerde geloofsoortuiging oor die genadeverbond en oor die doop wat in die vorm van grootdoop (as sendingdoop) mense buite die kerk wat tot geloof kom, in die genadeverbond inlyf, en in die vorm van die kinderdoop kinders van gelowige ouers in dieselfde verbond inlyf.

2. Die herdoop van lidmate doen die eenmalige betekenis van die doop geweld aan. In beginsel moet dit egter as “'n dwaling binne die Christenskap” gesien word en daarom pastoraal hanteer word.

3. Die pastoraat rondom herdoop sluit 'n algemene en persoonlike faset in wat in ooreenstemming met die besluite van die Algemene Sinode hanteer moet word.

4. Indien dit tydens enige fase van die persoonlike pastoraat duidelik word dat die oorgedoopte, en trouens enige ander lidmaat, oortuigings het wat die wese van die evangelie aantast, behoort verder met die kerklike tug teen so iemand opgetree te word, wat uitein delik

ook op die uiterste stap van afsnyding kan uitloop.

5. Ampsdraers wat in hierdie opsig dwaal, Kan voorlopig in hulle amp gestuit word totdat die saak ondersoek en opgelos is.

1.10.6 Die SRK kry opdrag om deeglike aandag te skenk aan die herrangskikking van die sake wat in Bep 49.1 aan die orde kom.

1.11 Bepaling 49.2 Die Nagmaal

1.11.1 Die Sinode skrap die bestaande Bepaling 49.2.1 tot 49.2.1.2

1.11.2 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 49.2.2 met: *Kerkrade moet sorg dra dat die elemente van selfondersoek en danksegging by die nagmaalsviering tot hulle reg kom in die nagmaalsliturgie en, indien die kerkraad so besluit, óók tydens aparte voorbereidings- en dankseggingsdienste.*

1.12 Bepaling 50.1 Die Kategese

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om Bepaling 50.1 in oorleg met die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping te hersien en die volgende vergadering van die Sinode met voorstelle hieroor te dien.

1.13 Bepaling 68

Die Sinode skrap Bepaling 68.1

2. REGLEMENT VIR DIE RINGSKOMMISSIE

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie volmag om die Reglement vir die Ringskommissie aan die hand van die nuwe bepalings te hersien en in die nuwe uitgawe van die Bepalings en Reglemente op te neem.

3. WERKSAAMHEDE VAN DIE AKTUARIUS

Kennis geneem

4. VORMS

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie volmag om, in oorleg met die Saakgelastigde, al die vorms aan die hand van die Kerkorde en die goedgekeurde bepalings en Reglemente te hersien. Slegs vorms wat algemeen gebruik word, word in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente opgeneem word met 'n verwysing dat die ander by die by die Sinodale Kantoor beskikbaar is.

Hiermee is verslag A3.1 afgehandel.

22. Verslag A4: Sinodale kommissie vir Administrasie

Die sinode neem kennis van die hele verslag. Die volgende besluite word geneem.

7. Medies en Pensioenfonds

7.3.1 Werkgewerstrustees vir Pensioenfonds: Die Sinode (as werkgewer) wys die volgende persone vir 'n termyn van vier jaar as verteenwoordigers op die Raad van Trustees aan, nl mnre D Wright, H Kruger en K Groenewald.

7.3.2 Hersiening Bepaling 13.2

Die sinode herformuleer Bepaling 13.2, "Pensioen- en Mediese Fondse", soos volg, met hernumerering van die bestaande Bepaling 13.3 en verder:

13.2 Pensioenfonds – staan oor tot verslag van Tydelike Regskommissie

13.3 Mediesefonds

Dekking onder 'n geregistreerde Mediese Fonds is verpligtend vir alle werknemers wat daarvoor kwalifiseer. Die mate waarin die kerkvergadering finansiële verantwoordelikheid neem vir die maandpremie is deel van die vergoedings-onderhandeling. (Twee-derde meerderheid.)

12. Reiskoste vir vergaderings

Die Sinode handhaaf sy besluit dat die kilometerbedrag vir reise in belang van die sinode onderneem, op die gemiddelde tussen die lopende- en vastekoste komponente vir 'n 1800-voertuig, soos weergegee in die AA-tabelle, vasgestel word.

13. Verpligte Sinodale Kollektes

13.1 Staking van kollekte vir Skoolverlaters

Die aanbeveling word geskrap ten gunste van die aanbeveling op p 116 van die Laatstukke, onder verslag A10. Verslag Sinodale Jeugkommissie.

Die sinode besluit om die Skoolverlatersfonds, Staptoerfonds en SJK-fonds te kombineer met die oog op die befondsing of subsidiëring van jeugaksies deur gemeentes. Hierdie fonds word deur 'n verpligte sinodale kollekte aangevul.

13.2 Lys van verpligte sinodale kollektes

Die Sinode besluit dat die volgende Sinodale Kollektes vanaf 1 April 2004 opgeneem moet word:

- 1 Namibia Evangelical Theological Seminary (NETS)
- 2 Stranddienste
- 3 Hendrik Nell Studiefonds
- 4 Gemeente Ondersteuningsfonds

- 5 Christelike Alkoholiste Diens (CAD)
- 6 Huis Maerua (NG Kerk Kinderhuis)
- 7 Bybelgenootskap van Namibië
- 8 Biblia Walvisbaai
- 9 Algemene Bedieningsfonds
- 10 Hugenote Kollege
- 11 Teologiese Fakulteit
- 12 Christelike Lektuurfonds (CLF)
- 13 Kerklike Maatskaplike Rade (KMR)
- 14 Jeugbediening

Hiermee is verslag A4 afgehandel.

- Br Nico Tromp kry geleentheid om die sinode toe te spreek oor die Schanzen-oord projek. Hy gee die nodige inligting tov. Besteding aan die sinode deur. Die sinode neem met dank kennis.
- Ds Anné Verhoef kry geleentheid om die sinode toe te lig ivm Bybel Media se werk. **Bybelkor** sal voortgaan met voorsiening van geestelike leesstof / studies. Hulle het ondertussen saamgesmelt met Lux Verbi. **Mema** lewer steeds leersame geestelike leesstof en ander materiaal wat talle aspekte van die samelewing dek. **Goeie Nuus Media-** Hulle lewer kassette aan diegene wat nie kan lees en skryf nie.
- Ds Anné Verhoef oorhandig 'n Kerkbybel aan die nutverkose moderator Ds Schalk Pienaar.
- **Die volgende voorstel word 'n besluit van die vergadering:** Die Namibiese sinode besluit om met onmiddellike effek 'n eie kersfonds te begin vir ons eie behoeftes. (Voorsteller: HB Olivier, Sekondant: JJ Schoeman)

Die vergadering verdaag vir middagete.

Derde sittingsdag, Sessie 7: Maandag 14:00 – 18:00 Die pad vorentoe (vervolg).

Spreekbeurt: Prof J Hendriks

Voorsitter gee aan Prof Jurgens Hendriks geleentheid om die vergadering toe te spreek oor Teologiese opleiding.

Hy doen 'n ernstige beroep op die sinode om te werk in die rigting van inheemse teologiese opleiding vir Namibië. Selfs wat die

voorsiening van leraars vir ons eie gemeentes betref. Hy beklemtoon dat die kerk wesenlike verskil kan maak aan die morele vorming van Afrika deur teologiese opleiding van leiers. Reg oor die wêreld word dit duidelik dat teologiese opleiding almeer 'n ekumeniese aktiwiteit word doodgewoon omdat dit te duur word vir net een kerk om net vir hulleself teologiese opleiding te voorsien. Hy doen 'n beroep op die sinode om veral saam te werk met groot protestantse kerke in die land bv Lutherse kerk ens. Namens Netact (Network for African Congregational Theology) nooi hy die kerk om mee te werk aan die proses van teologiese vorming in Afrika deur by hulle aktiwiteite in te skakel. (Bylaag 3)

23. Kerkraadslede in die Moderatuur en afgevaardig na Algemene Sinode

Die volgende Kerkraadslede word benoem om onderskeidelik in die moderatuur te dien, en om afgevaardig te wees na die Algemene Sinode in 2004:

23.1 Moderatuur: Marieta Grobler en Hardus Maritz.

23.2 Algemene Sinode: Prim: PZ van Vuuren en Koos Keyzer. **Sekundi:** S Strauss en A Roostee.

24. Verslag A5: Sinodale Getuieniskommissie

Kennis geneem van die hele verslag.

25. Verslag A6: Sinodale kommissie vir diens van Barmhartigheid: Maatskaplike Werk.

Kennis geneem van die hele verslag. Die volgende besluit word geneem:

Die sinode keur die geformuleerde roeping vir Kerklike Maatskaplike Werk goed en gee opdrag aan die Taakspan vir Maatskaplike Werk om in die reses hieraan gevolg te gee.

26. Verslag A7: Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid: Bejaardesorg

Kennis geneem van die hele verslag.

27. Verslag A8: Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake

Kennis geneem van die hele verslag.

28. Verslag A9: Sinodale Kommissie Gemeentebediening (Renovaré)

Staan oor (sien parae 34 en 35).

29. Verslag A10 Sinodale Jeugkommissie

Afgehandel onder paragraaf 22 hier bo.

30. Verslag C1 Tydelike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake

1. Skrifgesag

1.1 Die Sinode neem kennis van ds AJ Bezuidenhout van Hentiesbaai se kommentaar aangaande die studiestuk van die Algemene Sinode oor die gesag van die Skrif.

1.2 Ds Attie Bezuidenhout kry geleentheid om die sinode toe te spreek. Hy doen 'n beroep op die sinode om NGB 2-7 opnuut te bestudeer en daarom die Woord van God as die waarheid te aanvaar en te bely.

1.3 Die Sinode versoek Kerkrade om opnuut NGB Art 2 tot 7 te bestudeer as riglyn aangaande Skrifgesag en dan hulle kommentaar oor die Algemene Sinode se verklaring insake Skrifgesag deur te gee aan die Taakgroep vir Leerstellige Sake vóór 31 Maart 2004.

1.4 Die Sinode versoek die Taakgroep vir Leerstellige Sake om 'n verslag op te stel na aanleiding van die kommentaar deur kerkrade en dit voor te lê aan die volgende Sinode van Namibië vir besinning.

2. Grondhervorming

2.1 Die Sinode versoek Kerkrade om hulleself op hoogte te bring van die studiestuk oor Grondhervorming deur die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

2.2 Die Sinode gee opdrag aan die Taakgroep vir Leerstellige Sake om die studiestuk van AKLAS te kontekstualiseer vir die Namibiese situasie.

31. Verslag C2.1: Eerste verslag van die Tydelike Regskommissie

Van die hele verslag word kennisgeneem. Die volgende besluite word geneem:

1. Beskrywingspunt B.1: Verpligting om deel te neem aan Pensioenfonds (Agenda p 102)

Die Sinode herformuleer die bestaande Bepaling 13.2.1 (en daarmee ook die

voorgestelde nuwe Bepaling 13.2) om te lees: Die kerkvergadering voorsien vir elke werknemer in sy diens 'n pensioen in die Dutch Reformed Church Retirement Fund. Die werkgewer en werknemer onderhandel, in ooreenstemming met die reëls van dié fonds, oor die pensioenbydrae. (Hiermee is Verslag A4, punt 13.2 afgehandel.) (Twee-derde meerderheid.)

2. Beskrywingspunt B.2: Dienstyd van Kerkraadslede (Agenda p 103)

2.1 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 15.4.1.1 met: Kerkraadslede word vir 'n termyn soos deur die kerkrade bepaal verkies ('n maksimum van 5 jaar). By die verstryking van hierdie termyn kan die betrokke herkies word. Na twee termyne kan 'n persoon slegs vir 'n derde of verdere termyn herkies word na motivering aan en goedkeuring deur die ring/ringskommissie. (Twee-derde meerderheid.)

2.2 Die Sinode skrap die tweede sin van Bepaling 15.4.1.3. (Twee-derde meerderheid.)

2.3 Die Sinode skrap Bepaling 15.4.1.4. (Twee-derde meerderheid.)

Hiermee is Verslag C2.1 afgehandel.

31. Verslag C3.1: Eerste Verslag van Tydelike Kommissie vir Fondse en Administrasie

Die Sinode neem kennis van die hele verslag. Die volgende besluite word geneem.

1 Beskrywingspunt B2: Hersiening van Formule vir Eweredige Bydraes

Die Sinode gee opdrag aan die Bestuursdiensgroep om

1.1 die formule vir eweredige bydraes te hersien;

1.2 'n strategie daar te stel om die bedieningsbehoefes van lidmate in Namibië te bepaal, en indien nodig herontplooiing van gemeentes / bedieninge daarvolgens te inisieer.

2 Beskrywingspunt B3: Registerafskrifte

Die Sinode voeg die volgende by Riglyn R2:4.1 toe: "Name van persone wat in dieselfde jaar waarin hulle aankom of belydenis aflê of gedoopt word, na 'n ander gemeente oorgeplaas word, moet in die gemeente se afskrifte opgeneem word. Persone wat vertrek, maar nie in die verslagjaar gedoopt is óf belydenis afgelê

het óf aangekom het nie, word nie in die afskrif van die register aangeteken nie.”

Hiermee is Verslag C2.1 afgehandel.

33. Verslag C3.2 Tweede Verslag van Tydelike Kommissie vir Fondse en Administrasie

Kennis geneem van die hele verslag.

34. Verslag C4 Tydelike Kommissie Algemene sake en Renovare

Kennis geneem van die hele verslag. Die volgende besluite word geneem:

2. Goedkeuring van die handelinge van die sinodale kommissie

Die Sinode keur die handelinge van die Moderatuur en Sinodale Kommissie, soos gerapporteer in Verslag A2, goed.

4. Brief van Moderator van Algemene Sinode (Verslag A2, Bylae 1)

Die sinode verwys die beweerde foute in die brief van Dr Coenie Burger na die Taakspan vir Leerstellige Sake vir ondersoek, met verslag aan die Moderatuur. Die Moderatuur moet dan handel na bevind van sake.

5. Verhouding met VGKSA: Amendement: Verslag A2, punt 3

1. Die Sinode herbevestig die belangrikheid van bilaterale gesprek tussen die NG Kerk en VGKSA (Namibië);

2 Die Sinode spreek die behoefte uit dat die volgende Skrifgetuienis in die verhouding tussen die twee kerke waar sal word:

2.1 In 1 Joh 1:9 lees ons: “As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.” Die Here vergewe ten volle.

2.2 In Mat 6:14 en 15 lees ons: “As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.” Kan ons ‘n rede aanvoer waarom ons dus mekaar nie kan vergewe nie?

2.3 Goedgekeur soos geamendeer (GL Buys, AJ Bezuidenhout): In Jes 43:25 lees ons, “Ek, Ek is dit wat jou oortredings uitdelg om my ontwil en aan jou sondes dink Ek nie” Ons is so bly dat die Here ons sondes vergeet. Daarom

moet ons mekaar se foute vergewe en vergeet en saamwerk vir ons roeping in Namibië.

2.4 In Kol 3:12 – 15 lees ons: “Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.” Hierdie drievoudige opdrag: “Vergewe mekaar,” “julle moet mekaar liefhê” en “julle is immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe” moet ons vertrekpunt, ons dryfkrag en ons doel wees.

3 Die Moderatuur word gevra om spesifiek navraag te doen oor wat verhinder hierdie Skrifgetuienis om waar te word .

4 Gemeentes word eweneens gevra om op plaaslike vlak hieroor gesprek te voer met VGK-buurgemeentes.

5 Die volgende voorstel (HZM Oosthuizen / HJ van Zyl) word besluit van die vergadering: Gemeentes word versoek om daadwerklik uit te reik en voort te gaan met pogings om uitdrukking te gee aan die eenheid wat die Gees reeds tussen ons gesmee het (Ef 4:3).

6. Bagani-gemeente

6.1 Hulp met oprigting van kerkgebou

Die sinode versoek die Taakspan vir Getuienis om deur die OKC-Beheerraad hulp te fasiliteer met die oprigting van ‘n kerkgebou te Bagani.

6.2 Ampsbevoegdheid: Alfred Marinda

Die sinode versoek die Sinodale Regskommissie om weë te probeer vind waarlangs Broer Marinda predikantsbevoegdheid kan bekom – al is dit ook net beperkte bevoegdheid vir bediening aan Sanmense.

7. Roepingsverklaring

Die sinode keur die volgende roepingsverklaring goed:

1. Ons glo die lewende Here het Hom aan ons verbind. Aan hierdie verbintenis hou ons vas. Net die evangelie van Jesus Christus bring heelheid en vrede. Christus maak ons profete wat hierdie evangelie oral met integriteit

verkondig. Ons getuig van hierdie hoop wat in ons leef.

2. Jesus het gesê ons moet mekaar liefhê. Soos Christus ons liefhet, moet ons ook mekaar liefhê. As ons mekaar liefhet, sal almal weet dat ons sy dissipels is. In gehoorsaamheid aan ons Koning Jesus, vat ons met alle Christene hande om saam te werk sodat die Koninkryk kan kom.

3. God roep ons om hier in Namibië die volheid van Christus se liefde te leef. Dit doen ons as priesters deur daadwerklike aksies van diens en opoffering. Ons is geroep om te wees wie ons in Christus is: Sout vir die aarde en lig vir die wêreld.

4. Ons glo in Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel, wat sit aan die regterhand van die Vader, wat weer sal kom in heerlijkheid, wie se Koningsheerskappy geen einde sal hê nie. Daarom gaan ons die toekoms hoopvol en met verwagting tegemoet.

Ons het 'n Here. Ons is sy Kerk. Ons het 'n toekoms.

Hiermee is Verslag C4 afgehandel.

35. Verslag A9: Kommissie vir Gemeentebediening (Renovaré)

Kennis geneem van die hele verslag.

36. Tweede verslag van die Tydelike Regskommissie

Kennis geneem van die hele verslag. Die volgende besluite word geneem.

1. Prosedure: Besluite oor Organisasiepatrone

1.1 Die Sinode keur die nuwe organisasiepatrone goed.

1.2 Die Sinode keur die volgende wysiginge aan die bepalinge en reglemente met twee-derde meerderheid goed.

2 Wysiging en aanvulling van Bepalings en Reglemente wat nodig is vir die nuwe Organisasiepatrone

2.1 Algemeen

2.1.1 Vervang die bestaande Bepaling 25 met:

Bepaling 25: Kerkvergaderings

Kerkvergaderinge kan van staande, tydelike en ad hoc kommissies, diensgroepe, taak- en aksiespanne gebruik maak om hom te adviseer en opdragte uit te voer. Kerkvergaderinge kan hiervoor ook lidmate wat nie lid van die betrokke vergadering is nie, gebruik.

Kommissies, taak- en aksiegroepe is beperk tot hulle opdrag en moet aan die betrokke kerkvergadering verslag van hulle werksaamhede doen. (vgl Regl A1:11.9)

2.2 Bepalinge tov die sinode

2.2.1 Vervang die bestaande Bepaling 33.1 met:

Bepaling 33.1 Samestelling

Gemeentes word in die Sinode verteenwoordig deur hulle leraar(s) en een ouderling/diaken vir elke predikantspos in die gemeente. Vir elke afgevaardigde (sowel leraars as ouderlinge/diakens) word 'n sekondus aangewys.

2.2.2 Vervang die bestaande Bepaling 33.21 met:

Bepaling 33.2.1

Die geloofsbriewe van alle afgevaardigdes moet ten minste twee weke voor die aanvang van die vergadering aan die skriba van die Sinode gestuur word. Afgevaardigdes word tydens 'n gekonstitueerde kerkraadsvergadering aangewys.

2.2.3 Verskuif die bestaande Bepaling 33.2.7 om 'n nuwe 33.1.2 te word

2.2.4 Vervang die bestaande Bepaling 33.2.8 met:

Bepaling 33.2.8

Die konstituering van die Sinode geskied in ooreenstemming met die voorskrifte van Reglement A1.

2.2.5 Vervang die bestaande Bepaling 34.1 met:

Bepaling 34.1

Die Sinode vergader normaalweg elke tweede jaar in Oktober. Hierdie vergaderings vind waar moontlik plaas in jare waarin die Algemene Sinode nie vergader nie. Die skriba van die Sinodale Kommissie roep die vergadering minstens ses maande tevore byeen deur 'n kennisgewing aan al die kerkrade.

2.2.6 Vervang die bestaande Bepaling 35 met:

Bepaling 35 Werksaamhede van die Sinode Algemeen

35.1.1 Take en bevoegdhede van die vergadering

Benewens die gewone take en bevoegdhede van die Sinode ooreenkomstig Artikel 35

35.1.1.1 is die Sinode daar om gemeentes daadwerklik te help om voor God en met

mekaar as missionêre kerk te leef en te werk deur

- hoop in gemeentes te skep;
- ondersteunende verhoudings te skep;
- gemeentes se leierskap- gemeente- en gemeenskapsroeping te bevorder.

35.1.1.2 bied die samekoms van die Sinode aan gemeentes die geleentheid om die kerk verband te vier.

35.1.2 Sake vir behandeling deur die Sinode

35.1.2.1 Sake vir behandeling deur die Sinode moet minstens drie maande voor die datum van die aanvang van die Sinode in die hande van die skriba van die Sinodale Kommissie vir die Agenda wees en kan ingedien word deur kerkrade, ringe en kommissies van die Sinode. Lidmate van gemeentes binne die sinodale gebied kan hulle by wyse van versoekskrif tot die Sinode wend. Die Sinode besluit of laat ingekome stukke behandel sal word.

35.1.2.2 Verslae van kommissies, diens- en taakspanne van die Sinode moet minstens drie maande voor die aanvang van die Sinode by die skriba ingedien word.

35.1.2.3 Die Kommissie vir die Agenda het die bevoegdheid om verslae wat ontvang is, te laat verkort as dit onnodig lank is.

35.1.2.4 Beskrywingspunte, voorstelle of amendemente wat veranderinge in die Kerkorde en Bepalings ten doel het, moet, alvorens hulle bespreek kan word, in sodanige vorm wees waarin die voorstellers meen dat hulle in die Bepalings opgeneem moet word.

35.1.2.5 Die skriba laat die agenda druk nadat die Kommissie vir die Agenda insae gehad het in die stukke wat ontvang is en hy versprei die agenda betyds onder al die afgevaardigdes.

35.1.3 Leiding van die vergadering

35.1.3.1 Die vergadering van die Sinode word gelei deur die Dagbestuur van die Moderatuur. (Vgl 35.2.3.1.1)

35.1.3.2 Die Moderatuur sorg vir die ordelike verloop van die vergadering en onderteken die goedgekeurde notule na elke sitting.

35.1.3.3 Behalwe die behartiging van alles wat normaalweg die taak van 'n skriba is, gee die Scriba Synodi ook uitvoering aan alles wat in Reglement A2 aan hom/haar opgedra is.

35.1.3.4 Die pligte van die Actuarii Synodi is volledig uiteengesit in Reglement A3.

35.1.4 Aanwys van afgevaardigdes na die Algemene Sinode

35.1.4.1 Die Sinode wys sy afvaardiging na die Algemene Sinode aan. Die afvaardiging bestaan uit:

35.1.4.1.1 Die Moderatuur met sekundi (die Sinode moet seker maak dat die beginsel van 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens volgens Artikel 38.1 gehandhaaf word);

35.1.4.1.2 een predikant en een ouderling/diakon uit elke ring op voordrag van die afgevaardigdes van die onderskeie ringe (met sekundi);

35.1.4.2 Indien die Sinode so besluit, kan die afvaardiging, in ooreenstemming met Artikel 38.1, vergroot word met inagneming van die beginsel dat 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens aangewys word. Indien die afvaardiging vergroot word, word die ontbrekende getal waarop die Sinode besluit, uit twee aparte groslyste, waarop die name van al die oorblywende predikante en ouderlinge/diakens (vgl 35.1.4.1.1 en 35.1.4.1.2) onderskeidelik verskyn, verkies.

35.1.4.3 Die Sinodale Kommissie / Moderatuur mag vakatures in die afvaardiging aanvul met inagneming van voorskrifte vervat in Bep 35.1.4.1.1 tot 35.1.4.2 .

35.1.5 Opskorting van Bepalings

Die Sinode mag voorskrifte van sy Bepalings en Reglemente, in so verre dit administratiewe aangeleenthede raak, opskort of daarvan vrystelling verleen. Hiervoor is 'n twee-derde meerderheid nodig.

35.2 Kommissies, Diens-, Taak- en Aksiegroepe

35.2.1 Algemeen

35.2.1.1 Tydens vergaderings wys die Sinode tydelike kommissies na behoefte aan.

35.2.1.2 Vir die uitvoering van sy koninklike, priesterlike en profetiese roeping tussen vergaderings maak die Sinode, na die eis van die omstandighede, gebruik van 'n netwerk van kommissies, forums, diensgroepe, taak- en aksiespanne, persone en gemeentes wat onder leiding van 'n Sentrale Bestuursdiensgroep funksioneer.

35.2.2 Sinodale Kommissie

35.2.2.1 Samestelling

Tydens elke gewone vergadering benoem die Sinode 'n Sinodale Kommissie wat bestaan uit

die Moderatuur en een leraar en een ouderling/diaken uit elke ring met sekundi. Die ringsverteenvoerders word deur die Sinode aangewys op voordrag van die afgevaardigdes van die onderskeie ringe.

35.2.2.2 Vergaderings

Die Sinodale Kommissie word deur die Moderatuur byeengeroep en vergader onder leiding van die dagbestuur van die Moderatuur. Spoedeisende sake kan per rondskrywe afgehandel word. Skriftelike kennisgewing van vergaderings word minstens twee weke vooraf deur die skriba van die Moderatuur aan elke lid gestuur. Wanneer minstens vyf lede skriftelik daarvoor vra, is die Moderatuur verplig om die Sinodale Kommissie byeen te roep.

35.2.2.3 Opdrag

Aan die Sinodale Kommissie word opgedra om

35.2.2.3.1 uitvoering te gee aan alle opdragte van die Sinode;

35.2.2.3.2 spoedeisende sake wat tot die bevoegdheid van die Sinode behoort, met inagneming van die kerklike bepalinge, te hanteer;

35.2.2.3.3 buitengewone vergaderings van die Sinode byeen te roep wanneer die belange van die kerk in die algemeen of sake van groot gewig in die besonder dit vereis.

35.2.3 Sentrale Bestuursdiensgroep

35.2.3.1 Moderatuur

35.2.3.1.1 Samestelling

35.2.3.1.1.1 Die Sinode kies elke vier jaar, aan die einde van sy vergadering, 'n moderatuur wat bestaan uit 'n

- moderator
- assessor
- aktuaris
- skriba
- twee addisionele lede
- die Saakgelastigde (ampshalwe, adviserend)

35.2.3.1.1.2 Die moderator, assessor, aktuaris en skriba vorm die dagbestuur van die Moderatuur.

35.2.3.1.1.3 Dieselfde persoon mag nie twee keer agtereenvolgens as moderator verkies word nie. Die persoon mag wel in enigeen van die ander poste in die Moderatuur verkies word.

35.2.3.1.1.4 Vakatures in die Moderatuur word deur die Sinode/Sinodale Kommissie aangevul.

35.2.3.1.2 Opdrag

Die Moderatuur is tussen vergaderings van die Sinode verantwoordelik om

35.2.3.1.2.1 dringende sake wat nie by een van die diensgroepe/taakspanne/kommissies tuis hoort nie en van algemene belang vir die kerk is, te hanteer;

35.2.3.1.2.2 die Sinodale Kommissie byeen te roep indien nodig;

35.2.3.1.2.3 na gelang van die tydsomstandighede dank- en biddae te bepaal;

35.2.3.1.2.4 as Sinodale Kommissie vir die Agenda in samewerking met die personeel van die Sinodale Kerkkantoor en ander gekoöpteerde lede die volgende vergadering van die Sinode te reël;

35.2.3.1.2.5 opdragte van die Sinode en Sinodale Kommissie uit te voer;

35.2.3.1.2.6 alle sake op die terrein van die ekumene, met die reg van koöpsie, te hanteer.

35.2.3.1.2.7 as visie-draers in die sinodale gebied op te tree (Hulle dui die agenda vir die kerk aan);

35.2.3.1.2.8 na behoefte strategiese byeenkomste in die sinodale gebied te reël;

35.2.3.1.2.9 kommunikasie in en van die Sinode te behartig;

35.2.3.1.2.10 in oorleg met die Admin-Groep approbasie te verleen vir die wysiging/aanvulling van die personeel van kommissies/taakgroepe, en

35.2.3.1.2.11 van sy werksaamhede aan die Sinode verslag te doen en aanbevelings te maak oor die pad vorentoe.

Voeg twee nuwe bepalinge in wat lui:

1. amptelike gesprekke met regerings- en gemeenskapsinstansies te voer
2. saam met die Diensgroep Administrasie te waak oor die funksionering van die Sinode se agenda

Nota: SRK moet dit op regte plekke plaas.

35.2.3.2 Diensgroep Administrasie

35.2.3.2.1 Samestelling

Die Diensgroep Administrasie bestaan uit

* vyf lede deur die Sinode aangewys (drie moet kundiges tov finansies, mannekrag en administrasie – insluitende argief – wees)

* een verteenwoordiger uit elk van die Diensgroepe vir Leierskap-, Gemeente- en Gemeenskapsroeping.

- * die Aktuaris
- * die Saakgelastigde (adviserend)
- * die Finansiële Bestuurder (adviserend)
- * die Administratiewe Bestuurder (adviserend)

35.2.3.2.2 Opdrag

Die Diensgroep-Administrasie

- * waak saam met die Moderatuur oor die funksionering van die Sinode se agenda
- * bedryf die Sinodale Kerkkantoor
- * hanteer kerkordelike sake deur middel van die Sinodale Regskommissie
- * reël die diensverhoudinge van die personeel van die Sinodale Kerkkantoor en Inrigtings van die Sinode en adviseer kerkrade, ringe en kommissies/taakgroepe oor diensverhoudinge,
- * is verantwoordelik vir die bedryf van die Sinodale Argief

35.2.3.3 Gesamentlike vergaderings van die Sentrale Bestuursdiensgroep

35.2.3.3.1 Die Moderatuur en die Diensgroep Administrasie kan na die eis van omstandighede gesamentlik vergader onder voorsitterskap van die Moderator

35.2.3.3.2 Die Dagbestuur van die Moderatuur, die Dagbestuur van die Diensgroep Administrasie en die voorsitters van die Diensgroepe vir Leiers-roeping, Gemeentelike Roeping en Gemeenskapsroeping vergader minstens elke twee maande gesamentlik onder voorsitterskap van die Moderator.

35.2.3.4 Sinodale Regskommissie

35.2.3.4.1 Samestelling

Die Sinode benoem 'n Regskommissie wat bestaan uit sewe lede met twee sekundi. Minstens een van die lede moet 'n regsgeleerde wees. Die aktuaris is lid en skriba van die Regskommissie. Die Saakgelastigde is ampshalwe adviserende lid van die kommissie.

35.2.3.4.2 Opdrag

Aan die Sinodale Regskommissie word opgedra om

35.2.3.4.2.1 na behoefte 'n uitgawe van die Namibiese Bepalinge en Reglemente by die Kerkorde van die Ned Geref Kerk voor te berei en te publiseer;

35.2.3.4.2.2 na afloop van elke Algemene Sinode die besluite wat veranderinge aan die bepalinge en reglemente van Namibië

meebring, te verwerk en aan die Sinode voor te lê;

35.2.3.4.2.3 wanneer dit verlang word, kerkvergaderinge en/of hulle kommissies te dien met voorligting en raad in sake van kerkregtelike aard;

35.2.3.4.2.4 'n studie te maak van sake wat deur die Sinode na hom verwys is en die Sinode te dien met 'n verslag en aanbevelings in dié verband;

35.2.3.4.2.5 voortdurend 'n studie te maak van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente in die lig van die Gereformeerde Kerkreg en kerkregering en die Sinode met aanbevelings te dien; en

35.2.3.4.2.6 as gevolmagtigde appèlliggaam [=appèlkommissie] van die Sinode van Namibië te dien (vgl Art 23.1, Besluit 23b.3 en 4, Art 65).

35.2.3.4.3 Magte

Die Regskommissie mag regsadvies op koste van die Sinode inwin na oorlegpleging met die Diensgroep Administrasie.

35.2.3.5 Sinodale Kommissie vir die Agenda (SKAG)

35.2.3.5.1 Samestelling

Vgl Bep 35.2.3.1.2.4

35.2.3.5.2 Opdrag

Die Kommissie vir die Agenda

35.2.3.5.2.1 tref die reëlings vir die volgende vergadering van die Sinode;

35.2.3.5.2.2 doen aanbevelings aan die Sinode oor

- * die orde waarin sake behandel word;
- * die indeling van tyd;
- * die verwysing van sake na tydelike kommissies;
- * tydelike kommissies en hulle personeel; en
- * alles wat kan dien om die vergadering te bespoedig;

35.2.3.5.2.3 dra sorg dat viering en aanbidding in die vergadering tot sy reg kom, en

35.2.3.5.2.4 hanteer vertoë en laat ingekome stukke met verslag aan die Sinode.

35.2.4 Diensgroepe

35.2.4.1 Algemeen

35.2.4.1.1 Diensgroepe bestaan normaalweg uit 'n minimum van vier en 'n maksimum van agt

lede, konstitueer aan die einde van elke gewone vergadering van die Sinode en beplan hulle werksaamhede so gou moontlik na die sinodesitting. 'n Voorsitter en skriba neem die leiding in die diensgroepe.

35.2.4.1.2 Diensgroepe maak gebruik van taak- en aksiespanne om hulle opdrag uit te voer.

35.2.4.1.3 Taak- en aksiespanne bestaan normaalweg uit vier lede.

35.2.4.1.4 Toestemming kan van die Sentrale Bestuursgroep verkry word om nuwe taak- en/of aksiespanne te vorm en om die ledetal van Diensgroepe, taak- en/of aksiespanne te wysig.

35.2.4.1.5 Diensgroepe moet sorg dra dat hulle binne die begroting wat die Diensgroep-Administrasie goedgekeur het, bly.

35.2.4.1.6 Diensgroepe moet sorg dat hulle op die hoogte bly van studiestukke, besluite en aktiwiteite van die Algemene Sinode wat hulle werksterrein raak.

35.2.4.1.7 Diensgroepe en taak- en aksiespanne skakel waar nodig met ringe en/of gemeentes.

35.2.4.1.8 Diensgroepe doen aan die Sinode verslag van hulle werksaamhede en adviseer die Sinode oor toekomstige beplanning op hulle werksterrein

35.2.4.2 Diensgroep vir Leierskapsroeping

35.2.4.2.1 Samestelling

Die Diensgroep vir Leierskapsroeping word saamgestel uit

- * 'n voorsitter deur die Sinode benoem
- * een verteenwoordiger, van elke taakspan: waarvan die diensgroep gebruik maak.
- * Die Diensgroep vir Leierskapsroeping kan onder andere die volgende taakspanne gebruik:
 - + Predikanteversorging (onder andere: Mentoraatskap en standplaas-verwisseling)
 - + Ontwikkeling van administratiewe personeel
 - + Ontwikkeling van kerkrade, kerkraadslede en gemeentelid

35.2.4.2.2 Opdrag

Die Diensgroep vir Leierskapsroeping beplan, stimuleer, inisieer, koördineer en beheer die werksaamhede van die Sinode op hierdie terrein.

35.2.4.3 Diensgroep vir Gemeentelike Roeping

35.2.4.3.1 Samestelling

Die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping word saamgestel uit

- * 'n voorsitter deur die Sinode benoem
 - * een verteenwoordiger, van elke taakspan waarvan die diensgroep gebruik maak.
- Die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping kan onder andere die volgende taakspanne gebruik:
- * Jeug en families
 - * Spiritualiteit en erediens
 - * Fasilitering
 - * Fokusbediening (Koördineer eendersoortige gemeentes en bediening, bv klein en meerkoppige gemeentes, Boesmans)
 - * Vrouebediening
 - * Mannebediening
 - * Leerstellige besinning

35.2.4.3.2 Opdrag

Die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping beplan, stimuleer, koördineer en beheer die werk-saamhede van die Sinode op hierdie terrein.

35.2.4.4 Diensgroep vir Gemeenskapsroeping

35.2.4.4.1 Samestelling

Die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping word saamgestel uit

- * 'n voorsitter deur die Sinode benoem
- * een verteenwoordiger, van elke taakspan waarvan die diensgroep gebruik maak.
- * die Hoof Maatskaplike Werker (adviserend)
- * die hoof van die NG Kinderhuis (Adviserend)

Die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping kan onder andere die volgende taakspanne gebruik:

- * Maatskaplike Werk
- * Bejaardesorg
- * Getuienis
- * Publieke gesprek (Stimuleer en inisieer waar nodig gesprek binne die kerk en met regerings- en gemeenskapsinstansies oor aktuele sake wat in die kerk en samelewing aan die orde kom, stel geskikte materiaal bekend en doen waar nodig grondige studie daarvoor.)

35.2.4.4.2 Opdrag

Die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping beplan, stimuleer, inisieer, koördineer en beheer die werksaamhede van die Sinode op hierdie terrein, en tree op as die voortsetting van die Sinodale Kommissie vir Diens van

Barmhartigheid wat die geregistreerde Welsynsorganisasie van die Ned Geref Kerk in Namibië is.

35.2.4.5 Verteenwoordigers van die Sinode

Sinodale verteenwoordigers word soos volg aangewys:

35.2.4.5.1 Kuratoria (aangewys deur die Sinode)

1. Teologiese Fakulteit Stellenbosch – Kuratorium, Eksamenkommissie en Kies-kollege: Een primariuslid met sekundus.

2. Teologiese Fakulteit Pretoria – Kuratorium, Eksamenkommissie en Kies-kollege: Een primariuslid met sekundus.

3. Teologiese Fakulteit UOVS – Kuratorium, Eksamenkommissie en Kies-kollege: Een primariuslid met sekundus.

35.2.4.5.2 Bybelgenootskap van Namibië: een lid met sekundus (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.4.5.3 Tussenkerklike Kommissie Namibië (TKKN) (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.4.5.4 Council of Churches in Namibia (aangewys deur die Moderatuur)

35.2.4.5.5 Namibia Evangelical Theological Seminary (aangewys deur die Taakspan vir Getuienis)

35.2.4.5.6 Na raadpleging met die voorsitters van Kommissies en die voorsitters van Diensgroepe gee die assessor die name deur van verteenwoordigers van Namibië wat in kommissies van die Algemene Sinode moet dien.

2.3 Hantering van Reglemente

3.1 Reglement A1 Orde

Die Sinode gee opdrag aan die Diensgroep-Administrasie om Reglement A1 te wysig in ooreenstemming met die nuwe struktuur vir goedkeuring deur die Sinodale Kommissie.

3.2 Reglement A2 Scriba Synodi

Word behou

3.3 Reglement A3 Actuarius Synodi

Word behou

3.4 Reglement A4 Skriba van die Ring

Word behou met verandering van die opskrif na: Reglement vir die skriba van die Ringskommissie.

3.5 Reglement A5 –7 (Ampsbevoegdheid, Verlof van predikante en tentmakerbediening)

Word behou

3.6 Reglement B1 – Reglement vir die Sinodale Kommissie vir Administrasie

Die Sinode vervang die bestaande Reglement vir die Sinodale Kommissie vir Administrasie met 'n nuwe reglement vir die Bestuursdiensgroep vir Administrasie, wat soos volg lui:

Reglement B1

REGLEMENT VIR DIE DIENSGROEP-ADMINISTRASIE (DGA)

1. NAAM

Diensgroep vir Administrasie vir die Sinode

2. SAMESTELLING

2.1 Die Diensgroep Administrasie bestaan uit

* vyf lede deur die Sinode aangewys (drie moet kundiges tov finansies, mannekrag en administrasie – insluitende argief – wees)

* een verteenwoordiger uit elk van die Diensgroepe vir Leierskap-, gemeente- en Gemeenskapsroeping

* die Aktuarius

* die Administratiewe Bestuurder (Adviserend)

* die Saakgelastigde (Adviserend)

* die Finansiële Bestuurder (Adviserend)

2.2 Die DGA kies sy eie voorsitter en ondervoorsitter. Die sekretariaat setel in die Sinodale Kerkkantoor.

2.3 Die DGA kies een addisionele lid om saam met die voorsitter en ondervoorsitter die Dagbestuur te vorm. Die Saakgelastigde, Finansiële Bestuurder en Administratiewe Bestuurder dien ampshalwe adviserend in die Dagbestuur.

2.4 Vakatures tov. kundige lede word deur die DGA self gevul, met kennisgewing aan die skriba van die sinode.

2.5 Die DGA het die reg om adviserende lede te koöpteer.

3. PLIGTE VAN DIE DIENSGROEP

Benewens sy opdrag soos vervat in Bep 35.2.3.2.2, moet die Diensgroep

3.1 die finansiële besluitneming en boekhouding van alle sinodale fondse behartig;

3.2 vaste eiendomme van die sinode beheer en versorg;

3.3 administratiewe personeel aanstel, toepaslike salarisskale bepaal, alle administratiewe werksaamhede van die sinode beheer en daarvoor toesig hou;

3.4 'n geregistreerde ouditeur (geoktrooieerde rekenmeester) aanstel wat jaarliks die finansiële rekords van die sinode ouditeer.

4. MAGTE VAN DIE DIENSGROEP

Die Diensgroep

4.1 mag Taakspanne aanwys na die eis van omstandighede;

4.2 besit die alleenbevoegdheid om vaste eiendom vir die Sinode te verkry, te beswaar, te verhuur of te vervreem;

4.3 keur jaarliks die begroting waarvolgens sinodaal-goedgekeurde werksaamhede in die daaropvolgende jaar gedoen moet word, goed;

4.4 mag namens die Sinode 'n regsproses in 'n geregshof instel of verdedig;

4.5 magtig die Saakgelastigde, of by sy afwesigheid die Voorsitter van die DGA, om prokurasies en ander dokumente wat vir 'n regsproses nodig is, te onderteken.

5. VERSLAG

Die Diensgroep lewer verslag aan die Sinode.

6. WYSIGING

Slegs die Sinode van die NGKN kan die reglement wysig.

3.7 Reglement B1 (A) – Reglement vir die Saakgelastigde

3.7.1 Hierdie reglement word nie weer in die uitgawe van die Bepalinge en Reglemente opgeneem nie.

3.7.2 Aangesien die sinodebesluit van 1999 nog nie uitgevoer is nie, besluit die Sinode:

3.7.2.1 Die Sinode behou Reglement B1(A) voorlopig as breë posbeskrywing.

3.7.2.2 Die Diensgroep vir Administrasie sien toe dat 'n personeelbeleid, posbeskrywing en diensooreenkoms opgestel word, vir goedkeuring deur die Sinodale Kommissie.

3.7.2.3 Na die goedkeuring van die bogenoemde stukke deur die Sinodale Kommissie verval Reglement B1(A)

3.7.2.4 Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om, nadat hierdie

opdrag uitgevoer is, Bepaling 7.11 te bestudeer en die Sinode met aanbevelings te dien.

3.8 Reglement B2 – SKDB en Reglement B3 – SGK [Getuienis]

Word vervang met die volgende nuwe reglement B2: Reglement vir die Diensgroep vir Gemeenskapsroeping.

Reglement B2

REGLEMENT VIR DIE DIENSGROEP VIR GEMEENSKAPSRÖEPING (DGR)

1. NAAM

Diensgroep vir Gemeenskapsroeping van die NGKN (DGR)

2. DOELSTELLINGS

Om gemeentes en lidmate van die Ned Geref Kerk in Namibië voortdurend bewus te maak van hulle roeping ten opsigte van getuienis, diens en aktuele sake in die gemeenskap waarin hulle leef en werk.

3. SAMESTELLING

3.1 Die DGR word saamgestel uit

* 'n voorsitter deur die Sinode benoem

* een verteenwoordiger van elk van die volgende taakspanne, deur die taakspanne aangewys

+Maatskaplike Werk

+ Bejaardesorg

+ Getuienis

+ Publieke gesprek

* die Hoof Maatskaplike Werker (adviserend)

* die hoof van die NG Kinderhuis (Adviserend)

3.2 Vakatures word deur die DGR gevul, met kennisgewing aan die skriba van die Moderatuur.

3.3 Die DGR het reg om adviserende lede te koöpteer.

4. VERGADERINGS

Die DGR

4.1 vergader minstens een keer per jaar;

4.2 kies sy eie dagbestuur wat na die eis van omstandighede vergader.

5. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE

Die DGR

5.1 is die wettige voortsetting van die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid (wat die geregistreerde Welsynsorganisasie van die Ned Geref Kerk in Namibië is) sowel as die

Sinodale Kommissie vir Getuienis (vgl Bep 35.2.4.4.2);

5.1.1 as geregistreerde Welsynsorganisasie funksioneer die DGR binne die grense van die Republiek van Namibië.

5.1.2 beplan, stimuleer, inisier, koördineer en beheer die werksaamhede van die Sinode op hierdie terrein;

5.1.3 dra, waar gemeentes en ringe nie daartoe in staat is nie, sorg vir

5.1.3.1 die lewering van kinder- en gesinsorgdienste;

5.1.3.2 die oprigting, instandhouding en bedryf van inrigtings vir sorgbehoewendes van alle ouderdomsgroepe;

5.1.4 oorweeg aansoeke om hulp uit die Gemeente-ondersteuningsfonds (GOF);

5.1.5 verteenwoordig die kerk by die owerheid en welsynsorganisasies tov barmhartigheidsdiens;

5.1.6 sien toe dat geouditeerde state van alle KM-Rade en inrigtings wat staatsubsidie ontvang, jaarliks vóór 30 Junie aan die Ministerie vir Gesondheid en Maatskaplike Dienste voorgelê word;

5.2 verskaf Sending motivering, inspirasie en leiding binne die sinodale gebied.

5.3 wys taak- en/of aksiespanne aan na die eis van omstandighede;

5.4 lewer verslag aan die sinode.

6. WYSIGING VAN DIE REGLEMENT

Die sinode kan hierdie reglement wysig.

7. ONTBINDING

Die Sinode kan die DGR ontbind in welke geval enige bates van die DGR deur die Sinode aangewend moet word vir 'n soortgelyke doel as waarvoor dit byeengebring is.

3.9 Reglement B4 – SKG [Gemeentebediening]

Verval. Die sinode gee opdrag aan die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping om 'n reglement vir sy werksaamheid te ontwikkel en aan die sinode voor te lê vir goedkeuring.

3.10 Reglement B5 – SJK

Verval

3.11 Reglement B6 – SKLAS

Verval

3.12 Reglement B7 – TKK Namibië

Behou

3.13 Reglement B8 – Ringskommissie

Afgehandel in die Tweede Verslag van die Sinodale Regskommissie.

3.14 Reglement C1-4 (Beheer en administrasie van kerklike goedere en fondse, stigting van gemeentes, kombinasie van gemeentes, een-wording van gemeentes.)

Vervang met:

3.14 Reglement C1 - Reglement vir die beheer en administrasie van kerklike goedere en fondse

3.14.1 Die bestaande reglement word in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente opgeneem.

3.14.2 Sinode verwys die reglement na die Regskommissie om dit in samewerking met die Diensgroep Administrasie aan die hand van die Algemene Sinode se Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse te hersien vir voor- legging aan die Sinode. Aandag moet veral gegee word aan regs persoonlikheid, die registrasie van eiendomme en die reëlings ivm predikante se pensioen, eggenote versekering en medies.

3.14(a) Reglemente C2-4

3.14(a).1 Die bestaande Reglemente vir die stigting, kombinasie en eenwording van gemeentes word vervang met die Reglement vir die vermeerdering, kombinasie, eenwording en samesmelting van gemeentes wat die Algemene Sinode in 2002 goedgekeur het.

3.14(a).2 Die Sinode dra dit aan die Sinodale Regskommissie op om te kontroleer of daar enige bepalinge in die bestaande Reglement C2 is wat behou moet word met volmag om dit op 'n geskikte plek in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente op te neem.

3.15 Reglement F1 – Pensioenfonds

3.15.1 Die Sinode vervang die bestaande bewoording in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente met:

Reglement vir die DR Church Namibia Retirement Fund (Bep 13.2.1)

Die Sinode van die Ned Geref Kerk in Namibië (alle konstituerende gemeentes inbegrepe) neem as werkgewers deel aan die DR Church Namibia Retirement Fund. Die Reëls van die Fonds is by die Sinodale Kerkkantoor in Windhoek verkrygbaar.

3.16 Reglement F2 – Mediesefonds

Behou

3.17 Reglement F3 – Teologiese Toerustingsfonds

3.17.1 Die bestaande reglement word vervang met die volgende nuwe reglement:

Reglement F3

REGLEMENT VIR DIE TEOLOGIESE TOERUSTINGSFONDS

1. NAAM

Die naam van die fonds is “Die Teologiese Toerustingsfonds”

2. DOELSTELLINGS

2.1 Om persone te finansier wat in opdrag van die Sentrale Bestuursdiensgroep (Bep 35.2.3) met besondere studie besig is.

2.2 Om predikante van die kerkverband te finansier om kursusse, seminare, ensovoorts, by te woon met die doel om hom/haar binne die gerasionaliseerde opset van die Sinode as “spesialis(te)” op die terrein van ‘n bepaalde diensgroep, taak- en/of aksiespan op te lei/beter toe te rus.

2.3 Om manuskripte wat volgens die oordeel van die Sentrale Bestuursdiensgroep vir die Ned Geref Kerk in Namibië van besondere betekenis is en waarvoor geen ander uitgewer of finansier gevind kan word nie, te publiseer en te versprei.

3. BEHEER

Die fonds word deur die Diensgroep-Administrasie administreer en bestuur.

4. PROSEDURE VIR TOEKENNINGS

4.2.1 Diensgroep, taak- of aksiespan rig ‘n gemotiveerde aansoek vir ‘n toekenning uit die fonds aan die Diensgroep-Administrasie.

4.2.2 Die Diensgroep-Administrasie besluit finaal oor toekennings uit die fonds.

5. VERSLAG

Die betrokke diensgroep, taak- of aksiespan aan wie ‘n toekenning gedoen is, doen na afloop van elke studie/kursus/reis, ensovoorts, aan die Sentrale Bestuursdiensgroep verslag oor die resultate.

6. WYSIGING

Slegs die Sinode kan hierdie reglement wysig.

3.18 Reglement F4 – Gebeurlikheidsfonds

Behou

3.19 Reglement F5 – Fanan Sendingfonds

Die reglement word in die uitgawe van die Bepalings en Reglemente opgeneem.

3.20 Riglyn R1 – Gemeentes wat te klein word

Hierdie riglyn word na die Diensgroep-Administrasie verwys om dit, met afhandelingsbevoegdheid, in ooreenstemming te bring met die huidige kerkorde-artikels, bepalings en reglemente.

3.21 Riglyn R2 – Registers

3.21.1 Die riglyn word in die volgende uitgawe van die Bepalings en Reglemente van die NGKN opgeneem.

3.21.2 Die Diensgroep-Administrasie kry opdrag om die riglyn deeglik te hersien met verslag aan die Sinode.

3.22 Riglyn R3 – Kerklike geskille

Behou

3.23 Beleidsbesluit BB1 – Die Ned Geref Kerk en ander Christelike Kerke en Groepe

Behou

3.24 Beleidsbesluit BB2 – Ekumeniese Beleid van die NG Kerk

Verval aangesien dit nou as besluite van die Algemene Sinode by Kerkorde Artikel 70 gevoeg is.

2.4 Bepalings tov die Ring

2.4.1 Nuwe Bepaling 29.2.1 wat die bestaande 29.2.1 en 29.2.3 vervang:

Ringe vergader elke tweede jaar so gou moontlik na die afsluiting van die finansiële jaar op ‘n tyd en plek deur die ring bepaal. Hierdie vergaderings word gehou in die jare waarin die Sinode nie vergader nie. Ringe vergader wel in die jaar waarin die Algemene Sinode vergader.

2.4.2 Nuwe Bepaling 29.4 wat die bestaande 29.4.1 en 29.4.2 vervang:

Buitengewone vergaderings van die ring word belê deur die voorsitter of skriba van die ringskommissie as die ringskommissie so besluit of op versoek van minstens twee kerkrade uit die ringsgebied.

2.4.3 Nuwe Bepalings wat die bestaande 29.5.2 en 29.5.3 vervang:

29.5.2 By die konstituering en opening van die ringsvergadering word die voorskrifte van die Reglement van Orde (Regl A1) gevolg.

29.5.3 Die ringsvergadering word deur die Ringskommissie gelei.

2.4.4 Woord verandering in Bepaling 30.1:

Kerkraadslid word: ouderling/diaken

2.4.5 Nuwe Bepaling wat voor die bestaande Bepaling 31.1 ingevoeg word:

Taak van die ring

(i) Die NGKN verstaan die roeping van die ring so:

* Die ring bied aan die gemeentes in die ringsgebied die geleentheid om kerkverband te vier.

* Die ring voer sy opsigtaak uit deur na gemeentes om te sien, hulle aan te moedig, raad te gee, by te staan en waar nodig te vermaan.

(ii) Die ring moet sorg dra dat al die fasette van sy roeping wat in Artikel 31 genoem word en die hele terrein van die kerklike lewe in die gemeentes (vgl Hoofstuk 4 van die Kerkorde) aandag kry en so sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping uitvoer.

(iii) Die ring moet steeds op die hoogte bly van besluite en aksies van die Algemene Sinode en die Sinode van Namibië wat die kerklike lewe in die ringsgebied raak.

(NB die numering van die hele bepaling word aangepas)

2.4.6 Vervang die bestaande Bepaling 31.3.1 met

Om sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping uit te voer kan die ring, na behoefte, gebruik maak van kommissies en/of taakgroepe, Hulle hoef nie 'n replika te wees van die kommissies/taakgroepe wat die Sinode of Algemene Sinode gebruik nie. Die ring moet sorg dra dat aan Kerkorde Artikels 50, 52, 53 en 54 uitvoering gegee word.

NB Hierdie nuwe bepaling bring mee dat Bepalings 50.2.2, 52.2, 53.2 en 54.4 verval.

2.4.7 Vervang die bestaande Bepaling 31.3.2 met:

31.3.2 Ringskommissie:

31.3.2.1 Die ring kies elke vier jaar, aan die einde van sy vergadering, 'n ringskommissie bestaande uit 'n voorsitter, skriba en een addisionele lid met drie sekundi. 'n Persoon mag nie meer as twee keer agtereenvolgens as voorsitter van die ringskommissie verkies word nie. Die skriba mag eweneens nie twee keer agtereenvolgens as skriba verkies word nie. Hulle mag wel in 'n ander posisie verkies word.

31.3.2.2 Die ringskommissie voer opdragte van die ring uit, neem spoedeisende sake in behandeling, gee uitvoering aan Reglement B8 en doen aan die volgende ringsvergadering verslag van sy werksaamhede. Die pligte van die skriba van die ringskommissie word in Reglement A4 uiteengesit. Hy ontvang jaarliks 'n honorarium soos deur die Sinode vasgestel.

2.5 Bepalings tov die Kerkraad

2.5.1 Wysiging van Bepaling 26.1.7

Ampsbediening en evangelisasie word: gemeentebediening

2.5.2 Wysiging van Bepaling 26.2.1.1

Kerkraadslid(lede) word: ouderling(e)/diaken(s)

2.5.3 Wysiging Bepaling 26.2.2

Die Sinode skrap die woorde "met uitsondering van vorm C1 wat deur 'n kworum van die kerkraad onderteken moet word" in Bepaling 26.2.2

2.5.4 Wysiging van Bepaling 26.3.1

Vir die uitvoering van sy profetiese, priesterlike en koninklike roeping kan die kerkraad gebruik maak van staande, tydelike (dws tydens 'n vergadering) en ad hoc-kommissies of taakspanne, aksiegroepe om hom te adviseer of opdragte uit te voer. Kommissies/ taakgroepe kan ook lidmate en kundiges wat nie lede van die kerkraad is nie, insluit.

NB Bep 50.2.1, 52.1, 53.1 en 54.3 verval

3. Implementering

3.1 Die Sinode besluit dat die nuwe bepaling onmiddelik in werking tree met inagneming van 3.5 hier onder.

3.2 Die Sinode besluit dat vorige termynne wat 'n persoon as moderator gedien het (vgl nuwe Bepaling 35.2.3.1.1.3), nie by die oorskakeling na die nuwe struktuur in ag geneem word nie.

3.3 Die Sinode besluit dat die Renovaré-bestuur voortbestaan totdat die nuwe struktuur volledig in plek is en funksioneer.

3.4 Die Dagbestuur van die Moderatuur en die Renovaré-bestuur (vgl die nuwe Bep 35.2.3.3.2) begelei die proses om te verseker dat

* die struktuur en funksionering van die Sinode, met inagneming van die beskikbare bronne en kapasiteit, so volledig as moontlik ooreenstem met die Roepingsverklaring van die 2003-Sinode;

* die oorgang vanaf Renovaré na 'n normale sinodale funksionering volgens die nuwe strukture so gou en effektief moontlik realiseer.

3.5 Om die doelstellings in 3.2 genoem, te kan verwesentlik gee die Sinode aan die Sentrale Bestuursdiensgroep volmag om noodsaaklike aanpassings aan die struktuur te doen of sekere nuwe bepalinge eers met verloop van tyd in werking te stel.

3.6 Die Moderatuur en Renovaré-bestuur onderhandel met die gemeente in wie se diens die moderator staan, om vir 'n sekere deel van die leraar se gemeenteverpligtinge vrygestel te word ter wille van moderatuurspligte en ander verwante sinodale verantwoordelikhede.

3.7 Die Sentrale Bestuursdiensgroep van die sinode herevalueer die verantwoordelikheid en taakoms krywing van die pos van Saakgelastigde en herstruktureer die pos dienoreenkomstig.

3.8 Die Sinode skep 'n termynpos vir vier jaar vir 'n predikant in Sinodale diens met opdrag ontwikkelingshulp aan gemeentes. Die doel van die pos is om ontwikkelingshulp, wat Renovaré die afgelope twee jaar aan gemeentes gegee het, uit te brei, te bestuur, en te struktureer. Die strategie moet wees om gemeentes in staat te stel om hulself te verstaan en uit te leef as geskenke van God aan die land en sy mense.

3.9 Die Sinode besluit dat die Reserwefonds wat N\$1685125 bedra op 31/3/03, aangewend word vir die Renovaré aktiwiteite wat insluit die vergoeding van die beoogde nuwe termyn PSD-pos, en ook die vergoeding vir dienste van die Moderator.

3.10 Die sinode gee volmag aan die Sentrale Bestuursdiensgroep om die doelstellings van die Gemeente Ondersteuningsfonds te herdefinieer en aan te wend vir Renovaré projekte.

3.11 Ten opsigte van die sinodale werksaamhede van onder andere die gemeente-, leierskap- en gemeenskapontwikkeling, besluit die sinode om samewerking te soek met bestaande rolspelers op die terrein van kerklike en ander hulp-instansies, koördinasie, vennootskappe en samewerking met organisasies soos byvoorbeeld CCN, Namibiese Sendingsentrum, Life Change Centre, NETS, BUVTON en ander ekumenies gemotiveerde diensorganisasies behoort prioriteit te geniet.

3.12 Ten opsigte van persone wat spesialisdiens lewer binne die hulpprogram aan gemeentes,

word oorweging geskenk aan die moontlikheid van kontrakwerk en deelyddiens. Die kapasiteit ten opsigte van gawes en ervaring van die kerk se lidmate en predikante moet so volledig as moontlik benut word.

Hiermee is Verslag C2.2 afgehandel.

37. Goedkeuring van Notule

Die notule van die eerste en tweede sittingsdae word goedgekeur en onderteken.

38. Verslag C6: Eerste verslag van die Tydelike Getuieniskommissie

Kennis geneem van die hele verslag. Die volgende besluite is geneem.

5. Posisionering van NETS

Die Sinode keur in beginsel goed dat Teologiese Opleiding na die Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers verskuif.

6. Teologiese Opleiding

Die Sinode gee aandag deur sy Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers aan die ver-Namibisering van teologiese opleiding vir die NGKN.

7. Nuwe Reglement: Reglement vir die Diensgroep vir Uitbreiding

Die hele saak word 'n agendapunt vir die Getuienis-Taakspan om die saak te ondersoek en verslag aan die Moderatuur te doen.

Hiermee is Verslag C6 afgehandel.

Vergadering verdaag vir verversings

39. Evaluering

Die vergadering kry geleentheid om 'n evalueringvorm tov die sinodsitting in te vul

40. Verslag van die Tydelike Kommissie vir Kommissies.

1. Diensgroep vir Administrasie

Ds. MJN v/d Merwe, Br NC (Nico) Tromp, Br AJ (Albie) Basson, Br Kobus Lombard, Br Basie Engelbrecht

2. Sinodale Regskommissie

Primarii: Aktuaris, Dr GL Buys, Ds HJ van Zyl, Ds HZM Oosthuizen, Ds SS Hansen, Br MWG Liebenberg, Br MD Strydom. **Sekundi:** Br W Brisley, Ds GP Davids

3. Diensgroep vir Leierskapsroeping

Dr M van Tonder

4. Diensgroep vir Gemeentelike Roeping

Ds JHG Maritz

5. Diensgroep vir Gemeenskapsroeping

Ds MC van Rensburg

6. Verteenwoordigers: Kuratoria

Stellenbosch: Dr JC Woest (Prim) Dr JJdeW Strauss (Sek)

Pretoria: Ds SW Pienaar (Prim) Ds C Nel (Sek)

Bloemfontein: Ds PG Poggenpoel (Prim) Dr HS Grobler (Sek)

7. Afgevaardigdes: Algemene Sinode

Ring Gobabis:

Ds C James (Prim) Ds JHG Maritz (Sek)
Br Tokkie van Vuuren (Prim) Br Schalk Strauss (Sek)

Ring Grootfontein:

Ds JM de Beer (Prim) DeWL Mouton (Sek)
Br AJ Grobler (Prim) Br A Marinda (Sek)

Ring Keetmanshoop:

Ds RM Smit (Prim) Ds D Grove (Sek)
Br AC van Greunen (Prim) Br J Wasserfall (Sek)

Ring Mariental:

Ds DJ Goosen (Prim) Ds A Schwirzer (Sek)
Br JJJ van der Berg (Prim) Br J Theron (Sek)

Ring Otjiwarongo:

Ds C Thomas (Prim) Ds C Nel (Sek)
Br KA Esterhuizen (Prim) Sr E Lee (Sek)

Ring Walvisbaai:

Ds SS Hansen (Prim) Ds HB Olivier (Sek)
Br GJ Kok (Prim) Sr JC Weyers (Sek)

Ring van Windhoek

Ds MJN vd Merwe (Prim) Ds JA Theron (Sek)
Br A Basson (Prim) Br Hennie du Toit (Sek)

Indien die formaat en vergaderplek van die Algemene Sinode 2004 sou verander, soos wat tans in beplanning is, kan die getal afgevaardigdes aangevul word deur die SK tot die regmatige konstitusionele getal. Die kostefaktor moet bepalend wees.

8. Sinodale Kommissie

Ring Gobabis:

Ds C James (Prim) Ds JHG Maritz (Sek)
Br Bertus Calitz (Prim) Br Andries de Man (Sek)

Ring Grootfontein:

Ds HJ Steyn (Prim) Ds JJ Pienaar (Sek)
Br JPB Keyser (Prim) Br AJ Grobler (Sek)

Ring Keetmanshoop:

Ds W Oosthuizen (Prim) Ds RM Smit (Sek)
Br A Oberholster (Prim) Br AC van Greunen (Sek)

Ring Mariental:

Ds G Liebenberg (Prim) Ds DJ Goosen (Sek)
Br T Kotzé (Prim) Br J v/d Berg (Sek)

Ring Otjiwarongo:

Ds JP Rossouw (Prim) Ds PG Poggenpoel (Sek)
Br KA Esterhuizen (Prim) Br JG Maritz (Sek)

Ring Walvisbaai:

Ds CJP v/d Heever (Prim) Ds GP Davids (Sek)
Br JM Vos (Prim) Br DK Rossouw (Prim)

Ring Windhoek:

Ds MJN vd Merwe (Prim) Ds JA Theron (Sek)
Br A Basson (Prim) Br H du Toit (Sek)

9. Renovarésan

Dr JJdeW Strauss, Di C Nel, JHG Maritz, MC van Rensburg, M van Tonder

10. Trustees vir Pensioenfonds

Werkgewersverteenvoordigers: Brs D Wright, H Kruger, K Groenewald.

Werknemersverteenvoordigers: Di C Marais, C Nel, mnr JH le Grange.

41. Bedankings

Die Assessor doen die volgende bedankings:

- * Pionierspark vir die gebruik van die saal
- * Blomme
- * MC Nel vir die hantering van die rekenaar
- * Persone wat die eredienste gehou en gereël het
- * Spanne wat voor die tyd hard gewerk het
- * Andre Theron vir die simbool en kaart
- * Huis Potgieter en Schansenoord vir die voorsiening van etes
- * Vloerpersoneel
- * Pionierspark en Windhoek-Oos vir die eredienste
- * Voorsitter vir die hantering van die vergadering

Die volgende voorstel (HJ van Zyl / HZM Oosthuizen) word 'n besluit van die vergadering: Uit dankbaarheid vir hulle dienste onder moeilike omstandighede gelewer, besluit die sinode dat

1 aan personeel van die Kerkkantoor, nl ds C Marais, mnre JH le Grange en F du Toit en mee S Möller en A Becker elk een week verlof addisioneel toegestaan word; en

2 die kerkraad van Lüderitz versoek word om aan dr Hennie Grobler ook een week addisionele verlof te gee;

3 die bestuur van die JT Potgieter-tehuis gevra word om 'n ekstra week verlof aan mnr S van der Merwe te gee vir sy dienste gelewer.

4 Hierdie verlof moet so gou as moontlik na afloop van die sinode en soos tyd en omstandighede dit toelaat, geneem word.

42. Afsluiting

Die voorsitter gaan die vergadering voor met die bediening van Nagmaal.

Die vergadering verdaag om 17:30

Bylae 1 tot die Notule

Openingsrede: Ds SW Pienaar

DIE ROEPING VAN DIE NG KERK NAMIBIE.

DIE JAAR 1750

Eerste Afrikaanssprekendes kom vestig hulle in die Keetmanshoop-omgewing. Van 1870 af is daar 'n redelike invloed. Die Rynse Sending en Rooms Katolieke Kerk ontferm hulle oor hierdie mense. In 1893 word dit 'n buitewyk van Upington. In 1898 word 'n gemeente by Warmbad gestig – Groot-Namakwaland. In 1902 word die gemeente herstig en in twee verdeel, naamlik Gibeon in die suide en Moria in die noorde. In 1903 word die eerste predikant bevestig – ds PJ Conradie. In 1947 volg die Driehoekooreen-koms met Rynse- en Finse Sending.

Aanvanklik was ons deel van die Kaapse Kerk. Eers in 1957 volg 'n eie sinode. En in 1995 word ons die NG Kerk in 'n onafhanklike Namibië.

NOU IS DIT 11 OKTOBER 2003

253 Jaar later; 23 000 Lidmate, 45 Gemeentes, 61 Predikante, en staan ons voor die vraag: **WAT WIL GOD MET DIE NG KERK NAMIBIË?**

- Wat is ons roeping?
- Wat is ons missie – die rede vir ons bestaan?
- Hoekom is ons hier?

Vrae oor die lewe en bestaan van die kerk is so fundamenteel. Dit vra vir 'n nuwe en vars hoor van die Evangelie. Dit vra vir luister (Sjema) Dit vra vir 'n terugkeer na die wortels van ons bestaan, sodat ons duidelik kan hoor/verstaan wat beteken dit om kerk in Namibië te wees in 2003. Om die vrae nie te vra nie, sou doodgewoon ernstig onverantwoordelik wees

Om egter die vrae eerlik te beantwoord, sal ons verder terug moet gaan as 1870. Ons sal moet vra: **Wat was God se bedoeling van die begin af?** Wat wou Hy bereik met die stuur van sy Seun Jesus? Wat vertel die evangelies as die oorspronklike bron van die storie van God se handeling met die wêreld in Jesus?

Wat hierdie vertellings ons vertel van God se karakter, van sy daade, van sy bedoeling moet die grond wees waarin ook die NG Kerk vandag in Namibië homself wortel. En die Evangelies vertel dat Jesus Christus self die Evangelie is. Dit vertel die verhaal van Jesus se lewe en sy dood en sy opstanding as die daad van God wat beide sy

passie vir die wêreld openbaar en God se doel met die wêreld bereik. So is Jesus self die goeie nuus

Wat het Hy wat die goeie nuus dan is om te sê as Hy die goeie nuus aankondig: Watter Evangelie verkondig Hy? Die antwoord is nie moeilik om te vind nie! Soos klokslag kom die uit die bladsye van die Evangelies!

Markus is die eerste. In die inleidende sinne van sy evangelie lees ons dat Jesus begin preek het: *“Die tyd het aangebreek, en die Koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die Evangelie.”*

Matteus vertel hoe Jesus vir die eerste keer optree. En die boodskap: *Bekeer julle, want die Koninkryk van God het naby gekom*

Hierdie boodskap word die mantel wat Hy op die skouers van sy volgelinge sit. Dit is hierdie boodskap wat Jesus op die lippe van sy dissipels sit as Hy hulle uitstuit om deel te neem aan die klaarmaak van sy missie

Mat 10:7 sê: *Gaan verkondig: die Koninkryk van die hemel het naby gekom. Maak siekes gesond, wek dooies op, reining melaatses en dryf duiwels uit. Julle het die verniet ontvang, gee dit ook verniet!*

Die Evangelies vertel dat Jesus die Een is wat gestuur is. Wat nie sy wil doen nie, maar God s'n. Sy woorde is nie sy eie nie, maar God s'n. Sy werke is nie sy eie nie, maar God s'n. Sy lewe is nie in eie hande nie, sy lewe hang af van die Een wat Hom gestuur het.

Inderdaad, so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eie Seun gestuur het, om die Evangelie te wees.

En vir die mense wat Hom ontvang, wat in 'n besondere sin syne word: die Kerk. Vir hulle sê Hy: *Ek stuur julle soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle.* (Joh.20:21)

Dit is waarvoor God die NG Kerk in Namibië gestuur het. Om die boodskap van sy verlossing te wees. Dit is wie die NG Kerk in Namibië is: God se Gestuurdes

- Wat nie doen wat hy wil nie, maar wat doen wat God wil.
- Wie se woorde nie sy eie is nie, maar God s'n.
- Wie se werke nie sy eie is nie, maar God s'n.

- Wie se lewe nie van homself afhang nie, maar van die Een wat hom gestuur het.

Hoe moet ons dit doen?

Die beste plek om die antwoord te kry; Is weer die verhare van die Evangelies. Dit is te vind in die roeping van Jesus. As ons dan oor ons roeping wil praat, dan moet ons kyk hoe God se hart oopgevou is in die stuur van Jesus in die wêreld vir die redding van die wêreld. In Jesus se manier van die uitvoer van God se plan, ontdek ons die kerk se roeping.

Voordat die kerk dan enigiets sê of doen, is die kerk geroep om 'n unieke gemeenskap te wees van mense wat leef onder die heerskappy van God; wys die kerk hoe lyk mense wat vergewe is; is ons die sout en die lig vir die wêreld (Mt.5:13-16)

Net soos Jesus sy eenwees met die Vader vertoon het deurdat mense wat Hom sien, ook die Vader sien (Joh.14:9), so het God dit ook beplan dat mense wat sy mense sien, 'n kykie kry op God.

Die evangelies vertel ook dat Jesus die tekens van die teenwoordigheid van die Koninkryk van God sigbaar gemaak het deur betrokke te wees by stukkendheid, en nood en onderdrukking, en vyandskap en ongeluk. Trouens Hy het daarvoor geheers. En hierdie heerskappy kom op uit sy eie gehoorsame vertrou en en lojaliteit aan die Een wat Hom gestuur het.

Die genesings, uitdryf van duiwels, kalmering van storms, kosgee; dis alles tekens van God se Baasskap, tekens van die Koninkryk van God, tekens wat heenwys hoe die wêreld sal wees as God se Koninkryk finaal kom. Tekens wat wys dat in Jesus se lewe onder die Baasskap van God, is God se Koninkryk teenwoordig.

Die Kerk deel dit met Jesus

Sy gaan op dieselfde manier daarmee aan. Sy reageer op die hele omvang van nood van die mens. So word tekens opgerig van die alreeds-teenwoordig-wees van die Koninkryk, die Dienskneg-wees van God se passie vir die nood van die wêreld. Soos ons, God se mense, die Kerk, onder die Baasskap van God lewe, kry ons betrokkenheid in die land 'n nuwe patroon

Die ontwerp van daardie patroon, is Jesus se lewensverhaal soos die evangelies dit vertel. Deur

sy hele lewe sien ons die hartklop vir sy optrede: Deernisvolle respons op die nood van die mense, nl siekte, dood, vasgevangenskap in sonde, honger, onreg. Sy betrokke-wees daarby, Sy ingryp daarin is tekens wat opgerig word, wat sê: *So lyk dit as God Baas is.*

Die NG Kerk in Namibië dra Jesus se mantel as God se mense onder sy Baasskap. Ons respons op die nood van mense moet tekens wees dat die Koninkryk van God teenwoordig is. Die response van omgee, deernis en diens is party klein: dalk die gee van 'n bord kos, 'n woord van bemoediging of 'n warm kombes. Ander is dalk groter: om met die regering in gesprek te gaan, om vigswees te versorg, om werk te verskaf, om 'n vaardigheid aan te leer. Wat ookal ons respons is, dit maak heel wat stukkend is, bring menswaardigheid, gee 'n voorsmaak van hoe die Koninkryk sal wees.

Die Evangelies vertel ook nog dat Jesus dit wat Hy was en wat Hy gedoen het, in woorde vertel het: Luk 8:1. "Jesus het die land deurkruis van die een stad en dorp na die ander. Oral het Hy gepreek en die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig." Hierdie dinge wat julle sien en hoor, beteken dat die Koninkryk van God naby gekom het,

Ook dit is ons roeping. Ons woorde moet ook verkondig die Koninkryk van God het naby gekom. Dit is verniet. Dit is oop. Jy is welkom.

As 'n spontane uitdrukking van ons dankbaarheid, nederigheid en vreugde, verkondig ons ook die woord: *"Bekeer jou, want die Koninkryk van God het naby gekom."*

Saamgevat: Die NG Kerk in Namibië se roeping vandag, is om 'n duidelike teken van die koms van die Koninkryk van God in hierdie land te wees. Ons wees, ons doen en ons woorde is publieke kennisgewingsborde van die Messias se koms, van die Baasskap van die God van hemel en aarde

Wil u deel wees van so 'n kerk?

"Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle."

Ons is God se gestuurdes, sy mense, sy kerk, om deur hoe ons is, deur wat ons doen, deur wat ons sê Jesus se werk in hierdie land voort te sit. Op dieselfde patroon as wat Hy dit gedoen het. Kom ons doen juis dit.

Bylae 2 tot die Notule

Fokus op die Realiteitsomstandighede in en om NG Gemeentes – Dr M Grobler

1. INLEIDING:

Die Sinode van 2003 bestee aandag aan die roeping van die NG Kerk in Namibië en 'n herverbintenis tot relevante dienslewering.

Om dit te kan doen, is die eerste stap om die mense wat met mekaar bemoeienis het, goed te verstaan. Sodoende word daar op 'n toepaslike manier hulp verleen en word mense reg benader.

Vir die doel van hierdie bydrae word aandag bestee aan drie beskouings waarvolgens die mense van Namibië hulle lewens inrig.

2. LEWENSBEKOUING

2.1 Sekulêre of Westerse lewensbeskouing:

- In Namibië het $\pm 0.05\%$ mense 'n werksetiek wat gegrond is op stiptelikheid; dagboekbeplanning; koste-effektiwiteit; hoë standaarde, geroetineerdheid en resultate
- Die mense strewende na hoër en beter.
- Hulle is individualisties en kan alleen sonder toesig werk en op hulle eie bly en 'n lewe maak.
- Hulle is ingestel op ontwikkeling, ontdekkings en selfverwesentliking.
- As hulle probleme teëkom, pas hulle probleemoplossingstegnieke toe deur die probleem af te kamp en te ondersoek, alternatiewe oplossings te bedink; 'n moontlike oplossing te kies, dit toe te pas en te evalueer of dit gewerk het.
- Daardie mense belê in hul huwelik en gesin, en stel 'n hoë premie op die versorging van hulle kinders.
- Hulle skeep geleentheid.
- Hulle leef selfstandig en is nie afhanklik van ander se versorging nie.

2.2 Die primêre of animistiese lewensbeskouing. Hierdie beskouing word deur 99% Namibiërs nagevolg.

- Hierdie persone glo hulle lewenslot word deur die voorouers bepaal en hulle kan niks

doen om hierdie lotsbeslissing te verander nie.

- Hulle moet wag dat "geluk" na hulle kant toe kom. Hulle sit letterlik en wag dat hulle omstandighede moet verander.
- Hulle beoefen 'n deelnemende kultuur en deel hulle besittings en hulle lewe met hulle familie – nie met buitestaanders nie.
- Hulle beskou hulself nie so arm nie. Werkloosheid en 'n gebrek aan die basiese lewensmiddele is die gevolg van hul lotsbeslissing of ongeluk.
- Isolasië is die toestand wat vir hulle die meeste vrees inboesem. Hulle sterf liever as om geïsoleer te word van hulle familie.
- Hierdie persone gebruik nie probleemoplossingstegnieke nie omdat die beheer oor hulle probleme buite hulself lê. Hulle wag totdat die probleem opgelos is.
- Huwelike word vervang deur saamleefverhoudings wat afgewissel word. Mans verwek kinders maar tree nie op as vaders vir die kinders nie en versorg hulle nie. Vyftig persent (50%) huishoudings in Windhoek bestaan uit 'n vrou as die hoof van die huis met 'n gemiddeld van 4 kinders – elke kind van 'n ander man.
- Persone met hierdie lewensbeskouing skeep nie geleentheid nie. Hulle kyk na die verlede en hoe hulle voorouers gelewe het, en loop met hulle rug in die toekoms in. Hulle kan nie in die toekoms sien nie, maar weet wel wat in die verlede gebeur het.
- Hulle leef nie selfstandig nie of as individualiste nie, maar altyd in 'n groep. Hulle volg 'n leier tot die uiterste na al is hy ook ontoereikend.

2.3 Die Bybelse Lewensbeskouing

Vir die Christen is die Bybelse lewensbeskouing die regte manier van lewe, ongeag wat jou etniese groep, taal of kultuur is. Hierdie lewensbeskouing het onder andere die volgende uitgangspunte;

- 'n duidelike voorgeskrewe werksetiek van flytigheid, produktieiteit, betroubaarheid en verantwoordelikheid.
- Daar is 'n vennootskapverhouding tussen God en mens waarin die aarde bewoon en bewerk word en waarin die mens innoverend moet wees deur sy talente te ontwikkel.
- 'n Mens kan individueel lewe en ook binne spanverband:
 - 'n persoonlike (individuele) verhouding met God
 - samewerking tussen mens volgens die liggaamsmodel (1 Kor 12)
- Probleme word opgelos in meditasie met God en die mens moet gehoorsaam wees aan die hanteringswyses wat Hy voorstel.
- Daar is spesifieke voorskrifte vir die huwelik, ouerskap en kindskap.
- Die mens is innoverend en visionêr na aanleiding van die visie wat God voorsien.
- 'n Mens leef in afhanklikheid van God as sy vader, Jesus as sy vriend en die Heilige gees as sy helper.
- Met hierdie lewensbeskouing as agtergrond, word daar nou skerper gefokus op die Kerk se roeping tot diens, en dan meer relevante diens wat pas by die werklikheidsituasie van mense en hul omstandighede.

3. ROEPING TOT DIENS

3.1 Gemeentes het tot dusver aandag bestee aan bejaardes, die uitdeel van kos en klere, terminaal siek en ander siek persone, egskedings, rebelse kinders en buite egtelikheid.

- Die meer onbekende terreine wat dringend aandag van die Kerk nodig het is leiding aan gemeentelede van hoe om

ander mense effektief te bedien sonder om hulle te wil verander.

- Ons weet nie hoe om mense na Jesus as ons verlosser te lei nie. Ons verwerp die mens in ons omgewing wat buite die familie van Christus is.
- Die gemeentelede weet nie hoe om seksuele aangeleenthede te hanteer nie. Seks is vandag die hoofbron van probleme in Namibië. Homoseksualiteit, prostitusie en MIV/VIGS moet aangespreek word. Hierdie areas is oop vir dienslewering.

3.2 Ten opsigte van die woonbuurtes rondom die gemeentes, word aandag bestee aan armoede, werkloosheid, ongeletterdheid, straatkinders.

- Sake in die omgewing wat die Kerk se aandag benodig is ouerskapvaardighede, probleemoplossingstegnieke, die wanbestuur van seks en die vrou tussen die ouderdom van 30-39 met 'n kind. Hierdie diensareas is onaangeraak.

3.3 Namibië is een van die mees geëwangeliseerde lande in die wêreld, maar dit blyk dat die geestelike diepte baie oppervlakkig is.

- Die diensleweringarea vir die Kerk lê op die vlak van grootskaalse onkunde (ignorance), kulturele en tradisionele projekte wat afbrekend is en groei en ontwikkeling strem, die gebruik om 'n leier ten alle koste te volg en die VIGS pandemie.
- Bybelse standarde is nie deel van die lewens-beskouing van die grootste gedeelte van Namibiërs nie. Die NG Kerk word geroep om hierdie taak uit te voer.

Bylae 3 tot die Notule

Preek tydens die massadiens op 12 Oktober: Ds SW Pienaar

AANVAAR ASSEBLIEF JOU VERANTWOORDELIKHEID!

SKRIFLESING: EF.4:1-2

Die mense sê die NG Kerk is in 'n krisis: So skryf die koerante. So sê mense om braaivleisvure. So skryf hulle in boeke. So voel baie van ons – partykeer ekself!

Dit is ook nie noodwendig sulke slegte nuus nie, mits mens net sou verstaan dat *krisis* nie net beteken gevare, probleme en lamlê nie. Dit beteken ook geleentheid, kans, opgewondenheid.

En as dit waar is van die NG Kerk, sê ek “ja” vir krisis – 1000 maal “ja”!

AS KRISIS BETEKEN dat ons nou binne-in 'n geleentheid staan, 'n kans om opnuut na God te luister, 'n kans om opnuut te hoor wat God vir ons in gedagte het, 'n kans vir 'n nuwe opgewondenheid om ons roeping op te neem, dan moet u saam bly wees dat die NG Kerk in krisis is. Dan het ons nou die wonderlikste geleentheid om ons verantwoordelikheid te aanvaar.

Ek dink dis min of meer wat Paulus oor eeu heen van sy lesers vra: Aanvaar asseblief jou verantwoordelikheid, lewe in lyn met jou roeping.

Wanneer hy dit doen, kom dit op uit wat hy reeds vir hulle geskryf het.

- V4: Uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees
- V5: Ons is bestem om sy kinders te wees
- 1:10: Sy bedoeling was om alles, hemel en aarde, onder een Hoof te verenig.
- 3:7: Ons lewenstaak is om mense te help verstaan hoe om te reageer op die evangelie.
- 3:9: Ons taak is om bekend te maak wat God gedoen het.

Kortom: Om God en sy daade sigbaar te maak, om mense te help om God te sien. Het jy al vanoggend vir God gesien? Kan 'n mens God sien?

‘n Mens kan God sien! In die manier hoe God se mense Hom aanbid, vir mekaar sorg en in die wêreld lewe. Dit is die taak, roeping en verantwoordelikheid van die kerk

Met ander woorde, mense wat geen idee het hoe God lyk nie, hoe sy karakter is nie, wat sy doel en plan is nie, kan maar kerk toe kom. Daar moet hulle God sien. Nie in 'n vertoonkas of die foto's in die konsistorie nie. Maar in hoe die kerk lewe. Hoe daar aanbid word. Hoe mense met mekaar omgaan. Hoe hulle in die wêreld optree.

Dit is die kerk se roeping – om 'n venster op God te wees.

In die voorafgaande gedeelte verduidelik Paulus die kerk is mense wat nutgemaak is, wat ingeskakel is by die Godsvolk. Hulle is burgers van 'n nuwe Koninkryk. Hulle is nou mense wat leef onder die heerskappy van God.

Die werk van hierdie mense is om die Koninkryk van God in die wêreld te bring sodat al meer van die wêreld dinge sal begin doen soos wat dit daar bo gedoen word.

Dit is egter nie net wat die kerk doen nie. Ook deur hoe die kerk is, deur wie die kerk is en hoe die kerk lewe, bied ons 'n venster op God.

Hoe die kerk is en optree, word 'n vertelling, 'n voorprent van die lewe onder God se Baasskap.

Wanneer die kerk lewe onder die Baasskap van God, as sy lewe in ooreenstemming met haar roeping, word dit 'n lusmaker, 'n uitnodiging om ook te kom deel word. 'n Uitnodiging om in te val en om God te aanbid.

Wie die kerk is en hoe dit kerk lewe, wys na God toe.

Daarom dat Paulus vir die kerk, vir óns, skryf: *Ek pleit by jou, ek smeek jou, lewe waardig aan die roeping waartoe jy geroep is. Vat jou verantwoordelikheid voluit. Moet glad nie daarvoor terugdeins nie. Moenie op jou hande bly sit nie.*

Met alle moontlike nederigheid, sagtheid, met geduld, moet julle mekaar in liefde aanvaar. Probeer met alles wat julle het om die eenheid wat die Gees tussen julle bring, te behou.

Omdat die kerk nuwe mense is wat een gemaak is (2:15, 16) kan daar mos nie meer traak-my-nie-agtigheid oor mekaar wees nie, kan daar nie tweespalt en verdeeldheid of afguns, rusies en woede wees nie. Dit sou totaal uit plek wees.

Hoe ons in die kerk met mekaar maak, hoe ons met mekaar praat, hoe ons ván mekaar praat, hoe ons vir mekaar sorg, dit is om vir ander te sê: Kyk! Só lyk die lewe waar God in beheer is. Só lyk God!

Die kerk se mense is burgers van 'n nuwe Koninkryk. Mense wie se lewens gekenmerk word deur nederigheid, sagtheid en deernis, geduld.

As jy wil weet hoe lyk nederigheid, moet jy na Jesus kyk. Hy wat bereid was om Homself nie eerste te stel nie. As jy wil weet hoe lyk deernis en sagtheid, kyk na sy optrede. As jy wil weet hoe lyk geduld, hoe lyk sy geduld met jóú?

Lê julle daarop toe, doen alles moontlik, sit elke stukkie krag in: jou wil, jou rede, jou fisiese krag, jou emosie, jou gesindheid. Werk hard daaraan. Letterlik gesê: Vat pyn om die eenheid wat die Gees bewerk het, te behou. Paulus vra nie ons moet die eenheid bewerk nie. Die Gees het dit reeds gegee. Die eenheid van die kerk rus nie op enigiets anders as die eenheid van God nie. Die kerk is mense wat nuutgemaak is. Hulle is nou ingeskakel by die Godsvolk. Hulle het nou burgers van 'n nuwe Koninkryk geword. Hulle is tot een, nuwe mensheid verenig. Die werk van die kerk is om die Koninkryk in die wêreld te bring. Hierdie mense moet nou waardig hierdie roeping lewe.

Hoe dink jy? Is dit wat gebeur? Mens moet verstaan: dit is nie opsioneel nie. Dis nie een van tien moontlike opsies om van te kies nie. Dis nie as jy dalk lus is nie. Dit is 'n roeping om uit te leef.

Hoe dink jy? Kan mense maar by die NG Kerk kom kyk hoe lyk God? Kan mense wat nie 'n idee het hoe God lyk nie, in ons aanbidding sien hoe lyk God? Ook in ons eredienste? Kan mense in hoe ons mekaar versorg, hoe ons met mekaar maak, dit is in ons uitreik en omgee, hoe ons betrokke is by mekaar, van mekaar praat, kan mense daarin sien hoe lyk God? Dink jy die NG Kerk word uitgeken deur nederigheid. Sal mense wat God nog nooit gesien het nie, in die kerk se lewe kan sien dat

God Homself en sy belange nie eerste gestel het nie? Is sagtheid en deernis deel van ons mondering? Hoe is die kerk betrokke by VIGS en armoede, die seer en nood van mense? Hoe is dit gesteld met ons geduld? Met mense wat ander is, wat anders doen en dink as jy? Dink jy die NG Kerk is besig om haar daarop toe te lê om die eenheid wat die Gees bewerk het, te behou? Is ons besig om hard daaraan te werk? Mens kan hierdie vrae vêr van jou lyf af hou – jy kan aan ander mense dink.

Maar dink jy jou bydrae in die kerk maak dat mense wat jou in verhouding met ander in die kerk sien, daardeur lusingemaak word oom ook te kom inval? Dink jy oor hoe jy van die kerk praat, en van ander in die kerk praat? Dink jy oor hoe jy by die nood van mense betrokke raak? Oor hoe jy oor VIGS-mense dink, praat en doen? Verander die gemeente in 'n lokfilm wat vertel hoe 'n lewe lyk wat onder bewind van God staan? Dat dit mense lus maak vir die hemel?

Dink jy hoe jy help om die verskille en andersheid van ander in die kerk te hanteer sodat mense iets kan raaksien van God?

Dit het ook nie net te doen met die kerk se binnekant nie. Watter beeld van God kry mense wat niks van Hom weet nie, as hy/sy met die NG Kerk in ons land te doen kry? Hoe lus kry mense om in te val daarby om God te aanbid as hulle sien hoe jy optree? As hulle sien hoe jy jou beywer vir saamwerk, vir verhoudingsbou?

Watter bydrae lewer jy in die verband? Is jy regtig bereid om alles moontlik te doen, om die pyn te vat om die eenheid te behou wat die Gees bewerk het?

As dit waar sou word, binne én buite die gemeente, is ons as nuwe mense besig om waardig ons roeping te lewe. Sal mense deur wie ons is, deur hoe ons is vir God kan sien.

Natuurlik hou ons huidige situasie gevare in. Die goed wat negatief is, dreig om ons lam te lê. Maar voor dit alles staan ons in die wonderlikste geleentheid ooit. Die geleentheid om ons verantwoordelikheid te aanvaar, om God in hierdie land sigbaar te maak.

Ek wil vanoggend by jou, lidmaat van die NG Kerk, kom pleit – by jou kom smeek: *Aanvaar asseblief jou verantwoordelikheid om in lyn met jou roeping te leef.* Amen

Bylae 4 tot die Notule

Preek tydens die aanddiens op 12 Oktober: Prof Jurgens Hendriks

DIE TOEKOMS VAN DIE KERK DIE KERK VAN DIE TOEKOMS

Skriflesing: Prediker 1:12-13

INLEIDING

Vertel die storie van die *International Society for the Study of Reformed Communities* konferensie waar Jane Chikakuda die verhaal van die *Igreja Reformada em Mozambique* vertel en die Nederlanders die gesprek stop en vra of dit kan waar wees. Twee dae later vra 'n Nederlander dat ons saam afsluit en hande hou en die Onse Vader bid!

Mense uit Afrika wat in omstandighede van ongelooflike armoede en ontbering leef vertel van 'n kerk wat groei en waar wonderwerke gebeur wat klink asof hulle uit die boek *Handelinge* aanhaal. Mense uit Europa en Amerika wat in omstandighede van ongelooflike bevoorregting en aardse sekuriteite leef en waar die kerk besig is om lidmate te verloor en te sterwe, kan die stories uit Afrika feitlik nie glo nie.

As hulle ons skrifgedeelte uit Prediker kon onthou, sou hulle waarskynlik beter geweet het. Die Prediker was een van die wêreld se grootste geleerdes. Hy het opgemerk dat mens in die wêreld, in die geskiedenis bepaalde patrone kan opmerk: tye waarin jy bepaalde verskynsels waarneem, tye waarin die teenoorgestelde tendens na vore tree.

Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

**WATTER TYD IS DIT IN NAMIBIË?
HOE LAAT IS DIT HIER?**

Laat ek vir u 'n paar prentjies wys:

- Nederland 1900: 97%, 2000: 44%; verloor 100,000 lidmate per jaar.
- Brittanje: 7.5% mense woon Sondag eredienste by, 4% jongmense;
- Kanada: kerklidmaatskap en – bywoning het tussen 1960 en 2000 halveer;

- VSA: kerkbywoning bly redelik konstant rondom 20% maar vervlak voortdurend;
- In SA is daar twee bewegings: aan die een kant het die persentasie wit en bruin mense wat hulle met die Christelike kerk assosieer, begin daal. Tweedens is 'n duidelike skuif weg, 'n migrasie, van die Gevestigde Kerke soos die NGK familie na Pinkster en Nuwe Onafhanklike Kerke.

Ons is in SA as't ware op 'n mespunt: dit is asof die kerk, die NGK spesifiek, die kans en geleentheid het om te besluit of sy wil deel wees van die kerk wat sterf of deel wil wees van die kerk wat groei.

Ek het nie die statistiek van Namibië tot my beskikking nie, maar die tipe patrone waarvan ons praat, is so konstant in Westerse gemeenskappe, dat dit waarskynlik ook by u van toepassing sal wees.

Elkeen van u persoonlik, elke gesin, elke gemeente staan, meestal onbewustelik, voor die keuse of hulle geestelik geleidelik gaan sterf en of hulle opnuut die Here gaan leer ken en gehoorsaam en deur die Heilige Gees vervul gaan word en deel word van 'n oorvloedige lewe waar hulle hulle kinders en kleinkinders nog gelowig gaan sien.

PRED 3:15 sê: Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

Daar is 'n tyd waarin kerke groei en daar is 'n tyd waarin hulle sterf.

WANNEER VERLOOR 'N KERK SY TOEKOMS? WANNEER VERLOOR MENSE DIE HERE AS VERLOSSER?

Daar is 'n basiese patroon in die geskiedenis: as mens die Here nodig het en in ootmoed na Hom gaan, hom gehoorsaam en dien, dan seën Hy jou op die lang termyn. As dit eers 'n geslag of drie goed gegaan het, vergeet jy die Here en stilweg, stadig kruip die sonde onder jou vel in en word dit deel van jou lewenspatroon en maak dit jou geestelik dood. Lees gerus die boeke Rigtters tot Kronieke en Deut 8 hieroor.

Die oorsaak van hierdie patroon het 'n baie spesifieke skakelaar in die hele Westerse wêreld en spesifiek in SA. Vir 1600 jaar leef ons in 'n situasie waarin die kerk en die staat as 't ware saamgewerk het. Tot 1990 het die staat in Namibië Christelike morele waardes met wetgewing beskerm. In die proses het ons geestelik onfiks geword om self teen wat verkeerd en sondig is te kies. Na 1990 is ons oorweldig deur 'n hele reeks nuwe dinge waarteen ons skynbaar geestelik weerloos is. Daar is by ons 'n totale onvermoë om te sien in watter mate die evangelie deur die kultuur geskaak en gekompromitteer is.

Ek wil dit graag aan u probeer illustreer. Sonder om enige kommentaar te lewer wil ek vir u vra wat die volgende uiters gewilde items op televisie van ons samelewing sê:

- Gladiators
- Sport en die mag agter sport
- Die lotto en casino's
- Idols
- Big brother
- Al die sepies

Die oorhoofse werklikheid waarin ons lewe is 'n wêreld waarin die rykes ryker word en die armes armer word en waarin almal jaag om in die ryk wêreld in te kom om van sy brood-en-spele kultuur te kan ervaar.

In so 'n wêreld is iets fundamenteel verkeerd. In die huise waarin daar na hierdie ideale gestreef word, sterf ons en ons kinders 'n onopsigtelike langtermyn geestelike dood. **As die kerk nie 'n sendingkerk is nie maar 'n "hou my gewete skoon kerk, hou die strukture instand kerk," sterf daardie kerk oor 'n periode.** Die ergste is dat dit 'n bekende verskynsel is, in elke eeu van ons wêreld se bestaan kan jy dit illustreer. Die Prediker het gesê:

Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

DIE KERK VAN DIE TOEKOMS

As wat die prediker gesê het, waar is, kan ons die geheim van die kerk van die toekoms in die verlede nagaan. As wat gaan gebeur alreeds gebeur het, kan mens mos in die verlede gaan kyk om te leer oor die kerk van die toekoms!

Dit is presies wat ek ten slotte wil doen. Ek wil vir julle uit die boek van Rodney Stark: *The Rise of Christianity* (San Francisco: Harper Collins 1997), vertel wat die redes is wat hy aanvoer hoekom die kerk so 'n ongelooflike

groeiperiode beleef het na die dood en opstanding van die Here Jesus Christus tot en met die jaar 350 n.C. Van ongeveer 7000 vervolgde gelowiges in die tyd van Handeling 2 groei die kerk oor 300 jaar teen 40% per dekade totdat hulle omtrent 33 miljoen mense tel uit 'n totale bevolking in die Romeinse Ryk van 56 miljoen.... 33 uit 56 miljoen!

Stark sê die geheim vir die groei van die Christelike kerk is eintlik basies en eenvoudig. Jy kan al die beginsels in die Bybel self sien. *Hoe het dit gebeur? Ek wil vyf redes uit die boek met u deel:*

1 *Die Christene het anders as die wêreld geleef: vgl Paulus se vermaninge:*

Ef 4 Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. ²Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. ³Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

Kol 4 ⁵Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid. ⁶Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.

Christene was nie TV-sepie standaard mense nie. Die mense in die sepie is soos die swarthaakbosse in die Kalahari, nes jy aan hulle raak, krap en steek dit. In 'n lewende kerk vind jy egter olyfboom-mense. Hulle lewens lewer 'n vrug wat lig gee, genees, voed. Die kerk het net 'n toekoms as Christene weer bereid raak om nie die "idols" en "big brothers" van die lewe se voorbeeld en lewenstyl na te volg nie.

Die evangelisasie metode van die vroeë kerk, hulle sendingwerk, was in die eerste plek NIE PREDIKING NIE, nie EE III of spesiale predikers en sendingorganisasies nie. Dit was doodeenvoudig die normale lewe en getuie van die normale gelowige. Mense is tot gemeentes toegevoeg nie deur die werk van die dominee of die evangelisasie-kommissie nie maar deur by Christen gesinne, huiskerke in te skakel!

PRED 3:15 sê: Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

2 *Christene het vir mekaar en ander uit liefde versorg*

In die periode van 300 jaar was daar twee ongelooflike groot epidemies in die Romeinse ryk. In 165-180 n.C. is ongeveer 'n kwart tot 'n derde van die mense in die Romeinse Ryk dood. 'n Honderd jaar later was dit weer so. Toe die epidemie op sy ergste was, is ongeveer 5000 mense per dag in Rome alleen oorlede.

Die Christene het in die periode veel beter as enige ander groep oorleef omdat hulle na mekaar en na siekes omgesien het. Christene het vir mekaar en ander gesorg. Na elke epidemie was die persentasie Christene wat deel was van die totale bevolking veel hoër en het mense baie meer respek vir die gemeentes van Jesus Christus gehad as daarvoor.

So naas as wat dit mag klink: die kerk het geen groter evangelisasie geleentheid in Afrika as die HIV/VIGS epidemie nie. Dit sal ons grootste toets wees.

PRED 3:15 sê: Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

3 *Christene het hulle huwelik- en gesinslewe volgens die Bybel se beginsels ingerig*

Die Christene se seksuele lewe en moraliteit het nie die pad van die wêreld gevolg nie. As u die NT lees sal u sien hoeveel klem daar op die huwelik en gesin en op Christelike morele waardes wat betref die seksuele lewe gelê is. Daar word in die NT briewe teen niks meer gereeld en dringend gewaarsku as teen 'n sedelose lewe, teen owerspel en rondslap nie.

Wat vir my die verrassende van die boek was, was om te lees watter rol "hardcore sex" in die Romeinse Ryk gespeel het. Homoseksualisme was aan die orde van die dag. Aborsie was so algemeen dat dit een van die groot oorsake was waarom die ou stede se rioolstelsels verstopt het. Die Christene het hulle basies daarvan weerhou. Een rede waarmee dit bewys word, is die verhouding in die Romeinse Ryk tussen mans en vroue. Gewoonlik is daar in enige bevolking vir elke 100 vroue 98 mans. In die Romeinse Ryk was daar vir elke 100 vroue 131 tot 140 mans omdat soveel meisietjies na geboorte eenvoudig doodgemaak is. Dit alles het twee gevolge gehad: Die Christene het 'n baie hoër geboortesyfer as die ander gehad en daar was altyd meer vroue vir huwelike beskikbaar in die

Christelike gemeentes. Beide Paulus en Petrus gee gemeentes en vroue raad oor hoe om dit te hanteer. Vgl 1 Kor 7, Kol 3:18-19 en 1 Pet 3 as voorbeelde.

1 Petr 3. Die gedrag van man en vrou teenoor mekaar

Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.

³Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie. ⁴Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde. ⁵In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig. ⁶Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters.

⁷Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.

Die kerk en elkeen van ons se huwelike en gesinne het geestelik en moreel alleen 'n toekomst as ons gaan leer om 'n nuwe seksuele moraal en lewenstyl te ontwikkel. Ons het dit skaars begin hanteer.

PRED 3:15 sê: Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

4 *Christene was nie rassisties of seksisties nie*

Rasseverhoudinge: Beskryf die demografiese situasie in die Romeinse ryk en wys op die groot ooreenkoms met vandag. Die Romeinse Ryk was die eerste "globalisasie" periode in die geskiedenis. Dit is ingelui deur 'n doeltreffende pad en skeepsverkeer stelsel waarin rowers en seerowers doeltreffend bekamp is.

Die oorloë en gebrek aan geboortes het die Romeinse stede en platteland laat leegloop sodat mense van oor die hele destydse wêreld

soontoe ingevoer is. Jy kon in al die groot stede mense van elke volk en taal en nasie vind. U sal in al die briewe van die NT verwysings hierna kry. Behalwe dat daar groot onbehae oor die destydse godsdienste was, het die Christene die kulturele diversiteit, rasseverhoudinge, baie beter hanteer en was elke kerkbyeenkoms oop vir vreemdelinge. U sal Paulus se ernstige vermaninge en raad hieroor op min plekke duideliker sien as in 1 Kor 3, 11-14 en die hele brief aan die Efesiërs.

1 Kor 3 Verdeeldheid in die gemeente

¹⁰Ek doen 'n beroep op julle almal, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus, om eensgesind te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging. ¹¹Ek sê dit, my broers, omdat van Chloë se mense my vertel het dat daar onenigheid onder julle is. ¹²Daarmee bedoel ek dat een sê: "Ek is vir Paulus;" een: "Ek is vir Apollos;" een: "Ek is vir Sefas;" en een: "Ek is vir Christus."

¹³Is Christus dan in stukke verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig, of is julle in die naam van Paulus gedoop?

Die toekoms van die kerk, spesifiek die NGK hang af van hoe ons rasseverhoudinge gaan hanteer en of ons 'n weg sal kan vind om werklik oor alle grense uit te reik na "die ander".

PRED 3:15 sê: Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

5 Christene was betroubare en hardwerkende mense, jy kon op hulle reken

Werk: Christene was betroubaar, eerlik en hardwerkend. Hulle het as 't ware outomaties al hoe meer in die samelewing 'n rol begin speel en mense het hulle gesoek vir werk. Voorbeelde: Ef 5 en veral 6, Kol 3:22-4:1; 1 Pet 2:18-25; 2 Thes 3:6-13.

Op die ou einde het die Romeinse Keiser Konstantyn die Christelike Godsdienste in 313 na

Christus die staatsgodsdienste gemaak. Sy redes was eenvoudig: jy kon nie 'n ryk regeer sonder betroubare mense nie en Christene was betroubare mense. Hy wou hulle saak bevoordeel want hulle sou sy saak bevoordeel.

Ef 6: Eienaars en slawe

⁵Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is. ⁶Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. ⁷Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. ⁸Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.

Die kerk sal altyd 'n toekoms hê waar daar mense is wat so leef. Die prediker het gesê:

Wat is, was reeds. Wat kom, was ook reeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

SLOT

Niemand hoef enige twyfel oor die toekoms van die kerk te hê nie. Christus het die bose oorwin en het al die mag ontvang. As gemeentes Hom gehoorsaam en volg, sal hulle groei. As ons ons sonde kan besef en bely en ons voor God verootmoedig, verander God ons en maak hy ongelowige mense jaloers op gemeentes, op die God wat hulle aanbid.

Gemeentes is God se geskenk aan Namibië. Nie Paulus, Apollos, Christus of Sefas gemeentes nie: net gemeentes uit elke stam en volk en taal waar daar mense bymekaar is wat

beskeie, vriendelik en geduldig is en mekaar verdra in liefde...

waar die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, handhaaf word deurdat julle in vrede met mekaar lewe...

waar dit by die dominees begin.

Amen.

Besluiteregister

Hierdie Besluiteregister bevat nié besluite met betrekking tot verandering aan die Bepalings en Reglemente nie. Aangesien hierdie wysigings baie omvattend is, en reeds in beide die Tydelike Regskommissie se verslag en die Notule volledig opgeneem is, is besluit om dit nie weer in die Besluiteregister te herhaal nie. Alle wysigings aan Bepalings kan deur middel van die Sakeregister baie maklik in die notule self opgespoor word. Die gelyste besluite is alfabeties georganiseer.

1. Afvaardiging: Algemene Sinode 2004

Indien die formaat en vergaderplek van die Algemene Sinode 2004 sou verander, soos wat tans in beplanning is, kan die getal afgevaardigdes aangevul word deur die SK tot die regmatige konstitusionele getal. Die kostefaktor moet bepalend wees.

2 Ampsbevoegdheid: Alfred Marinda

Die sinode versoek die Sinodale Regskommissie om weë te probeer vind waarlangs Broer Marinda predikantsbevoegdheid kan bekom – al is dit ook net beperkte bevoegdheid vir bediening aan Samsense.

3 Appèlkommissies en ondersoekliggame

Die Sinode verwys die vraag of ondersoekliggame en appèlkommissies staande of ad hoc kommissies moet wees na die Sinodale Regskommissie vir studie en verslag.

4 Appèlliggame, Jurisdiksie van

Die sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om die jurisdiksie van appèlliggame wat buite Namibië gesetel is asook die implikasies van die feit dat Namibiese predikante se ampsbevoegdheid deur die Algemene Regskommissie hanteer word, te ondersoek met verslag aan die sinode. Die Algemene Regskommissie moet tydens die ondersoek geraadpleeg word.

5 Bagani - Hulp met oprigting van kerkgebou

Die sinode versoek die Taakspan vir Getuienis om deur die OKC-Beheerraad hulp te fasiliteer met die oprigting van 'n kerkgebou te Bagani.

6 Brief van Moderator van Algemene Sinode

Die sinode verwys die beweerde foute in die brief van Dr Coenie Burger na die Taakspan vir Leerstellige Sake vir ondersoek, met verslag

aan die Moderatuur. Die Moderatuur moet dan handel na bevind van sake.

7 Diensgroep vir Uitbreiding, Nuwe Reglement vir

Die hele saak word 'n agendapunt vir die Getuienis-Taakspan om die saak te ondersoek en verslag aan die Moderatuur te doen.

8 Diensooreenkoms predikante - hersiening

Aangesien die Algemene Sinode KO Art 12 ingrypend gewysig het, dra die Sinode dit met volmag aan die Diensgroep Administrasie op om, in oorleg met die Sinodale Regskommissie, die Konsepdiensooreenkoms vir predikante te hersien.

9 Eweredige Bydraes, Hersiening van Formule

Die Sinode gee opdrag aan die Bestuursdiensgroep om

1.1 die formule vir eweredige bydraes te hersien;

1.2 'n strategie daar te stel om die bedieningsbehoefes van lidmate in Namibië te bepaal, en indien nodig herontplooiing van gemeentes / bedieninge daarvolgens te inisier.

10 Goedkeuring van die handeling van die sinodale kommissie

Die Sinode keur die handeling van die Moderatuur en Sinodale Kommissie, soos gerapporteer in Verslag A2, goed.

11 Grondhervorming

2.1 Die Sinode versoek Kerkrade om hulleself op hoogte te bring van die studiestuk oor Grondhervorming deur die Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

2.2 Die Sinode gee opdrag aan die Taakgroep vir Leerstellige Sake om die studiestuk van AKLAS te kontekstualiseer vir die Namibiese situasie.

12 Implementering van nuwe struktuur

3.1 Die Sinode besluit dat die nuwe bepalings onmiddelik in werking tree met inagneming van 3.5 hier onder.

3.2 Die Sinode besluit dat vorige termyne wat 'n persoon as moderator gedien het (vgl nuwe Bepaling 35.2.3.1.1.3), nie by die oorskakeling na die nuwe struktuur in ag geneem word nie.

3.3 Die Sinode besluit dat die Renovaré-bestuur voortbestaan totdat die nuwe struktuur volledig in plek is en funksioneer.

3.4 Die Dagbestuur van die Moderatuur en die Renovaré-bestuur (vgl die nuwe Bep 35.2.3.3.2) begelei die proses om te verseker dat

* die struktuur en funksionering van die Sinode, met inagneming van die beskikbare bronne en kapasiteit, so volledig as moontlik ooreenstem met die Roepingsverklaring van die 2003-Sinode;

* die oorgang vanaf Renovaré na 'n normale sinodale funksionering volgens die nuwe strukture so gou en effektief moontlik realiseer.

3.5 Om die doelstellings in 3.2 genoem, te kan verwesentlik gee die Sinode aan die Sentrale Bestuursdiensgroep volmag om noodsaaklike aanpassings aan die struktuur te doen of sekere nuwe bepalings eers met verloop van tyd in werking te stel.

3.6 Die Moderatuur en Renovaré-bestuur onderhandel met die gemeente in wie se diens die moderator staan, om vir 'n sekere deel van die leraar se gemeenteverpligtinge vrygestel te word ter wille van moderatuurspligte en ander verwante sinodale verantwoordelikhede.

3.7 Die Sentrale Bestuursdiensgroep van die sinode herevalueer die verantwoordelikheid en taakoms krywing van die pos van Saakgelastigde en herstruktureer die pos dienooreenkomstig.

3.8 Die Sinode skep 'n termynpos vir vier jaar vir 'n predikant in Sinodale diens met opdrag ontwikkelingshulp aan gemeentes. Die doel van die pos is om ontwikkelingshulp, wat Renovaré die afgelope twee jaar aan gemeentes gegee het, uit te brei, te bestuur, en te struktureer. Die strategie moet wees om gemeentes in staat te stel om hulself te verstaan en uit te leef as geskenke van God aan die land en sy mense.

3.9 Die Sinode besluit dat die Reserwefonds wat N\$1685125 bedra op 31/3/03, aangewend word vir die Renovaré aktiwiteite wat insluit die vergoeding van die beoogde nuwe termyn

PSD-pos, en ook die vergoeding vir dienste van die Moderator.

3.10 Die sinode gee volmag aan die Sentrale Bestuursdiensgroep om die doelstellings van die Gemeente Ondersteuningsfonds te herdefinieer en aan te wend vir Renovaré projekte.

3.11 Ten opsigte van die sinodale werksaamhede van onder andere die gemeente-, leierskap- en gemeenskapontwikkeling, besluit die sinode om samewerking te soek met bestaande rolspelers op die terrein van kerklike en ander hulp-instansies, koördinasie, vennootskappe en samewerking met organisasies soos byvoorbeeld CCN, Namibiese Sendingsentrum, Life Change Centre, NETS, BUVTON en ander ekumenies gemotiveerde diensorganisasies behoort prioriteit te geniet.

3.12 Ten opsigte van persone wat spesialisdiens lewer binne die hulpprogram aan gemeentes, word oorweging geskenk aan die moontlikheid van kontrakwerk en deelyddiens. Die kapasiteit ten opsigte van gawes en ervaring van die kerk se lidmate en predikante moet so volledig as moontlik benut word.

13 Kategese

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie opdrag om Bepaling 50.1 in oorleg met die Diensgroep vir Gemeentelike Roeping te hersien en die volgende vergadering van die Sinode met voorstelle hieroor te dien.

14 Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die NGKN -2001-uitgawe

Die sinode keur die nie-publikasie van 'n nuwe uitgawe van die Kerkorde en Bepalinge in 2001, goed.

15 Kerkordeboek 2003

Die sinode geen aan die Sinodale Regskommissie opdrag om die rubriek *Keur van belangrike Sinodebesluite* deeglik te hersien.

16 Kerkraadslede, Dienstyd

2.1 Die Sinode vervang die bestaande Bepaling 15.4.1.1 met: Kerkraadslede word vir 'n termyn soos deur die kerkraad bepaal verkies ('n maksimum van 5 jaar). By die verstryking van hierdie termyn kan die betrokke herkies word. Na twee termyne kan 'n persoon slegs vir 'n derde of verdere termyn herkies word na motivering aan en goedkeuring deur die ring/ringskommissie. (Twee-derde meerderheid.)

17 Kersfonds vir Namibië

Die volgende voorstel word 'n besluit van die vergadering: Die Namibiese sinode besluit om met onmiddellike effek 'n eie kersfonds te begin vir ons eie behoeftes. (Voorsteller: HB Olivier, Sekondant: JJ Schoeman)

18 Korrektheid en geldigheid van vergaderingsprosedure

Die sinode besluit om handelinge tydens hierdie vergadering wat in stryd met die reglement van Orde was, te kondoneer en vir die res van die vergadering Reglement A1 in ooreenstemming met Bepaling 35.1.4 op te skort waar nodig. Goedgekeur met tweederde meerderheid.

19 Maatskaplike Werk: Roeping

Die sinode keur die geformuleerde roeping vir Kerklike Maatskaplike Werk goed en gee opdrag aan die Taakspan vir Maatskaplike Werk om in die reses hieraan gevolg te gee.

20 Moderatuur: Verkiesing

Die sinode besluit

1 om in terme van Bepaling 35.1.4 die bepaling insake die verkiesing van die Moderatuur (Reglement A1, Reglement van Orde, punt 6.1) op te skort. Goedgekeur met twee-derde meerderheid.

2 dat die uittredende Moderatuur die leiding van hierdie vergadering waarneem.

21 Moderatuur: Verkiesing

Die sinode besluit om die moderatuur te vergroot deur die verkiesing van twee ouderling/diakens as addisionele lede. Die bestaande bepaling 25.2.1.2.4. word dienooreenkomstig gewysig. Goedgekeur met tweederdemeerderheid

22 Pensioenfonds, Verpligting om deel te neem

Die Sinode herformuleer die bestaande Bepaling 13.2.1 (en daarmee ook die voorgestelde nuwe Bepaling 13.2) om te lees: Die kerkvergadering voorsien vir elke werknemer in sy diens 'n pensioen in die Dutch Reformed Church Retirement Fund. Die werkgewer en werknemer onderhandel, in ooreenstemming met die reëls van dié fonds, oor die pensioenbydrae. (Hiermee is Verslag A4, punt 13.2 afgehandel.) (Twee-derde meerderheid.)

23 Posisionering van NETS

Die Sinode keur in beginsel goed dat Teologiese Opleiding na die Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers verskuif.

24 Registerafskrifte

Die Sinode voeg die volgende by Riglyn R2:4.1 toe: "Name van persone wat in dieselfde jaar waarin hulle aankom of belydenis aflê of gedoop word, na 'n ander gemeente oorgeplaas word, moet in die gemeente se afskrifte opgeneem word. Persone wat vertrek, maar nie in die verslagjaar gedoop is óf belydenis afgelê het óf aangekom het nie, word nie in die afskrif van die register aangeteken nie."

25 Reiskoste vir vergaderings

Die Sinode handhaaf sy besluit dat die kilometerbedrag vir reise in belang van die sinode onderneem, op die gemiddelde tussen die lopende- en vastekoste komponente vir 'n 1800-voertuig, soos weergegee in die AA-tabelle, vasgestel word.

26 Ringskommissie: Reglement

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie volmag om die Reglement vir die Ringskommissie aan die hand van die nuwe bepaling te hersien en in die nuwe uitgawe van die Bepalinge en Reglemente op te neem.

27 Roepingsverklaring

Die sinode keur die volgende roepingsverklaring goed:

1. Ons glo die lewende Here het Hom aan ons verbind. Aan hierdie verbintenis hou ons vas. Net die evangelie van Jesus Christus bring heelheid en vrede. Christus maak ons profete wat hierdie evangelie oral met integriteit verkondig. Ons getuig van hierdie hoop wat in ons leef.

2. Jesus het gesê ons moet mekaar liefhê. Soos Christus ons liefhet, moet ons ook mekaar liefhê. As ons mekaar liefhet, sal almal weet dat ons sy dissipels is. In gehoorsaamheid aan ons Koning Jesus, vat ons met alle Christene hande om saam te werk sodat die Koninkryk kan kom.

3. God roep ons om hier in Namibië die volheid van Christus se liefde te leef. Dit doen ons as priesters deur daadwerklike aksies van diens en opoffering. Ons is geroep om te wees wie ons in Christus is: Sout vir die aarde en lig vir die wêreld.

4. Ons glo in Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel, wat sit aan die regterhand van die Vader, wat weer sal kom in heerlijkheid, wie se Koningsheerskappy

geen einde sal hê nie. Daarom gaan ons die toekoms hoopvol en met verwagting tegemoet.

Ons het 'n Here. Ons is sy Kerk. Ons het 'n toekoms.

28 Sinodale kollektes, Lys van

Die Sinode besluit dat die volgende Sinodale Kollektes vanaf 1 April 2004 opgeneem moet word:

- 1 Namibia Evangelical Theological Seminary (NETS)
- 2 Stranddienste
- 3 Hendrik Nell Studiefonds
- 4 Gemeente Ondersteuningsfonds
- 5 Christelike Alkoholiste Diens (CAD)
- 6 Huis Maerua (NG Kerk Kinderhuis)
- 7 Bybelgenootskap van Namibië
- 8 Biblia Walvisbaai
- 9 Algemene Bedieningsfonds
- 10 Hugenote Kollege
- 11 Teologiese Fakulteite
- 12 Christelike Lektuurfonds (CLF)
- 13 Kerklike Maatskaplike Rade (KMR)
- 14 Jeugbediening

29 Skoolverlaters, Staking van kollekte

Die sinode besluit om die Skoolverlatersfonds, Staptoerfonds en SJK-fonds te kombineer met die oog op die befondsing of subsidiëring van jeugaksies deur gemeentes. Hierdie fonds word deur 'n verpligte sinodale kollekte aangevul.

30 Skrifgesag

1.1 Die Sinode neem kennis van ds AJ Bezuidenhout van Hentiesbaai se kommentaar aangaande die studiestuk van die Algemene Sinode oor die gesag van die Skrif.

1.2 Ds Attie Bezuidenhout kry geleentheid om die sinode toe te spreek. Hy doen 'n beroep op die sinode om NGB 2-7 opnuut te bestudeer en daarom die Woord van God as die waarheid te aanvaar en te bely.

1.3 Die Sinode versoek Kerkrade om opnuut NGB Art 2 tot 7 te bestudeer as riglyn aangaande Skrifgesag en dan hulle kommentaar oor die Algemene Sinode se verklaring insake Skrifgesag deur te gee aan die Taakgroep vir Leerstellige Sake vóór 31 Maart 2004.

1.4 Die Sinode versoek die Taakgroep vir Leerstellige Sake om 'n verslag op te stel na aanleiding van die kommentaar deur kerkrade en dit voor te lê aan die volgende Sinode van Namibië vir besinning

31 Teologiese Opleiding

Die Sinode gee aandag deur sy Taakspan vir Ontwikkeling van Gemeenteleiers aan die ver-Namibisering van teologiese opleiding vir die NGKN.

32 Verblyf aan afgevaardigdes, etes en verversings

Die Sinode besluit dat geen daggeld aan afgevaardigdes self uitbetaal word nie. Gashere wat afgevaardigdes huisves is geregtig op N\$50 per dag.

33 Verhouding met VGKSA

1. Die Sinode herbevestig die belangrikheid van bilaterale gesprekke tussen die NG Kerk en VGKSA (Namibië);

2 Die Sinode spreek die behoefte uit dat die volgende Skrifgetuienis in die verhouding tussen die twee kerke waar sal word:

2.1 In 1 Joh 1:9 lees ons: "As ons ons sonde bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig." Die Here vergewe ten volle.

2.2 In Mat 6:14 en 15 lees ons: "As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie." Kan ons 'n rede aanvoer waarom ons dus mekaar nie kan vergewe nie?

2.3 Goedgekeur soos geamendeer (GL Buys, AJ Bezuidenhout): In Jes 43:25 lees ons, "Ek, Ek is dit wat jou oortredings uitdelg om my ontwil en aan jou sondes dink Ek nie" Ons is so bly dat die Here ons sondes vergeet. Daarom moet ons mekaar se foute vergewe en vergeet en saamwerk vir ons roeping in Namibië.

2.4 In Kol 3:12 – 15 lees ons: "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar." Hierdie drievoudige opdrag: "Vergewe mekaar," "julle moet mekaar liefhê" en "julle is immers geroep om as lede van een

liggaam in vrede met mekaar te lewe” moet ons vertrekpunt, ons dryfkrag en ons doel wees.

3 Die Moderatuur word gevra om spesifiek navraag te doen oor wat verhinder hierdie Skrifgetuienis om waar te word .

4 Gemeentes word eweneens gevra om op plaaslike vlak hieroor gesprek te voer met VGK-buurgemeentes.

5 Die volgende voorstel (HJM Oosthuizen / HJ van Zyl) word besluit van die vergadering: Gemeentes word versoek om daadwerklik uit te reik en voort te gaan met pogings om uitdrukking te gee aan die eenheid wat die Gees reeds tussen ons gesmee het (Ef 4:3).

34 Verlof: Sinodale personeel

Die volgende voorstel (HJ van Zyl / HJM Oosthuizen) word ‘n besluit van die vergadering: Uit dankbaarheid vir hulle dienste onder moeilike omstandighede gelewer, besluit die sinode dat

1 aan personeel van die Kerkkantoor, nl ds C Marais, mnre JH le Grange en F du Toit en mee

S Möller en A Becker elk een week verlof addisioneel toegestaan word; en

2 die kerkraad van Lüderitz versoek word om aan dr Hennie Grobler ook een week addisionele verlof te gee;

3 die bestuur van die JT Potgieter-tehuis gevra word om ‘n ekstra week verlof aan mnr S van der Merwe te gee vir sy dienste gelewer.

4 Hierdie verlof moet so gou as moontlik na afloop van die sinode en soos tyd en omstandighede dit toelaat, geneem word.

35 Vorms

Die Sinode gee aan die Sinodale Regskommissie volmag om, in oorleg met die Saakgelastigde, al die vorms aan die hand van die Kerkorde en die goedgekeurde bepalinge en Reglemente te hersien. Slegs vorms wat algemeen gebruik word, word in die uitgawe van die Bepalinge en Reglemente opgeneem word met ‘n verwysing dat die ander by die by die Sinodale Kantoor beskikbaar is.

Sakeregister **No index entries found.**